

DIE PLEK VAN DIE MENS IN DIE ETIEK VAN

H. M. KUITERT

'N KRITIESE BESPREKING VAN SY ETIEK TEEN DIE
AGTERGROND VAN SY VERNAAMSTE DOGMATIESE BESKOUINGS

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad Theologiae Magister
in die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

deur

Paulus Jacobus de Bruyn, B.A., Th.B.

Studieleier: prof. P. W. Buys

Pretoria

Desember 1977

In groot dankbaarheid teenoor die getroue Verbondsgod, wat die geleentheid bied en die lus en liefde skenk vir verdiepende studie - ook om die geeste te beproef - word hierdie verhandeling aangebied.

Om dit te kon skryf onder die leiding van professor P.W. Buys, was 'n voorreg. Sy wetenskaplikheid, maar ook sy inspirasie en meelewing het vir my baie beteken. Veral waardeur ek dit dat hy soveel opgeoffer het om my in staat te stel om die verhandeling betyds te kon voltooi.

Professor R.B. Zaaiman van Unisa het die verhandeling taalkundig hersien. Baie dankie.

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Sunny-side het by twee geleenthede aan my verlof toegestaan met die oog op verdere studie. Op hierdie wyse wil ek my dank en waardering teenoor hulle betuig. Ek wil ds. A. Lindhout ook hartlik bedank dat hy tydens die tweede periode van studieverlof al my verpligtinge in die gemeente op hom geneem het.

My opregte dank betuig ek ook aan my ouers en skoonmoeder vir hulle hulp en bystand.

My vrou het baie opgeoffer om my te help. Sy het ook hierdie verhandeling getik. Vir alles wat sy gedoen het, is ek baie dank aan haar verskuldig.

Mag hierdie studie diensbaar wees in die koninkryk van
God en help om die Gereformeerde teologiese etiek uit
te bou.

INHOUD

1.	INLEIDING	13
	1.1 Die objek van die studie	13
	1.1.1 H.M. Kuitert	13
	1.1.1.1 Kuitert as persoon	13
	1.1.1.2 Kuitert se etiek	13
	1.1.1.3 Die plek van die mens in Kuitert se etiek - 'n voorlopige analise	14
	1.2 Die doel van die studie	18
	1.3 Aktualiteit van die onderwerp	18
	1.4 Noodsaaklikheid van hierdie ondersoek	20
	1.5 Begrensing van die ondersoek	21
	1.6 Metode	22
	1.7 Werkplan	23
2.	KUITERT SE VERNAAMSTE DOGMATIESE BESKOUINGS	25
	2.1 Kuitert se leer oor God	25
	2.1.1 Die antropomorfismes	25
	2.1.2 God as Bondgenoot-God	27
	2.1.3 Om God te ken	28
	2.1.3.1 Die mens kan God ten volle ken	28
	2.1.3.2 God se openbaring en die mens se kennis	28
	2.1.4 God en sy bondgenootskaplike daade	30
	2.1.4.1 God word met sy daade geïdentifiseer	30
	2.1.4.2 Analogie tussen God en mens	31
	2.1.5 God en die geskiedenis	31
	2.1.5.1 God se Heer-wees van die geskiedenis	31
	2.1.5.2 God se openbaring in die geskiedenis	33
	2.1.5.3 God se daade in die geskiedenis	35
	2.1.5.4 Die syn van God in die geskiedenis	37
	2.1.6 God se mensvormigheid en liggaamlikheid	40
	2.1.7 Samevattende beoordeling	40

2.1.7.1	Dit is mensgesentreerd	40
2.1.7.2	Beperking van die Wese van God tot voordeel van die mens	41
2.1.7.3	Die mensvormigheid en liggaamlikheid van God	41
2.1.7.4	Alles word ingedwing in sy siening van God as die Bondgenoot-God	42
2.1.7.5	Swig voor rasionalisme	42
2.2	Kuitert se leer oor die Heilige Skrif	43
2.2.1	Die tradisie	43
2.2.1.1	Die Bybel as tradisie	43
2.2.1.2	Die deurgee van die tradisie	43
2.2.1.3	Die toeëiening van die tradisie	44
2.2.1.4	Die taak van die prediker	44
2.2.1.5	Vertolking word self tradisie	44
2.2.1.6	Klassieke standpunt stagnant, sonder Gees	45
2.2.1.7	Die menslike aandeel	45
2.2.1.8	Historisiteit	46
2.2.2	Saak en verpakking	47
2.2.2.1	Saak en verpakking - onderskeiding en skeiding	47
2.2.2.2	Verset teen formele Skrifgesag	50
2.2.2.3	Wat is die saak wat deur die verpakking omhul word?	51
2.2.2.4	Die historiese betroubaarheid van die Skrif	53
2.2.2.5	Woord van God gedegradeer tot projeksies van die mens	54
2.2.3	'n Oop kanon en die werk van die Heilige Gees	55
2.2.3.1	Die kanon is nie afgesluit	55
2.2.3.2	Die getuienis van die Heilige Gees	57
2.2.4	Algemene en besondere openbaring	60
2.2.5	Die Skrif verlaag tot projeksies van mense	64
2.2.6	Samevatting en beoordeling	64
2.3	Kuitert se leer oor Jesus Christus	69
2.3.1	Uiteensetting	69

2.3.1.1	Christus - hoogtepunt van God se bondge- nootskaplike omgang met die mens	70
2.3.1.2	Christus, die "saak" in die Skrif	70
2.3.1.3	Christus se opstanding	71
2.3.1.4	Nuwe betekenis van die werk van Jesus	72
2.3.1.5	Jesus as beloftewoord vir die toekoms ...	73
2.3.1.6	Die heilsboodskap van Christus in moderne taal	73
2.3.2	Beoordeling	74
2.3.2.1	Nuwe betekenis van die werk van Jesus ..	74
2.3.2.2	Jesus as beloftewoord vir die toekoms ...	75
2.3.2.3	Die heilsboodskap van Christus in moderne taal	76
3.	KUITERT SE ETIEK - TEORETIES	77
3.1	Die openbaring van God se wil volgens Kuitert	77
3.1.1	God is die Bondgenoot-God	77
3.1.2	Die Skrif: saak en verpakking	79
3.1.3	Die algemene openbaring	81
3.2	Die beroep op die Skrif in die etiek volgens Kuitert	82
3.2.1	Uiteensetting	82
3.2.1.1	Besware teen die tradisionele siening ...	82
3.2.1.2	Bybelse gebooië is voorbeelde	84
3.2.1.3	Die onveranderlikheid van God se wil - die utiliteit van die moraal	87
3.2.1.4	Die verandering en kontinuïteit van die moraal	88
3.2.1.5	Christelike moraal en algemene (wêreld)- moraal	90
3.2.1.6	Die invloed van die godsdiens op die moraal	92
3.2.2	Beoordeling	94
3.2.2.1	Voorbeelde of gebooië?	94
3.2.2.2	Dialog met die Skrif	99

3.2.2.3	Utiliteit	100
3.2.2.4	Kan die moraal homself korrigeer?	...						102
3.2.2.5	Die verskil tussen die Christelike moraal en die algemene moraal word geloën	...						103
3.2.2.6	Die invloed van die godsdiens op die moraal							106
3.3	Die norm in die etiek volgens Kuitert	...						108
3.3.1	Uiteensetting	108
3.3.1.1	Humaniteit	108
3.3.1.2	Sosiale utiliteit	110
3.3.2	Beoordeling	112
3.4	Vryheid en dwang	114
3.4.1	Uiteensetting	114
3.4.2	Beoordeling	115
3.5	Die plek en taak van die prediking in die etiek volgens Kuitert	118
3.5.1	Uiteensetting	118
3.5.2	Beoordeling	119
3.6	Die ordening of strukture	120
3.6.1	Uiteensetting	120
3.6.2	Beoordeling	122
3.7	Die wêreld	124
3.7.1	Uiteensetting	124
3.7.2	Beoordeling	125
4.	KUITERT SE ETIEK - PRAKTIES	127
4.1	Rewolusie	127
4.1.1	Uiteensetting	127
4.1.1.1	Die doel van die teologie van die rewolusie							127
4.1.1.2	Rewolusie en horisontalising					127
4.1.1.3	Die rewolusie as sodanig					129
4.1.2	Beoordeling	131
4.2	Die dood	133

4.2.1	Uiteensetting	133
4.2.1.1	Die tradisioneel-Gereformeerde siening afgewys	133
4.2.1.2	Die dood en orgaanoorplantings	137
4.2.1.3	Die dood as plekmaak vir ander	138
4.2.1.4	Mense moet mekaar help sterwe	139
4.2.2	Beoordeling	139
4.3	Aborsie	142
4.3.1	Uiteensetting	142
4.3.1.1	Die verskil tussen biologiese lewe en menslike lewe	143
4.3.1.2	'n Bestaande lewe word benadeel	143
4.3.1.3	Die ongewenste kind	145
4.3.1.4	Aborsie en oorloë	145
4.3.1.5	Aborsie en eutanase	146
4.3.1.6	Aborsie en antikonsepsie	146
4.3.2	Beoordeling	147
4.3.2.1	Die verskil tussen biologiese lewe en menslike lewe	147
4.3.2.2	'n Bestaande lewe word benadeel	149
4.3.2.3	Die ongewenste kind	152
4.3.2.4	Aborsie en oorloë	152
4.3.2.5	Aborsie en eutanase	152
4.3.2.6	Aborsie en antikonsepsie	153
4.4	Eutanase	154
4.4.1	Uiteensetting	154
4.4.2	Beoordeling	154
4.5	Huwelik en egskeiding	155
4.5.1	Uiteensetting	155
4.5.1.1	Die ekonomiese dwang het verdwyn	156
4.5.1.2	Die tradisionele (godsdienstige) dwang moet verdwyn	157

4.5.1.3	Die doel die huwelik	158
4.5.1.4	Die vervelige huwelik en die geneentheid tot ander	158
4.5.1.5	Gevolgtrekking: redes vir egskeiding ..	159
4.5.2	Beoordeling	160
4.5.2.1	Die ekonomiese dwang het verdwyn ...	160
4.5.2.2	Die tradisionele (godsdienstige) gedwonge bymekaarbly in die huwelik moet verdwyn	161
4.5.2.3	Die doel van die huwelik	162
4.5.2.4	Die vervelige huwelik en die geneentheid tot ander	162
4.5.2.5	Redes vir egskeiding	163
4.6	Homoseksualiteit	163
4.6.1	Uiteensetting	163
4.6.2	Beoordeling	165
5.	SAMEVATTENDE BEOORDELING	167
5.1	Kuitert se vernaamste dogmatiese beskouings	167
5.1.1	Oor God	167
5.1.2	Oor die Skrif	167
5.1.3	Oor Christus	168
5.2	Kuitert se etiese beskouings	168
5.2.1	Die openbaring van God se wil	168
5.2.2	God se geboorte - voorbeelde of voorskrifte?	169
5.2.3	Die norm in die etiek	169
5.2.4	Vryheid en dwang	170
5.2.5	Die prediking	170
5.2.6	Die ordening of strukture	170
5.2.7	Die wêreld	170
5.2.8	Rewolusie	170
5.2.9	Die dood	171
5.2.10	Aborsie	171

5.2.11 Eutanasie	171
5.2.12 Egskeiding	171
5.2.13 Homoseksualiteit	171
5.3 Konklusie	172
5.4 Gereformeerde teologiese etiek: teosentries	172
Summary	174
Geraadpleegde werke	175
Kuitert se werke	182

1. INLEIDING

1.1 Die objek van die studie

In hierdie studie word gehandel oor die mensbeskouing van H.M. Kuitert soos dit in sy etiek tot openbaring kom. Dit is dus nodig om te weet wie Kuitert is en watter pro=bleem daar in verband met sy mensbeskouing in die etiek is wat 'n studie daarvan noodsaaklik maak.

1.1.1 H.M. Kuitert

1.1.1.1 Kuitert as persoon

H.M. Kuitert is in 1924 in Nederland gebore. Na sy skool=opleiding het hy in die teologie gestudeer aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, Nederland. Vanaf 1950 was hy predikant, eers in Scharendijke en daarna studentepredi=kant in Amsterdam. In 1962 het hy aan die Vrije Universi=teit gepromoveer met prof. G.C. Berkouwer as promotor. Sy proefskrif het gehandel oor: "De mensvormigheid Gods. Een dogmatisch-hermeneutische studie over de antropomorfismen van de Heilige Schrift". Soos uit die titel afgelei kan word, handel dit oor die mensvormige wyse waarop daar in die Skrif oor God gespreek word.

Van 1965 af is hy aan die Fakulteit Teologie van die Vrije Universiteit verbonde. In 1967 het hy prof. J.H. van den Berg opgevolg as professor in etiek (en inleiding in die dogmatiek).

1.1.1.2 Kuitert se etiek

Kuitert het geen etiek geskryf in die sin dat hy in een of meer boeke sistematies sy etiese beskouings op skrif gestel het nie. Met die uitsondering van sy inougurele rede, Sociale etiek en geloof in Jesus Christus (1967), het hy geen ander

werk geskryf waarin net oor etiek of etiese vraagstukke gehandel word nie.

Sy etiek kom egter feitlik in elkeen van sy geskrifte op die een of ander wyse ter sprake, nie net in die sin dat bepaalde etiese vraagstukke aangesny word nie, maar veral omdat hy die dogmatiek dikwels laat oorgaan in etiek¹⁾ sodat dit soms moeilik is om te sê of hy in 'n bepaalde gedeelte met dogmatiek of etiek besig is. Om sy etiek te kan verstaan, is 'n studie van sy dogmatiese werke derhalwe 'n sine qua non.

Kuitert skrywe egter ook baie artikels in tydskrifte en daarin behandel hy dikwels suiwer etiese vraagstukke. In hierdie studie sal dus ook heel dikwels na sulke artikels verwys word.

Benewens dergelike tydskrifartikels is 'n studie van minstens die volgende boeke van Kuitert noodsaaklik om 'n goeie begrip van sy etiek te verkry:

- Anders gezegd, 1970. ('n Versameling tydskrifartikels).
- De mensvormigheid Gods, 1969. (Proefskrif).
- De realiteit van het geloof, 1971 b.
- Sociale ethiek en geloof in Jezus Christus, 1967.
- Wat heet geloven, 1977.
- Zonder geloof vaart niemand wel, 1975.

1.1.1.3 Die plek van die mens in Kuitert se etiek - 'n voorlopige analise.

Kuitert het voor die probleem te staan gekom dat die moderne

1) Vgl. hieroor punt 3.1

mens skynbaar nie meer veel aan die Bybel het nie. Waarom nie? Volgens hom is die rede daarvoor dat die mens in die tradisionele Christelike godsdiens en teologie nie tot sy reg kom nie. Hy noem dit onder andere "de verwarring en verarming in de anthropologische positie van de mens" waarteen geprotesteer moet word (1969, p. 188). Hy het hom dan ook ten doel gestel om die mens in die Christelike godsdiens en teologie wel tot sy reg te laat kom. Hy stel dit so: "Het gaat ons dus erom aan de menselijke subjektiviteit zijn legitieme plaats aan te wijzen in het grote raam van openbaring en geloof" (1971 b, p. 158).

Kuitert het die eerste treë na die verwesenliking van hierdie doel reeds in sy proefskrif gegee deur die mens te verhef tot bondgenoot van God - nie op die wyse waarop dit altyd in die Gereformeerde teologie gedoen is nie, maar op so 'n wyse dat die mens 'n baie groter sê in sake kry en dat God selfs in 'n sekere sin van die mens afhanklik gemaak word. Hy sê immers dat die verhouding tot die mens wesenlik tot die God-wees van God behoort (1971 a, p. 265). So kom die subjektiwiteit van die mens ook in die godsdiens tot sy reg - volgens hom is dit 'n moet (1971 b, p. 148) - en vanselfsprekend kry die mens op die wyse ook 'n groter sê in sake.

Die gevolg hiervan is dat Kuitert oor verskeie sake 'n standpunt inneem wat nuut en anders is as wat tot dusver in die Gereformeerde teologie aanvaar is. Dit hinder hom skynbaar glad nie, want hy sê dat daar in die teologie wat onder andere streef na 'n "radicale zorg voor de naaste ... een heel andere dogmatiek moet komen die wel tot het maken van vuile handen dwingt" (Kuitert, 1969 d, p. 64).

By die deurlees van Kuitert se geskrifte, en - sover dit hierdie studie aangaan - veral die wat handel oor etiese kwessies, kry 'n mens die indruk dat sy etiek mensgesentreerd is. Die volgende uitsprake, wat later behandel sal word, kan dien as voorbeelde:

- x Die groot vraag waarmee die etikus by die institute te doen kry, is volgens Kuitert (1967, p. 30) die volgende: "Dienen zij het humanum of belemmeren zij juist de ontplooiing van het menszijn? Dat is de eigenlijke cardinale vraag in de sociale ethiek".
- x Kuitert (1969 a, p. 72) sê: "Godsdienstig-zijn is daarom tegelijk en onvoorwaardelijk besig-zijn met medemens en wereld".
- x Wat goed en kwaad is, word deur mense bepaal en nie deur God nie, want, sê Kuitert (1975, p. 73), "goed - in de morele zin van het woord - is wat goed voor de mens is".
- x Oor aborsie sê Kuitert (1969 b, p. 199): "Als een vrouw absoluut geen kind meer wil, dan heeft ze het absolute recht om die abortus aan te vragen".

Verskeie skrywers spreek dit as hulle oortuiging uit dat die mens die sentrale posisie in Kuitert se etiek inneem. Die volgende dien as voorbeelde:

- x Velema (1971, p. 115): "In alle ethische oewergingen van Kuitert zat de tendens om het humanum hoog te schatten". Voorts verklaar Velema (1971,

p. 162): "Zijn visie op ethische problemen als de revolutie, abortus en de beëindiging van het leven verraadt dat hij naar het getuigenis van de Schrift niet vraagt".

- x Douma (1972, p. 40): "Kuitert propageert een wijze van christen-zijn, die 'haar hart geheel en al (! J.D.) aan de mens en zijn wereld verpandt'.¹⁾ Daarmee is voor de moraal de humaniteit als norm gegeven".
- x J. Rinzema: "Ik vind het merkwaardig, dat een christen-ethicus zo kritiekloos zijn uitgangspunt neemt in het zelfbeschikkingsrecht van de mens".²⁾

Die indruk wat 'n mens kry by die lees van Kuitert se geskrifte en uit die oordeel van genoemde skrywers, is dus dat die mens 'n baie sentrale posisie in die etiek van Kuitert inneem - so sentraal dat voorlopig gekonkludeer kan word dat sy etiek as mensgesentreerd bestempel kan word.

'n Mensgesentreerde etiek beteken dat daar geleef en gehandel word volgens die wil van die mens en nie volgens die wil van God nie. (Vgl. Van Peursen, 1956, p. 243).

Teenoor hierdie voorlopig gediagnoseerde antroposentriese karakter van die etiek van Kuitert staan die tradisioneel-Gereformeerde siening dat die etiek teosentriese moet wees. Buys (1975, p. 3) definieer die Gereformeerde teologiese etiek soos volg: "Teologiese etiek is dié deel van die Teologiese wetenskap wat die geopenbaarde wil van God met

- 1) Douma haal aan uit 1970, p. 104 sonder om dit aan te dui.
- 2) Aangehaal deur Lindeboom, 1970, p. 97, sonder vermelding van bron.

betrekking tot die mens se handel en wandel bestudeer en die mens se handel en wandel in die lig daarvan beoordeel". (Vgl. ook Schippers, 1957, p. 645). Dit beteken dat nie die mens se wil die maatstaf is vir die beoordeling van die mens se handel en wandel nie, maar God se wil.

Dit wil dus voorkom of daar by Kuitert 'n afwyking is van die Gereformeerde teologiese etiek wat betref die plek wat hy in die etiek aan die mens toeken.

1.2 Die doel van die studie

Op grond van die voorgaande is die doel van hierdie studie om vas te stel of die mens inderdaad so 'n belangrike plek in die etiek van Kuitert inneem dat dit as mensgesentreerd gekarakteriseer kan word.

1.3 Aktualiteit van die onderwerp

In 'n tyd waarin daar voortdurend pleitredes gelewer word vir die erkenning en eerbiediging van menseregte, is 'n studie van hedendaagse invloedryke teoloë se sienings van antropologie en etiek beslis noodsaaklik.

Bowendien is die hedendaagse mens tot 'n groot mate daadgerig. Onder invloed van strominge soos die eksistensialisme en die pragmatisme het die klem baie van die woord na die daad verskuif. Dit op sigself het die studie van die etiek baie aktueel gemaak.

Dit geld in besonder van Kuitert se etiek omdat hy hom besig hou met sake wat tans in die brandpunt van belangstelling staan, soos aborsie, eutanasie, huwelik en egskeiding, orgaanoorplantings, rewolusie, ens.

Hoe aktueel Kuitert se siening van sake is, blyk daaruit dat sowel sy proefskrif as sy inaugurele rede minstens driemaal herdruk is - iets wat byna nooit met hierdie soort geskifte gebeur nie. Sy proefskrif is ook in Duits vertaal en Zonder geloof vaart niemand wel in Engels. Daarby is daar van sy ander publikasies wat al meer as tienmaal herdruk is. Douma (1977 a, p. 507) merk in hierdie verband op: "De boeken van Kuitert lopen als een trein, en dat zal nog wel een poosje zo doorgaan". Van Riessen (1967, p. 82) praat ook van Kuitert se beskouing van sake, "die grote invloed uitoefent". Runia (1976, p. 94) noem Kuitert "een van de belangrijkste theologen, niet alleen in de kring van de Gereformeerde Kerken, maar in het geheel van de Nederlandse theologie". In kerklike en teologiese tydskrifte word die naam van Kuitert in die jongste tyd ook voortdurend aange-tref, nie net by artikels wat hy self skryf nie, maar ver-al in reaksies op sy geskifte - wat wissel van vurige ondersteuning tot heftige teenstand.¹⁾

Dit is bykans onmoontlik om vandag op wetenskaplike wyse enige onderwerp in die Gereformeerde etiek behoorlik te be-studeer sonder om ook kennis te neem van Kuitert se siening daaroor.

1) Om slegs enkele voorbeelde te noem: Kuitert is 'n redak-sielid en as sodanig 'n vaste medewerker van die blad Voorlopig, wat bestempel word as "evangelisch commentaar bij de tijd". Verskeie opspraakwekkende artikels van hom het al daarin verskyn. Enkele reaksies op sy ge-skifte is: Graafland, 1973 c; J.H. Velema, 1974; Van Oeveren, 1976; Douma, 1977 a en 1977 b; Van Dijk, 1977 b.

1.4 Noodsaaklikheid van hierdie ondersoek

Sover vasgestel kan word, is die boeke van Visee (1969), Meijers (1970), Velema (1971) en Douma (1972) die vernaamste oorspronklike kritiese werke wat in geheel aan die teologie van Kuitert gewy is. Visee (1969) en Meijers (1970) se boeke is hoofsaaklik toegespits op Kuitert se Skrifbeskouing. Bowendien is dit in hoofsaak 'n kritiese beoordeling van slegs een van Kuitert se boeke, naamlik Verstaat gij wat gij leest? (1971 d). Velema (1971) is die enigste wat bykans al die aspekte van Kuitert se teologie behandel. Gevolglik sal daar in hierdie studie ook dikwels daarna verwys word.

Kuitert se etiek in sy geheel is nog nie as 'n afsonderlike onderwerp in Suid-Afrika bestudeer nie, en sover bekend ook nie in die buiteland nie.

Die meeste geskifte oor Kuitert se teologie handel hoofsaaklik oor sy dogmatiek. Kuitert se etiek word wel deur Velema (1971) in 'n afsonderlike hoofstuk behandel en in die ander hoofstukke ter sprake gebring, maar dit geskied meesal kursories en oorsigtelik. Douma (1972) handel net oor Kuitert se Skrifberoep in die etiek. Lindeboom (1970) skenk weer net aandag aan Kuitert se uitlatings oor aborsie. So is daar verskeie geskifte en artikels wat aan een of meer aspekte van Kuitert se etiek aandag gee. Tog is dit noodsaaklik om 'n geheeloorsig daarvan te kry en dit in die lig van Skrif en Belydenis krities te beoordeel.

Daarby kom nog dat, sover vasgestel kon word, die plek van die mens in Kuitert se etiek nog glad nie as 'n aparte onderwerp bestudeer is nie. Soos reeds aangedui, het ver-

=skeie persone opmerkings in die verband gemaak en tot die konklusie gekom dat sy etiek mensgesentreerd is, maar dit was nog nie die resultaat van 'n wetenskaplike ondersoek oor die hele veld van sy etiek nie.

So 'n studie is dringend nodig. Kuitert is immers 'n Gereformeerde teoloog (etikus), en as sodanig moet hy buig voor Skrif en Belydenis en afwysend staan teenoor alle mensgesentreerdheid.

In die lig hiervan kan die noodsaaklikheid van hierdie studie duidelik gesien word.

1.5 Begrensing van die ondersoek

Uit die aard van die saak sal Kuitert se etiek so volledig en duidelik as moontlik behandel word. Maar dit is onmoontlik om sy etiek te behandel sonder om eers aandag te skenk aan sy dogmatiek, omdat - soos reeds aangedui (punt 1.1.1.2) - sy etiek in verskeie opsigte verband hou met en voortvloei uit sy dogmatiese beskouings.¹⁾

Tog sal die behandeling van sy dogmatiek duidelik begrens moet word, omdat dit in hierdie verband hoofsaaklik 'n hulpdiens moet betoon, naamlik om sy etiek goed te kan begryp en te kan evalueer. Aan die ander kant sal dit ook weer nie so kort behandel kan word dat die etiese konsekwensies van sy dogmatiese beskouings nie duidelik gesien kan word nie.

1) Oor die verband tussen dogmatiek en etiek in die algemeen, vgl. Honig, 1930, p. 72: "De Ethiek veronderstelt de Dogmatiek". Vgl. verder p. 72-82.

Waar Kuitert se etiek in besonderhede krities beoordeel sal word, sal die beoordeling van sy dogmatiek slegs in hooftrekke geskied.

Hoewel daar verskeie invloede op Kuitert ingewerk het sodat sy siening van sake nie altyd oorspronklik is nie,¹⁾ val dit, vanweë die omvang daarvan, buite die bestek van hierdie studie om die herkoms van sy standpunte te probeer navors.

1.6 Metode

Die metode wat hier gevolg sal word, is hoofsaaklik teties, analities en krities. 'n Uiteensetting van Kuitert se standpunt sal so objektief, eerlik en billik as moontlik gegee word. Daarna sal dit in die lig van die Skrif en Belydenis getoets word. Waar nodig, sal ook gepoog word om die konsekwensies van sy standpunte aan te dui.

- 1) Kuitert (1966, p. 349-354) verklaar self dat veral Berkouwer en Barth, maar ook Miskotte, 'n groot invloed op hom uitgeoefen het. Volgens Floor (1971, p. 8) en Visser (1975, p. 9) is hy beïnvloed deur Moltmann en Bloch. Sy besondere aandrag dat verskillende sake geontmitologiseer moet word (1970, p. 30, 90, 148; 1973, p. 256), openbaar die deurwerking van die denke van Bultmann by hom (Bultmann, 1961, p. 1-44; Schippers, 1968, p. 157-173). Graafland (1973 c, p. 221) praat van Kuitert as 'n persoon "die sterk onder Pannenberg se invloed staat". Oor eutanase het hy grotendeels dieselfde siening as Van den Berg (1970, p. 47-49; vgl. ook Lindeboom, 1970, p. 22). Insiggewend is ook sy verklaring: "Ik ben niet van plan van kerk te veranderen, maar als ik van kerk moest veranderen zou ik rooms worden" (1977 b, p. 281). Uit hierdie enkele gegewens is dit duidelik wat die omvang sal wees van 'n deeglike, wetenskaplike navorsing oor die invloede wat op Kuitert ingewerk het. As dit in hierdie studie gedoen moes word, sou dit die balans versteur het en sou die saak waaroor dit hier eintlik gaan, nie tot sy reg gekom het nie. Dit is egter 'n onderwerp wat gewis verdien om grondig bestudeer te word.

1.7 Werkplan

Eers sal 'n uiteensetting gegee word van Kuitert se ver= naamste dogmatiese beskouings, naamlik oor God, oor die Skrif en oor Christus. By 'n kritiese beoordeling daarvan sal nagegaan word of daarin reeds tekens van mensgesentreerd= heid op te merk is. Veral sal ondersoek word wat die konse= kwensies en betekenis daarvan vir die etiek is.

Daarna sal Kuitert se etiek in twee hoofstukke behandel word.

In die eerste daarvan sal dié onderwerpe behandel word wat meer teoreties van aard is,¹⁾ naamlik:

1. die openbaring van God se wil aan die mens;
2. die beroep op die Skrif in die etiek;
3. die norm in die etiek;
4. vryheid en dwang;
5. die plek en taak van die prediking in die etiek;
6. die ordeninge of strukture;
7. die siening van die wêreld.

In die tweede van hierdie hoofstukke sal die onderwerpe be= handel word wat meer prakties van aard is, naamlik:

1. rewolusie;
2. die dood;
3. aborsie;

1) Die onderskeiding tussen teoretiese en praktiese etiese vraagstukke gaan nie heeltemal op nie, omdat alle etiese vraagstukke sowel teoretiese as praktiese elemente bevat. Tog word hierdie onderskeiding gemaak in die lig van die elemente wat in die verskillende onderwerpe die swaarste weeg, hoewel toegegee moet word dat daar ook grensge= valle is.

4. eutasie;
5. huwelik en egskeiding;
6. homoseksualiteit.

Dogmatiese aspekte van sake wat nie in die hoofstuk oor die dogmatiek behandel is nie, byvoorbeeld Kuitert se siening van die dood, sal kortliks behandel word as die betrokke onderwerp by die etiek aan die orde kom.

In 'n slothoofstuk sal 'n samevatting van die bevindings gegee word om so te kom tot 'n duidelike konklusie.

2. KUITERT SE VERNAAMSTE DOGMATIESE BESKOUINGS

In hierdie hoofstuk word Kuitert se vernaamste dogmatiese beskouings behandel, naamlik oor God, oor die Skrif en oor Christus. Daar sal gepoog word om vas te stel of hierin reeds 'n mindere of meerdere mate van mensgesentreerdheid op te merk is. Vanselfsprekend sal hier gefokus word op sy dogmatiese beskouings slegs in soverre dit relevansie het vir sy etiek.

2.1 Kuitert se leer oor God

2.1.1 Die antropomorfismes

In die Bybel word daar op eg menslike wyse van God gepraat. Van Hom word gesê dat Hy oë, ore en hande het; dat Hy toornig is, berou het, ens. Hierdie mensvormige wyse waarop daar van God gespreek word, is in die Gereformeerde teologie meesal antropomorfismes genoem.

Die volgende is voorbeelde van sulke antropomorfismes:

- × In Gen. 3:8 word gesê: "En hulle (Adam en Eva) het die stem van die Here gehoor terwyl Hy wandel in die tuin". Aalders (1960, p.134) sê daarvan dat dit "natuurlijk een mensvormige wijze van spreken" is.
- × In Gen. 8:21 word van Noag se offers gesê: "en die Here het die lieflike geur geruik..." Aalders (1960, p. 226) noem dit "een zeer mensvormige voorstelling, waardoor tot uitdrukking wordt gebracht dat het offer van Noach Gode welbehaaglijk is".
- × In Ef. 4:30 staan daar: "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie..." Grosheide (1960, p. 75)

noem dit "een sterk anthropomorphisme . (Vgl. ook Veenhof, 1977, p. 2).

Die klassiek Gereformeerde siening van die antropomorfismes kan kortweg soos volg aangedui word:

Alles wat God deur die beskrywing van organe en liggaamsdele na 'n mens laat lyk, moet van die Bybelse Godsbeeld afgetrek word. Die mensvormige spreke oor God is 'n manier van voorstelling. Dit is 'n aanpassing by die bevattingsvermoë van die mens. In Homself is God anders. In die Bybel word Hy aan die mens voorgehou asof Hy liggaamlik bestaan, maar dit word nie so bedoel nie, want God is Gees. Die dinge wat kenmerkend is van die menslike liggaam, moet nie met God geassosieer word nie (Vgl. Bavinck, 1928 b, p. 68-74; Feenstra, 1956, p. 48).

Kuitert het ernstige beswaar teen hierdie siening. Want wat gebeur hier? Volgens hom word hier eers 'n Godsbeeld van God opgebou buite en los van die antropomorfe tekste in die Bybel. Daarna keer 'n mens dan terug van die selfgemaakte Godsbeeld na die tekste waarin God mensvormig voorgestel word, en met 'n beroep op die selfgemaakte Godsbeeld verklar hy dan "deze teksten voor anthropomorf" (1969, p. 22).

Sy besware kom dus daarop neer dat daar 'n spanning of botsing is tussen die Wese en die openbaring van God. God openbaar Hom dan in die Skrif aan ons as mensvormig, maar in werklikheid is Hy nie mensvormig nie. Hy openbaar Hom dan anders as wat Hy in werklikheid is (Kuitert, 1969, p. 23).

Hierdie skeiding tussen die Wese en openbaring van God is vir Kuitert onaanvaarbaar. Dit is volgens hom in werklikheid

niks anders nie as die oorblyfsels van die Griekse wysbegeerte (Plato) in die kerk. Daarin is die liggaamlike immers beskou as die laere en die geestelike as die hoëre. Daarom heers daar vandag nog die beskouing dat niks wat liggaamlik is, met God geassosieer mag word nie (Kuitert, 1969, p. 55-77).

Maar volgens Kuitert mag op hierdie weg nie langer voortgegaan word nie. As die Bybel praat van God se oë, ore, hande, ens. mag dit nie van die Bybelse Godsbeeld afgetrek word nie. Dit moet letterlik verstaan word, want volgens hom (1969, p. 265), is daar "een identiteit van Gods wezen en Gods openbaring". Die Wese van God is presies soos Hy Hom openbaar. Daarom mag die mensvormigheid van God nie verklaar word as 'n openbaringsgestalte waaragter die eintlike (nie-mensvormige) Wese van God verskuil is nie (Kuitert, 1969, p. 266).

2.1.2 God as Bondgenoot-God

Volgens Kuitert word die probleme wat in die voorgaande aangedui is, opgelos as God gesien word as Bondgenoot-God.

Vroeër is die leer van die verbond tussen God en mens slegs na die kant van die mens toe uitgewerk: hy mag uit genade 'n bondgenoot van God wees. Dit is egter nie na God se kant toe uitgewerk nie, en dit is wat Kuitert nou wel doen. Hierdie benadering lei Kuitert daartoe om God die Bondgenoot-God te noem (1969, p. 195-196; 220-233; 284).

By die gebruik van hierdie naam moet altyd onthou word dat Kuitert daarmee juis wil aandui dat daar 'n eenheid tussen die Wese en openbaring van God is, dat God die volheid van sy Wese, presies soos Hy is, aan die mens

openbaar.

Volgens Kuitert word die Wese (syn) van God bepaal deur sy Bondgenoot-wees vir die mens (1969, p. 228-229). God as Bondgenoot is die ware God, want God bewys sy God-wees juis deur sy Bondgenoot-wees vir die mens (1969, p. 196). Kuitert gaan selfs so ver om te beweer: "De verhouding tot de mens hoort wezenlijk by het God-zijn van God" (1969, p. 265). Die bestaan van God veronderstel dus die bestaan van die mens en kan van die bestaan van die mens nie losgemaak word nie. Velema (1971, p. 120) gee Kuitert se siening van God samevattend soos volg weer: "God is de Bondgenoot-God. Hij is niet zonder de mens, omdat Hij niet zonder de mens wilde zijn. Zijn wezen wordt dan ook bepaald door zijn relatie tot de mens".

2.1.3 Om God te ken

2.1.3.1 Die mens kan God ten volle ken

Kuitert sê verder dat 'n mens God alleen ken as jy Hom as Bondgenoot ken, want "het gekend-worden is in het bondgenoot-zijn begrepen" (1969, p. 285). In sy Bondgenoot-wees word die volle Wese van God aan die mens geopenbaar, want daar is "een identiteit van Gods wezen en Gods openbaring" (1969, p. 265). God is dus niks meer en niks anders as wat uit sy Bondgenoot-wees vir die mens van Hom bekend word nie (1969, p. 229). Dit is dus binne die mens se vermoë om God ten volle te ken!

2.1.3.2 God se openbaring en die mens se kennis

Kuitert sê dat in Israel se kennis van God 'n gestalte van God se openbaring gevind word (1969, p. 297). God se Selfopenbaring kon nie op 'n ander wyse in die wêreld

ingekom het as in Israel se kennis van sy Selfopenbaring nie (1969, p. 296). Wat Kuitert hiermee bedoel, kom daarop neer dat die kennis wat die mens in die bondgenootskaplike omgang met God opdoen, 'n onderdeel word van God se Selfopenbaring (Velema, 1971, p. 36).

Nou tref 'n mens dié eienaardige situasie aan dat Kuitert enersyds 'n afhanklikheidsverhouding tussen God se openbaring en die mens se kennis daarvan afwys, maar andersyds tog ook weer beklemtoon dat daar wel so 'n relasie bestaan.

Aan die een kant sê hy: "Het is niet de mens die in zijn Godskennis het God-zijn van God realiseert, maar God Zelf die Zijn God-zijn als bondgenoot-zijn overmchtig handhaaft door het metterdaad tot kennis komen van de mens" (1969, p. 287). Daarteenoor sê hy op dieselfde bladsy: "Onthulling Gods en het menselijke tot kennis komen van God vormen in dat geval samen dat wat we bijbels gesproken Gods Zelfopenbaring mogen noemen... Vanuit de openbaring als Gods zijn in Zijn bondgenootschappelijke omgang is het tot kennis komen van de mens het sluitstuk van deze openbaring... Gods Zelfopenbaring wil bestaan in de vorm van menselijke kennis van die openbaring" (1969, p. 287).

In sy latere werke het Kuitert hierdie afhanklikheid van die openbaring van God van die mens se kennis daarvan nog sterker beklemtoon. (Vgl. 1971 b, p. 164). So verklaar hy onder andere: "Gods Zelfopenbaring is pas 'af' in de kennis die wij van Hem ('aan Hem', zou men bijna kunnen zeggen) krijgen, d.w.z. in de namen die de mensen met wie Hij omgaat, Hem geven, Hem kunnen, mogen en nu ook durven geven" (1971 d, p. 20). Hier sê Kuitert dit baie duidelik

dat die name wat ons aan God gee, deel uitmaak van God se Selfopenbaring.

Dit alles toon aan dat, volgens Kuitert, God se Selfopenbaring nie afgehandel is sonder dat die mens God ken nie; sonder die antwoord wat die mens op God se Selfopenbaring gee nie; sonder die naam wat die mens aan God gee nie.

Velema (1971, p. 126) gee Kuitert se siening soos volg weer: Die naam wat die mens aan God gee, is nie 'n samevatting van sy voorstelling van God nie; dit is nie 'n naspreke van God se openbaring nie; maar dit is deel van God se Selfopenbaring.

God werk deur die dae van die mens heen. Die Selfopenbaring van God vind plaas binne die samewerking tussen God en mens kragtens hulle bondgenootskaplike omgang (Velema, 1971, p. 126).

2.1.4 God en sy bondgenootskaplike dae

2.1.4.1 God word met sy dae geïdentifiseer

Met die aanduiding van God as Bondgenoot-God vir die mens, lê Kuitert alle nadruk op die dade van God, op sy daad-werklike omgang met die mens. Hy sê: "Wie God werklik is - wil men: wat het wezen Gods is - wordt in de Heilige Schrift nergens vastgesteld via een theoretische bezinning over het zijn Gods afgedacht van Zijn beneficia" (1969, p. 228-229). Volgens hom ken die Bybel die Wese van God slegs in die doen van sy dae en die spreek van sy woorde en nie los daarvan nie (1969, p. 264). Daar is nie meer in God as wat die mens uit sy handeling te wete kom nie. Die Wese van God gaan op in sy dae. Daarom ken die mens ook die volle Wese van God. Hierdie dae van God is

immers sy bondgenootskaplike daad, dit wil sê die daad waarin mense, as bondgenote van God, ook deel het. Kuitert haal met instemming die volgende - volgens hom "gelukkige formule" - van Barth aan: "Gottes Sein in der Tat"¹⁾ (1969, p. 228).

2.1.4.2 Analogie tussen God en mens

Onder analogie word gewoonlik verstaan dat daar tussen twee sake of persone, ondanks sekere verskille tussen hulle, tog ook een of meer punte van ooreenkoms is. In die verband sê Kuitert dat daar tussen God en mens nie 'n sinsverwantskap of sinsanalogie is nie. Daar is egter wel "een zijns-gelijkenis van God en mens in het doen van hun respektiewe-lijke daad, (want) ... het zijn bondgenootschappelijke daad" (1969, p. 281). Daar is dus nie ooreenstemming tussen God en mens in hulle wese nie maar slegs in hulle daad. Maar volgens Kuitert vorm God se daad wat Hy in bondgenootskap met die mens verrig, deel van sy Wese. (Vgl. punt 2.1.4.1). Die implikasie daarvan is dat daar dus wêl 'n ooreenstemming of "zijns-gelijkenis" tussen die Wese van God en die wese van die mens is.

2.1.5 God en die geskiedenis

2.1.5.1 God se Heer-wes van die geskiedenis

Die geskiedenis is vir Kuitert van besondere belang. God is immers die bondgenoot van die mens en Hy betoon sy bondgenootskap in die loop van die geskiedenis. Of anders gestel: God en die mens verrig saam hulle bondgenootskaplike daad in die loop van die geskiedenis.

Betekén dit nou dat God en mens eweveel te sê het oor die verloop van die geskiedenis? Kuitert wil dit nie so stel

1) Aanhaling uit Kirchliche Dogmatik II 1, p. 288.

nie, want hy praat van God se "Heer-zijn van de geschiedenis" (1969, p. 243). Hierdie Heer-wees van God in die geskiedenis sluit sy reaksies op die optrede van die mens nie uit nie.

Maar beteken dit nie dat God soms "verander" wat sy sienswyse en beplande optrede betref nie? Kom die onveranderlikheid van God nie hier in gedrang nie?

Volgens Kuitert nie, want die "onveranderlikheid" van God beteken slegs dat God aan Homself en sy ewige voorneme getrou bly. Tog hou Kuitert niks van die uitdrukking "onveranderlikheid van God" nie en sê hy: "In plaats van het woord onveranderlijkheid zullen woorden als 'bestendigheid', 'betrouwbaarheid' beter kunnen uitdrukken wat de Heilige Schrift aangaande Israels God verkondigen wil" (1969, p. 244).

Hierdie poging van Kuitert om die skerpheid van die uitdrukking "onveranderlikheid van God" af te stomp, is nie sonder rede nie, omdat die konsekwensies van sy siening van God as Bondgenoot-God dit inderdaad in gedrang bring en God se Heerwees van die geskiedenis bevraagteken. Kuitert sê immers self: "Alle aspekten van verhevenheid, hoogheid, verborgenheid enz. zijn te zien als bijstellingen bij de centrale karakteristiek van Jahweh: Zijn bondgenoot zijn" (1969, p. 255). Dit kan ook gesê word van God se heiligheid (1969, p. 253) en sy selfverberging (1969, p. 257). Maar as al hierdie deugde van God nou diensbaar gemaak word aan sy "centrale karakteristiek" van bondgenoot-wees vir die mens, dan kan God se Heerwees van die geskiedenis onmoontlik daarvan uitgesluit word.

Die konsekwensie is dan dat God nie alléén die verloop van die geskiedenis bepaal nie, maar dat Hy dit bepaal in bond=

=genootskap en samewerking met die mens.¹⁾ En vanselfsprekend kom die onveranderlikheid van God dan ernstig in gedrang. Trouens, dan kan dit in werklikheid nie meer gehandhaaf word nie, want God reageer dan net op die handeling van die mens (1969, p. 243-244).

2.1.5.2 God se openbaring in die geskiedenis

Kuitert sê van God: "Zijn Zelfopenbaring is niet afgelopen, zolang tenminste Zijn omgang met mens en wereld niet is afgelopen" (1971 d, p. 22). Ook is reeds aangedui dat God se Selfopenbaring afhanklik gestel word van die kennis van die mens. (Kyk punt 2.1.3.2). As die mens God so ken dat hy name aan Hom kan gee, help hy Hom om Homself aan die mens te openbaar (1971 d, p. 20). Openbaring moet hier egter nie verstaan word in die betekenis van algemene openbaring nie, maar as besondere openbaring, dit wil sê as daar vir Kuitert nog enigsins 'n onderskeid tussen die twee is. (Vgl. 1970, p. 133, 134; 1975, p. 92). So 'n voortgaande openbaring is vir Kuitert met sy siening van 'n oop kanon heeltemal moontlik. (Vgl. punt 2.2.3).

Soos die mens se kennis in die loop van die geskiedenis toeneem, openbaar God Homself en sy wil steeds duideliker daarin en daardeur. Enkele voorbeelde kan Kuitert se siening toelig.

x As daar voorheen van God as Skepper gepraat is, dan is met sy skeppingsdade geweldige magsdade van Hom

1) Hierdie siening van Kuitert moet nie verwar word met die gangbare Gereformeerde siening van die voorsienigheid van God en die mens se verantwoordelikheid nie. Die beswaar teen Kuitert se siening is juis dat hy die optrede van die mens so oorbeklemtoon dat die leer oor die soewereiniteit van God daardeur in gedrang kom.

as almagtige God bedoel. Dit is volgens Kuitert gedoen met die "kennisbagage van de toenmalige tijd". Tans is dit egter anders: "Wanneer wij vandaag God de Schepper willen belijden, zullen we dat moeten doen met behulp van de kennisbagage van onze tijd, en dus moeten spreken in termen van b.v. evolutie, van cellen en atomen enz." (1971 d, p. 25). Die skepping moet vandag dus nie meer as skeppingsdade van God gesien word nie maar as prosesse van ontwikkeling.

- x In die Bybel word die mens in Rom. 13 geleer om hom te onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is omdat hulle hul mag en gesag van God ontvang. In die loop van die geskiedenis het God se wil vir die mens se lewe, volgens Kuitert, so verander dat hy tans kan sê: "Het evangelie van Jezus is in de wereld waarin wij nu leven - niemand schrijft ethiek voor de eeuwigheid - slechts te combineren met verzet tegen de gevestigde machten" (1970, p. 182).

- x Omdat God (volgens Kuitert) nog altyd voortgaan om Hom (telkens opnuut) aan ons te openbaar, het Kuitert ook baie min agting vir die belydenisskrifte. Hy sê (1972, p. 219) dat die leer altyd dit bevat wat gister die regte leer was, "dat wil zeggen met welke ervaringen de christenen gisteren het woordje God verbonden". Maar vir die mens van vandag is dit nie meer relevant nie. En as die kerk mense aan hierdie leer wil bind, beteken dit dat daardie mense aangespoor word "om ervaringen mee te maken die de hunne niet (meer) zijn" (1972, p. 219).

Maar in so 'n geval word die indruk geskep dat God vandag gevind kan word waar Hy ook in die verlede te vinde was. Dit is 'n valse indruk. So word die mense van vandag boonop verhinder om die woordjie God te verbind met die ervaring wat hulle self vandag ondervind (Kuitert, 1972, p. 219).

Daarteenoor sê Kuitert (1972, p. 220): "Het woordje God slaat niet op een dogmatisch begrip, maar op een bepaalde ervaring. Op welk? Dat mogen wij samen met alle christenen vrij en onverveerd ontdekken" (Vgl. hieroor ook Graafland, 1973 c, p. 221,222).

Hieruit is dit duidelik dat God, volgens Kuitert, Homself en sy wil vir die mens se lewe telkens aanvul of verander in die loop van die geskiedenis, afhangende van die mens se toename in kennis van sake. Dit beteken dat Hy eers aan die einde van die geskiedenis ten volle geopenbaar sal wees. Dit impliseer verder dat die eise wat God in sy Woord aan die mens stel, nie noodwendig vandag nog as eise aan die mens beskou moet word nie, want die mens weet vandag meer, en baie dinge het intussen verander.

Maar as God afhanklik gestel word van die mens en die kennis wat die mens in die loop van die geskiedenis opdoen, kom sy posisie van Heer-wees van die geskiedenis nie in gedrang nie? En wat sal gebeur as die mens weier om met God saam te werk en aan Hom name te gee? Sal Hy Homself dan ooit kan openbaar soos Hy wou en soos Hy gehoop het om te doen?

2.1.5.3 God se daade in die geskiedenis

Soos God se openbaring by Kuitert nie van die mens se kennis losgemaak kan word nie, so kan God se daade in die loop van die geskiedenis nie van die mens se daade losgemaak word

nie, want dit is immers bondgenootskaplike daad. Die strekking van wat Kuitert oor die teologie en etiek van die rewolusie skryf, is dan ook dat, waar nodig, die mens, die Christen, met rewolusie en geweld 'n verandering in die maatskappy móét bewerk, want op hierdie wyse is God besig om skeppend, verlossend en voltooiend aan en in die wêreld te werk (1970, p. 98-113). Dit sluit ook aan by die prinsipiële stelling van Kuitert dat God se verhouding tot die mens wesenlik tot sy God-wees behoort (1969, p. 265).

In die lig hiervan is dit ook nie vreemd dat Kuitert so ernstig pleit vir horisontalisering nie, omdat die Christelike geloof "in een consequente horisontalisering selfs beter tot zijn recht komt" (1970, p. 98).

Wat beteken hierdie horisontalisering?

Kuitert sê dit beteken dat die Christelike geloof so weer-gegee moet word dat die mense die heil van God "niet buiten onze wereld en onze tijd" moet soek nie, nie in 'n wêreld agter hierdie wêreld of in 'n wêreld na hierdie wêreld nie, maar in "onze eigen wereld" en in "onze eigen tijd" (1970, p. 99-100). Hy sê: "Een zich op aarde historisch zich realizerend eschaton komt dicht bij de bedoeling" (1970, p. 98). Daarom bepleit hy ook 'n "christen-zijn die haar hart geheel en al aan de mens en zijn wereld verpandt en meent daarmee een navolger Gods te zijn" (1970, p. 104).

Volgens Velema (1971, p. 107) beteken dit "dat we geen ingreep van boven te verwachten hebben, maar het Koninkrijk mogen zien liggen binnen de horizont van onze geschiedenis". Vir Kuitert is die mens "het door God gebruikte middel van

de ontwikkeling, die leidt tot de voltooiing van het Koninkrijk in deze wereld" (Velema, 1971, p. 107).

Deur hulle bondgenootskaplike daade is God en mens dus besig om in die loop van die geskiedenis op aarde gesamentlik die nuwe aarde onder die nuwe hemel te bou, die verlore paradys te herwin en die ewige saligheid te verwerklik. Van die laaste oordeel en die koms van die nuwe aarde onder die nuwe hemel as werk en gawe van God bly daar in die teologie van Kuitert uiteindelik niks oor nie, ondanks die getuie-nisse van die Skrif en veral die boek Openbaring daaroor. (Vgl. Meijers, 1970, p. 30). Die Skrif leer dat sake na die einde toe nie beter nie maar al hoe slegter sal word (2 Tim. 3: 1-3), maar Kuitert weet skynbaar beter.

2.1.5.4 Die syn van God in die geskiedenis

By Kuitert vind daar geen identifikasie plaas tussen die syn van God en die syn van die mens soos dit al voorheen veral in die filosofie plaasgevind het nie.¹⁾ Maar van 'n ander kant af kom Kuitert by die punt uit waar daar ten minste van 'n wesensooreenkoms tussen God en mens gepraat kan word. Want, soos reeds aangedui, is handeling, daade, aktualiteit, ens. deel van die Wese van God en van die mens. (Vgl. punt 2.1.4; vgl. ook Velema, 1971, p. 143, 144). Daarby kom nog dat God en mens saam hulle bondgenootskaplike daade verrig (1970, p. 98-113). Dit is dus daade waaraan hulle beide deel het en waarin die wesensooreenkoms tussen beide tot openbaring kom.

1) Vgl. in hierdie verband die metafisiese filosofie van onder andere Spinoza (Severijn, 1961, p. 232,233; Van Peursen, 1959, p. 668). Oor die metafisika in die teologie, vgl. Bavinck, 1928 a, p. 512-519; Heyns, 1969, p. 107 .

Dit kan nie ontken word dat die grens tussen God en mens hier beslis nie meer so duidelik is as wat dit volgens Skrif en Belydenis is nie. (Vgl. Jes. 55: 8,9; Rom. 11: 33,34; NGB art. 1).

Die transendensie van God kom hier ook in gedrang. Daarmee is voorheen altyd bedoel dat God wesenlik verskil van sy skepping, dat God hierdie wêreld ver te bowe gaan, dat Hy nie daarin opgesluit kan word nie omdat Hy baie meer is as sy skepping. Hoewel God immanent is in die skepping in die sin dat Hy daarin werksaam is, is Hy tog altyd duidelik transendent daaraan (Velema, 1971, p. 37-38).

Hierdie opmerkings oor die wesensooreenoms tussen God en mens en die transendensie van God is belangrik in Kuitert se siening van God in die geskiedenis.

Die geskiedenis is immers die reeks bondgenootskaplike daade wat God en mens saam verrig (Kuitert, 1969, p. 281). Saam bou hulle aan die toekoms en werk hulle heen na die volkomenheid van die eskatologiese heil van die einde.

In hierdie verband is Kuitert se stelling dat God se verhouding tot die mens wesenlik tot sy God-wees behoort (1969, p. 265), van besondere belang. Dit beteken immers dat die Wese (Syn) van God in mindere of meerdere mate bepaal word deur die wese (syn) van die mens - in 'n eweredige verhouding en beslis nie in 'n verhouding van omgekeerde eweredigheid nie, want God en mens is bondgenote. Die konsekwensie hiervan is dat God eers dan volkome God sal wees as die mens volkome mens is. En dit is juis wat God en mens beide deur hulle gesamentlike bondgenoot-

=skaplike dade probeer bereik. Daarheen is beide op pad. Dit beteken dat God en mens beide aan ontwikkeling onderhewig is.

Die geskiedenis is vir God dus ook van geweldige belang, nie omdat dit die proses is waarin sy raadsplan vervul word soos altyd in die Gereformeerde teologie geleer is nie, maar omdat dit die weg is waarop en die proses is waarin Hy self besig is om ten volle God te word. Daarom is die geskiedenis vir Hom nie net van groot belang nie maar eintlik van wesenlike belang.

Hierdie siening wat by Kuitert en in gevarieerde vorms ook by ander moderne teoloë voorkom, formuleer Van Niftrik (1971, p. 59-60) soos volg: "Andere theologen als Moltmann, Pannenberg, Sauter, Harvey Cox en nu ook Kuitert, vatten de transcendentie van God niet meer ruimtelijk, maar temporeel op: God is onze toekomst en alzo alle geschiedenis van mensheid en wereld transcendent... De transcendentie Gods moet temporeel en eschatologisch worden verstaan... Alles wordt in de categorie van de tijd gebracht. Wij zijn op weg naar het Koninkrijk. God onze toekomst. God is nu nog niet helemaal God, maar Hij heeft ook de zijnswijze van de toekomst; straks is Hij voluit God voor aller oog. Het heden hijgt naar de toekomst".

Hier word God so aan die mens verbind en van die mens afhanklik gestel dat dit 'n ope vraag is of die uiteinde nie sal wees dat die mens tot god verhef sal word en in sy dwaasheid sal sê dat daar geen God is nie (Ps. 14:1). Van die belydenis van die volkomeheid en volmaaktheid van God bly hier niks oor nie.

2.1.6 God se mensvormigheid en liggaamlikheid

Wie soos Kuitert aanvaar dat God-wees identies is met Bondgenoot-wees, dat die Wese van God identies is met sy openbaring en dat die Wese van God opgaan in sy daad, het natuurlik geen probleem met die antropomorfismes nie. As daar van die hande van God gepraat word, word daarmee God self en God se eie, werklike hande bedoel. God openbaar Hom dus nie net as mensvormig, terwyl Hy in werklikheid tog nie mensvormig is nie (Kuitert, 1969, p. 266). Nee, God is werklik mensvormig. Om werklik Bondgenoot vir die mens te kan wees, is sy mensvormigheid noodsaaklik. Duideliker gestel: by God as Bondgenoot-God hoort ook sy liggaamlikheid (Kuitert, 1969, p. 213).

Kuitert sê verder: "God is voor Israel, strikt genomen, mensvormig omdat de mens God-vormig is" (1969, p. 278, 281), en die mens is - ook liggaamlik - God-vormig omdat hy na die beeld en gelykenis van God geskape is (1969, p. 278).

2.1.7 Samevattende beoordeling

Na die voorgaande uiteensetting en beoordeling van Kuitert se leer oor God, kan die kritiek daarop soos volg saamgevat word:

2.1.7.1 Dit is mensgesentreerd

Kuitert wil in die uitbouing van sy teologiese beskouings die mens meer tot sy reg laat kom (Kuitert, 1971 b, p. 158). Hy slaag inderdaad daarin deur die mens sentraal te plaas en alles om die mens te laat sentreer. Hy doen dit egter op 'n onbybelse wyse en gee aan die mens 'n baie groter plek as wat hom regtens toekom volgens die Skrif. Hy

verklaar onomwonde dat godsdiens 'n "typisch menselijke aangelegenheid" is (1975, p. 5). Daardeur beweeg hy baie sterk in die rigting van die humanisme.

2.1.7.2 Beperking van die Wese van God tot voordeel van die mens

Kuitert het aan die mens in die godsdiens groter seggenskap gegee, maar dit is gedoen ten koste van God: Hy moes van sy seggenskap aan die mens afstaan. Sy selfopenbaring word afhanklik gestel van die kennis van die mens, en sy bondgenootskaplike daade van die daade van die mens. Sy verhouding tot die mens behoort wesenlik tot sy God-wees sodat God se bestaan die bestaan van die mens veronderstel. Dit is heeltemal in stryd met die Skrif. (Vgl. onder andere Ps. 90:2; Ps. 115:3; Jes. 40:12-26; Rom. 11: 33-36).

Die konsekwensie van hierdie siening van Kuitert is dat God op die ou end vir hom niks meer is nie as 'n blote funksie in die lewe van die mens (Velema, 1976, p. 80, 105).

2.1.7.3 Die mensvormigheid en liggaamlikheid van God

Om die godsdiens vir die moderne mens aanvaarbaar te maak, word God deur Kuitert as mensvormig en selfs as liggaamlik voorgestel. Daarom plaas Kuitert 'n gelykheidsteken tussen die openbaring en die Wese van God. Dit gebeur egter ten onregte, want volgens die Skrif is God baie meer as wat enige mens van Hom weet. (Vgl. Job. 26:14; Ps. 90, ens.). Daarby kan God nie as menslik voorgestel word nie, want die Skrif leer ons dat God Gees is (Joh. 4:24).

Adam het in sonde geval omdat hy soos God wou wees. By Kuitert is dit net andersom: hy probeer om God soos die mens te laat wees.

2.1.7.4 Alles word ingedwing in sy siening van God as die Bondgenoot-God

Kuitert se siening van God as die Bondgenoot-God bied volgens hom aan die moderne mens die nodige ruimte vir die uitlewing van sy godsdiens. Dit lei by Kuitert egter daartoe dat al die ander deugde en werke van God ingedwing word in en onderworpe gemaak word aan sy siening van God as die Bondgenoot-God. (Vgl. Buytendach, 1972, p. 172, 173). Daardeur word 'n skewe en onskriftuurlike voorstelling van God gegee. God se deugde mag nie teen mekaar afgespeel word nie.

Graafland (1973 c, p. 88) sê dat die verwarring wat daartans op teologiese en godsdienstige gebied heers, ook veroorsaak word "door het subtiele theologoumenon dat God en mens geen concurrenten zijn, maar elkaars bondgenoten. Dat moet doorgaan voor het echte bijbels-israelitische denken, maar in feite is het een judaïstisch-pelagiaans denken, dat in de Schrift zelf reeds zich openbaart in zijn vyandschap tegen Christus en zijn exclusieve en volkomen genade".

2.1.7.5 Swig voor rasionalisme

Kuitert wend 'n poging aan om aan die moderne mens ook op godsdienstige gebied iets te gee waarvan hy absoluut seker kan wees. Daarom lê hy soveel nadruk op redelikheid, kennis, verstandelike verklaarbaarheid, ens., dus op die rasionele. Daarmee beland hy in die greep van die rasionalisme. En rasionalisme het in die teologie nog altyd aangedui dat die mens ontevrede is met die plek wat God aan hom gegee het (Velema, 1971, p. 48). Geloof is baie meer as rasonale deursigtigheid.

Om saam te vat: wat sy Godsbeskouing betref, gaan Kuitert op 'n weg wat Skriftuurlik onaanvaarbaar is, omdat hy daarin te 'n groot plek aan die mens toeken.

2.2 Kuitert se leer oor die Heilige Skrif

2.2.1 Die tradisie

2.2.1.1 Die Bybel as tradisie

Kuitert sê: "De overlevering die de christelike kerk mee-draagt, bestaan uit Israels Godskennis, gesproten uit om-gang met God in een verleden tijd, en voortverteld, over-geleverd, tot traditum gemaakt, om volgende generaties tot omgang te wekken" (1969, p. 164; vgl. ook 1971 a, p. 289-293).

Hierdie uitspraak kan beskou word as basiese stelling, as uitgangspunt van Kuitert se leer oor die Heilige Skrif (Velema, 1971, p. 53).

Die gedagte van die tradisie speel by Kuitert 'n baie groot rol.

Hierdie tradisie is nie identies met die selfopenbaring van God nie, maar is die neerslag van die kennis wat die mens opgedoen het in sy bondgenootskaplike omgang met God. Die tradisie of verhaal oor die openbaring moet die mens aanspoor om self tot nuwe omgang met God te kom.

2.2.1.2 Die deurgee van die tradisie

Op sigself is die tradisie gestolde Godskennis wat in homself nie aktuele waarde het nie. Maar dit kry waarde as dit vloeiend gemaak en deurgegee word aan die volgende geslagte (Kuitert, 1971 b, p. 186-187). Hulle moet weer op die wyse aangespoor word om self op hulle eie met God

om te gaan.

2.2.1.3 Die toeëiening van die tradisie

'n Mens kan hierdie tradisie egter nie deurgee as hy dit nie eers tot sy eie maak en vir homself toegeëien het nie. "Het overlevering gebeur alleen wanneer de prediker (predikant of gemeente) eerst gezien heeft wat er verder te vertellen is... Eerst in de toeëiening bereikt de overlevering ervan zijn zin" (Kuitert, 1970, p. 119).

Hierdie toeëiening geskied deur vertaling en vertolking (Kuitert, 1970, p. 121-139).

Toeëiening beteken dus om die sin van die gebeurtenisse uit die verlede tot jou eie te maak. Dit gebeur as dit in jou eie taal vertaal en vir jou eie tyd vertolk word. Dan kan jy dit ook verder vertel.

2.2.1.4 Die taak van die prediker

Hierin het die prediker 'n besondere taak: "Zo is de prediker zelf dus a.h.w. een soort transformatorhuisje, waarin de stroom van een bepaald voltage (de taal van de christelijke gemeente) wordt omgezet in stroom van een ander voltage (de taal van de buitenstaander. Of om onze oorspronkelijke inzet vast te houden: zo wordt de heilsboodschap door een levende gemeente (= gemeente in twee werelden) om-getaald van de ene in de andere taal" (Kuitert, 1970, p. 124-125).

2.2.1.5 Vertolking word self tradisie

Maar as die tradisie so vertaal en vertolk word, word die mens se eie vertaling en vertolking self ook tradisie wat op sy beurt weer vertaal en vertolk moet word. Daarom

moet die Christen die vertaling en vertolking van vroeëre generasies ken. Dit is soos 'n ketting waarvoor daar telkens nuwe skakels gemaak word. Alles uit die vorige eeue moet geaktualiseer word (Kuitert, 1970, p. 119).

2.2.1.6 Klassieke standpunt stagnant, sonder Gees

Kuitert se beswaar teen die klassieke siening is dat dit te stagnant is; dit klou te veel vas aan die verlede; dit durf nie die aktualisering van die hede aan nie. Ten diepste is dit 'n angs "om in de Heilige Geest te geloven als God-met-ons door die tye heen" (1970, p. 121). Maar daarom is dit ook met lamheid geslaan en kan dit nie antwoord gee op die hedendaagse brandende vrae nie.

2.2.1.7 Die menslike aandeel

Daarteenoor meen Kuitert dat sý siening dit moontlik maak om die kennis wat die mens tans het, te gebruik by die verklaring van die tradisie. Nou kan die natuurwetenskaplike denke ingedra word in die verstaan, dit wil sê in die vertaling en vertolking van die Bybel. So kan die Christen en veral die teoloog reg laat geskied aan die menslike aandeel in die verstaan van die Bybel (1971 b, p. 170). In die verlede is dit nie gedoen nie en dit was 'n fout. Vir Kuitert is dit baie belangrik om "dit mense-lyke element er niet uit te filteren, maar het zijn legitieme rol te laten spelen" (1971 b, p. 170).

Hoewel Kuitert dus aan die tradisie wil vashou, relativeer hy dit tog ook weer deur dit te laat gaan "door het filter van onze verstaanshorizont (waarin)... aan de moderne levensgevoel een grote plaats wordt ingeruimd" (Velema, 1971, p. 55-56).

2.2.1.8 Historisiteit

Omdat God as Bondgenoot-God met die mens omgaan, maak Hy die inhoud (boodskap) van die Bybel vir elke mens in sy eie (histories bepaalde) tyd effektief. Hy laat die mens sien wat uit die traditum vir sy eie tyd ter sake is. En God doen dit deur die Heilige Gees wat elke dag ("heden") vernuwend en bevrydend met die mens wil omgaan (Kuitert, 1971 b, p. 166). (Daar is dus 'n baie nou band tussen God as Bondgenoot-God en die historisiteit van die mens).

Hier kom die mens behoorlik tot sy reg en word volle erkenning aan sy historisiteit gegee: dit is die mens van hierdie dag en datum wat aangespreek word en nie een van vroeër of later nie.

Die historisiteit van die mens bring mee dat die waarheid nooit in ewige, onveranderlike formulerings gegee kan word nie (Kuitert, 1971 b, 167). Dit is nie die formulering wat van belang is nie maar die saak self, en dié saak is die bondgenootskaplike omgang tussen God en mens. Wie vroeër oor God as Skepper gepraat het, kon daarby gedink het aan 'n magsdaad van God. Maar wie vandag daarvoor wil praat, moet dit doen in terme van ewolusie, ontwikkeling, selle, ens. (Kuitert, 1971 d, p. 25).

Onder waarheid word gewoonlik verstaan dat die weergawe van 'n saak in ooreenstemming moet wees met die werklikheid. Maar as Kuitert praat van die historisiteit van die waarheid en sê dat dit wat 100 jaar gelede op grond van die Skrif waar was, vandag nie noodwendig waar is nie, toon hy dat hy iets anders onder waarheid verstaan. En daardeur word die hele Skrif en belydenis op losse skroewe

gestel. Dit beteken immers dat wat vir die Bybelskrywers en opstellers van die belydenisskrifte waar was, nie noodwendig vir die mens van vandag meer waar hoof te wees nie.

2.2.2 Saak en verpakking

2.2.2.1 Saak en verpakking - onderskeiding en skeiding
Kuitert kritiseer die eksistensieteoloë omdat, volgens hulle, slegs dit waarheid is wat my as waarheid aanspreek en wat vir my denke en doen relevant is (1971 b, p. 77 e.v.; p. 176). Dit is volgens Kuitert te subjektief.

Watter alternatief stel hy voor?

Hy sê daar moet gevra word na die sin en betekenis van die gebeurtenisse wat as tradisie aan die kerk gegee is (Velema, 1971, p. 59).

Om dit te kan doen, moet onderskei word tussen die ge-tuienis en die historiese klankbodem, d.w.s. tussen die saak (die eintlike boodskap van die tradisie) en die verpakking (die kultuur-historiese terminologie waarin dit gegiet is) (Kuitert, 1971 b, p. 174).

Die verpakking is nie normatief nie. Wie die verpakking wil kanoniseer, doen tekort aan die historiese karakter van die waarheid. Kuitert sê immers: "Wij hebben in de Schrift Gods Zelfopenbaring in de vorm van Israels kennis daarvan, d.w.z. in een vorm die onlosmakelijk verbonden is met een bepaalde cultuur-historisch definieerbare kontekst" (1971 b, p. 174).

Die onderskeiding tussen saak en verpakking hang ten nouste saam met die wyse waarop God Hom openbaar, en dit geskied

weer op 'n wyse wat bepaal word deur Kuitert se siening van God as die Bondgenoot-God.

God het destyds sy "saak" aan Israel gestel in die vorm of verpakking wat vir Israel verstaanbaar was, en so stel God ook vandag sy "saak" in 'n verpakking wat vir die moderne mens verstaanbaar en aanvaarbaar is.

Die mens is God se bondgenoot. In sy Selfopenbaring, dit wil sê in die deurgee van sy saak deur middel van die Skrif (die tradisie) en die Heilige Gees, pas God Hom aan by die kultuur-historiese situasie van die betrokke mens. So kry God die geskikste verpakking. Die verpakking is dus die wyse waarop God Hom aanpas by die kultuur-historiese situasie van die betrokke mens(e). So word reg gedoen aan die subjektiwiteit van die mens. Maar so word dit ook duidelik dat dit nie die verpakking is wat van belang is nie, maar dit wat God in die situasie aan die mens wil sê (Kuitert, 1971 b, p.174-185).

Maar hoe weet die mens van die twintigste eeu wat saak en wat verpakking is in die Skrif? Die uitlegging van die Skrif is immers 'n baie belangrike saak, en Kuitert sê self dat die grens tussen saak en verpakking nie presies aange= kan word nie (1971 b, p. 185).

Hy sien die oplossing van die probleem soos volg: In die bondgenootskaplike omgang tussen God en die mens word dit vir die mens deur die verligting van die Heilige Gees duidelik wat in die Skrif vir hom belangrik is en wat nie, wat vir hom saak en wat net verpakking is (1970, p. 87). Uiteindelik is dit dus die mens wat dit moet uitmaak. Maar dit sal vir die mens alleen duidelik wees as God in sy spreke tot die moderne mens rekening hou met die kultuur-historiese

situasie waarin hy vandag verkeer.

In die lig hiervan kan van Kuitert se Skrifbeskouing en Skrifverklaring die volgende gesê word:

- x Eerstens: Terwyl die kultuur-historiese situasie waarin die mens uit die Bybel verkeer het, as heeltemal onbelangrik beskou word en as verpakking weggeskuif word, is die kultuur-historiese situasie waarin die moderne mens verkeer, verskriklik belangrik, want slegs as hy daarin aangespreek word, kan hy uitmaak wat saak en wat verpakking is.
- x Tweedens: Om sy saak aan die mens oor te dra, moes God Hom aanpas by die mens. Daarom moes God in die tyd waarin die Bybel geskryf is, die saak in 'n eie-tydse (destyds belangrike maar wesenlik tog onbelangrike) verpakking giet. Maar na twintig eeue is dit weer die mens wat besluit wat in die Bybel die eintlike saak (boodskap) is en wat as onbelangrike en nie-normatiewe verpakking geïgnoreer kan word.

Hier kan gesien word hoe mensgesentreerd Kuitert in sy Skrifbeskouing en Skrifverklaring is.

In die lig hiervan is dit ook verstaanbaar waarom Kuitert dit beklemtoon dat die vryheid van die mens in die uitlegging en verklaring van die Skrif ten volle gehandhaaf moet word. Hy praat dan ook van "de meest catastrofale gevolgen van de onvrije uitleg", en sê verder: "Onvrije uitleg maakt onvrije mensen" (1971 d, p. 34).

Velema vat Kuitert se siening hieroor soos volg saam: "Kuitert

benadrukt die rol van de mens als bondgenoot van God. Die rol is geweldig groot bij het verstaan en vertolken van de Heilige Schrift. De eigenlijke bezigheid in het omgaan met de Schrift is het verstaan en vertolken. Kuitert acht dit alleen mogelijk als men onderscheidt tussen de zaak en verpakkingsmateriaal" (Velema, 1971, p. 66).

Waarop hierdie siening van Kuitert uitloop, blyk duidelik uit een van sy latere publikasies as hy verklaar dat die Bybel 'n godsdienstige boek is en "dat wij Gods openbaring alleen in de vorm van menselijke gedachten en woorden over Gods openbaring kennen, dat wil zeggen: verpakt in godsdienst en godsdiensten en dat wij dus kritisch mogen en moeten zijn wanneer iets zich als openbaring aandient" (1975, p. 29).

Dit beteken dat as iets in die Bybel aan die mens voorgehou word as openbaring van God, dit miskien glad nie 'n openbaring van God is nie. Daarom moet 'n mens die Skrif krities lees en self besluit wat openbaring van God is en wat nie. Die onderskeid tussen saak en verpakking het hier gevorder na 'n onderskeid tussen wat waar en wat onwaar is in die Bybel, en ... dit is die mens wat daarvoor moet besluit!

2.2.2.2 Verset teen formele Skrifgesag

Uit die voorgaande is dit duidelik en heeltemal verstaanbaar dat Kuitert van so iets soos formele Skrifgesag niks wil weet nie. (Vgl. 1971 b, p. 174-176).

Daar kan geen formele beroep op die Skrif wees nie maar slegs 'n materiële beroep, want die formulerings is deel van die verpakking en is histories bepaal.

Wie hom formeel op die Skrif beroep, staar hom blind teen die verpakking en kom nie by die saak uit nie.

Die materiële beroep op die Skrif (die saak) is die verwysing na Christus as die inhoud van die traditum (die Skrif).

Die implikasie hiervan is dat 'n mens jou nie meer op die letter van die Skrif kan beroep nie, want die "letter" hoort by die verpakking.¹⁾ Alleen die saak, Jesus self, het krag. Maar hier kan aan Kuitert gevra word: Hoe kan Hy (Jesus as saak)krag hê as 'n bepaalde getuienis oor Hom in 'n bepaalde formulering nie as juis beskou kan word nie?

Eintlik beteken hierdie siening van Kuitert dat 'n mens jou glad nie meer op die Skrif kan beroep nie, want alles in die Skrif is tog geformuleer.

2.2.2.3 Wat is die saak wat deur die verpakking omhul word? Soos reeds terloops aangedui, is Christus volgens Kuitert

1) Daar sit natuurlik wel 'n waarheidsmoment in Kuitert se siening, in dié sin dat 'n mens by alle eksegetiese rekening moet hou met die kultuur-historiese agtergrond van die betrokke gedeelte. Selfs die Israelitiese karakter van die Tien Gebooie volgens Ex. 20 en Deut. 5 kan nie ontken word nie (Buys, 1975, p. 8). Maar dié waarheidsmoment word deur Kuitert so oorbeklemtoon dat die inhoud van die betrokke Skrifgedeelte van sy krag beroof word. Dit blyk duidelik uit sy siening van die biblisme. Volgens Kuitert (1971 b, p. 174) is 'n biblisis iemand wat geen onderskeid maak tussen saak en verpakking nie. Daarteenoor word 'n biblisis in die Gereformeerde teologie beskou as iemand wat uit die Bybel siteer sonder eksegetiese van die teks en sonder om te let op die plek van die teks in die openbaringsgeskiedenis. (Vgl. Toornvliet, 1949, p. 18,19).

die saak waarom dit gaan in elke gebeurtenis van die traditum (die Skrif). (Vgl. 2.2.2.2).

Tog is dit nodig om verder hierop in te gaan.

Kuitert sê die saak (die unieke, die sin, die betekenis) van elke gebeurtenis lê in die Persoon van Jesus Christus wat gekruisig is en opgestaan het. Jesus vóór die opstanding is dieselfde as Jesus ná die opstanding. Met hierdie kontinuïteit staan of val die heilsboodskap (1971 b, p. 184, voetnoot 53).

Die historiese omgang van God met Israel kulmineer in die omgang met Jesus. In Christus openbaar God sy Bondgenootwees op unieke wyse (Kuitert, 1971 b, p. 163). Christus word dan ook deur Kuitert die verteenwoordiger van God genoem (1971 b, p. 163, 176).

Waarom gaan dit dus eintlik in die tradisie?

Om die bondgenootskaplike omgang van God met die mens soos dié omgang sy hoogtepunt bereik in Jesus Christus. Hy is uniek. (Vgl. punt 2.3.1.1).

Terwyl Kuitert die syn van God reduceer tot Bondgenootwees, reduceer hy die betekenis van die tradisie tot dié bondgenootskap van God soos dit in Jesus Christus 'n unieke gestalte kry.

Deur hierdie konsentrasie op Christus word belangrike sake soos skepping, nuwe hemel en aarde, ens. buite die betekenis van die tradisie gelaat (Velema, 1971, p. 61; vgl. ook Kuitert, 1975, p. 83,84).

2.2.2.4 Die historiese betroubaarheid van die Skrif

Kuitert wil die historiese betroubaarheid van die gebeure met Jesus handhaaf, maar dié van ander gedeeltes in die Bybel bevraagteken hy. Hy sê: "Heel veel verhalen uit de Oude Testament (in mindere mate die van het Nieuwe) hebben trouwens nauwelijks de bedoeling gehad om ons de historische waarheid nauwkeurig mee te delen. Wie ze in de eerste plaats als zodanig leest, leest ze stellig verkeerd" (1971 d, p. 78).

"Natuurlijk geldt dat niet voor alle verhalen ... Er zijn nl. ook verhalen die heel beslist wel willen vertellen wat er gebeurd is" (Kuitert, 1971 d, p. 78). Dit geld veral die verhale wat die hart van die Christelike geloof uitmaak en waarsonder die geloof ook "leeg" sou wees as dit nie gebeur het nie. Sulke verhale is dié oor die kruis en die opstanding van Christus (Kuitert, 1971 d, p. 78).

Dit beteken: As iets volgens die Bybel 'n historiese gebeurtenis is, is dit nog nie vanselfsprekend dat dit die waarheid is en werklik gebeur het nie. Hierop is die geskiedenis van die kruis en opstanding van Christus egter 'n uitsondering. Ons moet glo dat dit werklik gebeur het. Maar ons glo dit nie omdat dit in die Bybel staan nie (Kuitert, 1971 d, p. 60). Wie dit so stel, soek weer sekerheid buite Christus om. Nee, dit het werklik gebeur omdat Jesus Homself as sodanig betuig deur die getuienis van die Heilige Gees deur die Skrifgegewens heen (Kuitert, 1971 b, p. 60-66; vgl. ook Velema, 1971, p. 68).

Uiteindelik kom dit tog maar weer daarop neer dat dit die mens is wat moet besluit of iets wat in die Skrif aan hom voorgehou word, waarheid is of nie.

Kuitert se bewering dat daar in die Bybel ware en onware verhale is, is maar net 'n uitvloeisel van sy siening van saak en verpakking. Hier het dit net verder gevorder. Hier word uitdruklik gesê dat sekere dele van die Skrif nie net as verpakking beskou moet word nie maar selfs as onwaarheid verwerp moet word.

Daarby kom nog dat Kuitert 'n totaal ander siening het van wat waarheid werklik is, want hy sê: "Een waarheid is een christelike waarheid als zij mens en wereld toekomst opent of vrijheid schenkt. Zo gezien is het voor een christelijke waarheid niet genoeg om in de bijbel te staan of in de christelijke traditie... maar moet zij - om christelijke waarheid te mogen heten - het doen insluiten" (1975, p. 101).

2.2.2.5 Woord van God gedegradeer tot projeksie van die mens
Kuitert is in die jongste tyd nie meer so Skrifgebonde as wat hy vroeër was nie. Waar hy vroeër nog vasgehou het aan die feitlikheid van Christus se opstanding, het hy later daartoe gekom om ook daaraan skynbaar net 'n figuurlike betekenis toe te ken. (Vgl. punt 2.3.1.3).

Waarop Kuitert se onderskeiding en selfs skeiding tussen saak en verpakking uitgeloop het, blyk duidelik uit sy boek wat in 1974 verskyn het. Daarin sê hy: "Ik denk dat we nauwelijks aan de conclusie kunnen ontkomen dat hiernamaals, laatste oordeel, hemel en dergelijke thema's allemaal projecties van mensen zijn over een toekomst waar zij eigenlijk niets van weten. De doden trekken de ladder achter zich omhoog; je kunt ze nooit meer bereiken. Wie weet wat waar is over wat na het sterven komt? We hebben niets anders dan een kolossale galerij met toekomstontwerpen, die stuk

voor stuk door onszelf, als mensen, zijn bedacht" (1975, p. 83-84).

Met so 'n siening bly daar van die Bybel as Woord van God uiteindelik niks oor nie.

2.2.3 'n Oop kanon en die werk van die Heilige Gees

2.2.3.1 Die kanon is nie afgesluit nie

God is die Bondgenoot-God wat Hom met die mens bemoei en met die mens omgaan. In hierdie omgang met die mens openbaar Hy Homself aan die mens.

In hierdie lig moet die Bybel beskou word. Dit is nie 'n stel reëls nie maar die getuienis van God se omgang met Israel. Hierdie getuienis moet die nageslag tot nuwe omgang met God opwek. Maar in hierdie nuwe omgang openbaar God Hom opnuut aan sy volk. Daar is dus 'n voortgang in God se besondere openbaring. Kuitert stel dit baie duidelik as hy sê: "Zijn Zelfopenbaring is niet afgelopen, zolang ten minste Zijn omgang met mens en wereld niet is afgelopen. Wie de drieënige God belijdt, kan God onmogelijk opsluiten in het verleden. Hij is er ook vandaag bij, als trooster en gebieders" (1971 d, p. 22; vgl. ook 1971 b, p. 187).

Wie dus sê dat die openbaring afgeloop is, sluit God en mens beide op in die verlede en het geen oog vir die toekoms nie.

Dit kom daarop neer dat, volgens Kuitert, die Heilige Gees nie net die verlossing wat Christus vir die gelowiges verwerf het tot hulle eiendom maak nie, maar telkens nuwe openbarings van God se wil skenk wat selfs kan verskil van God se openbarings in die verlede (1971 d, p. 23; vgl. ook sy siening oor die teologie van die rewolusie teenoor Rom. 13,

1970, p. 181-182).

Dit is dus duidelik dat volgens Kuitert die kanon nie af=gesluit is nie, want God gaan voort met sy besondere openbaring. Die kanon is vir hom dieselfde as wat hy tradisie noem (1971 b, p. 186-187).

Maar is daar enige verskil tussen die openbarings van destyds (in die Ou en Nuwe Testament) en dié van vandag?

Hy gee hierop 'n tweevoudige antwoord.

- Struktureel is daar geen verskil nie. God het Homself destyds in die bondgenootskaplike omgang aan die mens geopenbaar en Hy doen dit vandag nog.
- Tog is daar 'n gesagsverskil: van die eerste oog- en oorgetuies is al die ander afhanklik. "Onherhaalbare gebeurtenisse impliseer onherhaalbare getuigenis. Daarmee is die canoniciteit van het bijbels getuigenis aangegeven" (1971 b, p. 196, voetnoot 72). En dit geld spesifiek van Christus se lewe, sterwe, opstanding, ens. en die getuigenis daarvoor.¹⁾

Dit kom dus daarop neer dat Kuitert wel aan die uniekheid en onherhaalbaarheid van God se openbaring in Christus wil vashou, maar met sy siening van 'n oop kanon die weg open

1) Baie ander dele van die Bybel is volgens Kuitert nie kanoniek nie (1971 d, p. 78). Aan die ander kant is daar latere openbarings wat nie in die Bybel opgeteken is nie maar waaraan hy tog 'n bykans kanoniese waarde verleen omdat dit slegs 'n voortgang is van God se Selfopenbaring (1971 d, p. 22). Daarom is 'n "louter reciteren van de bijbel niet voldoende", want dit is "in feite het uitskakeling van het werk van de Heilige Geest" (1971 d, p. 23).

dat daar iets met kanonieke waarde kan gebeur wat groter is as die verlossing deur Christus.

Wat bly uiteindelik oor van die getuienis van die eerste getuies wat kanonieke waarde en gesag het? Slegs die saak en nie die verpakking nie. En dié saak is die lewe, lyde, sterwe en opstanding van Christus. Kuitert wil dus wel vashou aan die unieke saak wat oorgelewer is, maar nie aan die unieke verpakking waarin dit oorgelewer is nie. Anders gestel: die verpakking uit 'n later tyd is net so kanoniek soos dié van die Bybel.

2.2.3.2 Die getuienis van die Heilige Gees

Hoe weet die mens wat die saak en wat verpakking is?

Kuitert beroep hom hiervoor op die leiding van die Heilige Gees in die gemeente en hy heg groot waarde daaraan. Hy verwys na Joh. 16:13: "Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei" (1971 d, p. 35; 1971 b, p. 188).

In navolging van Lehmann¹⁾ praat Kuitert "van een 'continuous conversation' tussen de kerk en die Schriften". Hy sê verder: "Niet alleen de Schrift is er maar er is ook een door de Geest geleide gemeente". Die gemeente mag daar wees "als instantie die door die Heilige Geest betrokken wordt in een dialoog met de Schrift (als canon!) over wat vandaag gehoorzaamheid is aan Gods gebod" (1970, p. 87).

Hoe funksioneer die Heilige Gees volgens Kuitert in die gemeente?

Kuitert sê die betekenis van Jesus kry telkens nuwe kante

1) Kuitert verwys na Lehmann, P. 1973. Ethics in a Christian context. London, p. 31.

by wat Paulus of Johannes nie kon sien of bely nie. Daarom help die Heilige Gees die mens van vandag om dié nuwe kante van die betekenis van Jesus te sien en in kontemporêre taal en terminologie onder woorde te bring. Die Bybel mag nie net nagespreek word nie, want dan word die werk van die Heilige Gees uitgeskakel (1971 d, p. 23).

Omdat die Heilige Gees gebruik maak van eietydse woorde en terme om die "nuwe" kante van die betekenis van Jesus aan te dui, kan daar ook antwoorde gegee word op die eietydse vrae en probleme.

Hieruit is dit duidelik dat die sekulêre terme, gedagtes, voorstellings, ens. by Kuitert 'n sekere wyding kry, want dit word geplaas onder die leiding en gesag van die Heilige Gees. Dink maar aan sy uitspraak, waarna reeds verwys is, dat die wat vandag van God as Skepper praat, dit moet doen in terme van ewolusie, atome, selle, ens. (1971 d, p. 25; vgl. Visee, 1969, p. 46,47).

Op dieselfde wyse kan die heilswerk van Christus tans weer-gegee word in moderne uitdrukkings soos mens-wees vir ander, politieke en maatskaplike heil, vernuwning van die samelewing en selfs die teologie van die rewolusie. Daarin word Jesus as Versoener en Ontstoorder geopenbaar. En dit alles word gedoen onder die gesag en leiding van die Heilige Gees (Kuitert, 1970, p. 134; 1969, p. 299; 1971 d, p. 54).

So 'n weergawe van die betekenis van Christus in moderne taal en terminologie sal die volgende belangrike betekenis-se hê:

x Deur dit te doen, dra die kerk by om die woordjie

God te vul. Met die koms en optrede van Jesus is die woord God gedeeltelik gevul. Deur die betekenis van Jesus in eietydse terme en met die oog op die toekoms te vertaal en te vertolk, help die mens God om Homself te openbaar, en so help hy om die woord God nog verder te vul en die betekenis daarvan beter te begryp (1971 d, p. 5) (N.B. Die mens moet God help!)

- x Deur dit te doen, bied die kerk ook hoop vir die toekoms - 'n siening waarin Kuitert skynbaar beïnvloed is deur Moltmann.¹⁾ Kuitert heg baie waarde aan die gedagte van hoop in die teologie. Hy sien Jesus as die beloftewoord vir die toekoms op grond van Openb. 21:5: "Kyk, Ek maak alles nuut". Oral waar daar verwagting is, is Jesus as die beloftewoord aan die werk. En via Jesus as beloftewoord word die hele vernuwing van die samelewing en selfs die teologie van die rewolusie in die kerk ingedra (1970, p. 102).

- x Deur dit te doen, help die Christen ook om die waarheid af te handel, want dit is nog nie voltooi nie en sal ook eers aan die einde "vervul" wees. Daarom moet die indruk nooit gewek word dat die waarheid reeds finaal in onvervangbare terme geformuleer is nie. Die waarheid is nog steeds op weg na sy oorwinning aan die einde (Kuitert, 1971 b, p. 190).

1) Kuitert verwys in hierdie verband na Moltmann, J. Die Zukunft als neues Paradigma der Transzendenz, Intern. Dialog. Zeitschr. 2 (1969) 2-15.

Dit alles geskied onder die leiding van die Heilige Gees (Kuitert, 1970, p. 134; 1971 d, p. 54). "De christelike kerk heeft de Heilige Geest mee, die haar langs de weg van veel zoeken en tasten in alle waarheid leiden zal" (Kuitert, 1969, p. 299).

2.2.4 Algemene en besondere openbaring

Dit is moeilik om Kuitert se siening van die besondere en algemene openbaring te verstaan. Enersyds is dit duidelik dat hy die twee onderskei en die besondere openbaring beskou as die een wat vir die mens die belangrikste is. Andersyds maak hy ook uitlatings wat die indruk wek dat dit gaan om twee min of meer gelykstaande vorme van God se openbaring; dat daar wesenlik nie veel verskil tussen die twee is nie en dat daar slegs met verskillende terme na dieselfde saak verwys word.

Kuitert sê dat die algemene openbaring nie 'n implisiete besondere openbaring is nie (1970, p. 133). Hy sê "dat de werklikheidsbeleving niet de heilsbeleving in-de-dop is, die door de prediking slechts expliciet gemaakt hoeft te worden" (1970, p. 133).

Kuitert sien die algemene openbaring so: daar is bepaalde tekens (of trekke) van God se teenwoordigheid in die wêreld van vandag. Hy noem dit spore van God in die mens se historiese leefwêreld. Maar dan voeg hy dadelik daaraan toe dat nie alle gelaatstrekke van die wêreld waarin die mens hom tans bevind, spore van God se teenwoordigheid is nie. Hy vervolg dan: "Het gaat om bepaalde trekken in dit gelaat die in volle, eigen verantwoordelijkheid worden uitgelegd als werkspoor van deze zelfde God wiens verschiining in

Jezus Christus de inhoud van de tradisie is. In een wereld die óók het verlangen naar humaniteit kent, óók het zoeken van een nuwe aarde, mag (en moet) dit menselijk streven selfs niet alleen geïnterpreteer word as effect van Gods heilzame teenwoordigheid, maar mag (en moet!) de heilsboodskap van de verzoening en de herschepping zijn relevantie juist in deze kaders bewijsen" (1970, p. 134).

Verder sê hy: "Naar kriteria voor verstaanbaarheid zoeken beteken eienlijk: geloven in Gods heilzame teenwoordigheid in onze eien tyd en daarom niet bang zijn voor spesifieke aansluiting van die prediking aan onze eien tyd" (1970, p. 135).

Kort tevore het hy egter gesê: "Vandaag leggen wij onbevreesd die heilswerk van Jezus uit met die woorden die ons vandaag in die mond gegee word, d.w.z. in termen van mens-zijn met en voor anderen (Man for others), in termen van politiek en maatschappelijk heil (The Secular City) enz. (1970, p. 134).

Wat hierdie uitsprake behels, word duideliker as Kuitert sê: "Het ewangelie van Jezus is niet te combineren met konservatisme... Het ewangelie van Jezus is in die wereld waarin wij nu lewe... slechtes te combineren met verzet teen die gevestigde magtes" (1970, p. 181,182). Hierdie verset kan selfs gewelddadig wees (1970, p. 112).

Wat beteken dit alles?

Dit kan soos volg saamgevat word:

- God is heilzaam teenwoordig en werksaam in hierdie wêreld en hierdie tyd waarin die mens hom vandag bevind.

- Elke gelowige moet op eie verantwoordelikheid die spore van God en heilsame teenwoordigheid in hierdie wêreld soek en die evangelie van Christus daarin vertolk.
- Die spore van God se teenwoordigheid is die volgende:
 - = verlange na humaniteit;
 - = strewe na vernuwing (soek na 'n nuwe aarde);
 - = mens-wees vir ander;
 - = politieke en maatskaplike heil;
 - = verset teen gevestigde magte met rewolusie en geweld.
- Dit is die taak van die prediking om God se openbaring in die evangelie van Jesus van Nasaret met God se openbaring in hierdie spore van sy heilsame teenwoordigheid in verband te bring en in terme van hierdie spore te verklaar.

Kuitert se uitlatings wek die indruk dat hy God se openbaring in die Bybel (besondere openbaring) en sy openbaring in die wêreld (algemene openbaring) as min of meer twee gelykstaande vorme van openbaring beskou wat slegs deur die prediking met mekaar in verband gebring moet word (Velema, 1971, p. 92-95).

'n Mens kan dit nog sterker stel: As Kuitert sê dat die evangelie van Jesus slegs met verset teen die gevestigde magte gekombineer kan word, dan beteken dit dat God se wil in die wêreld duideliker en anders geopenbaar is as in die Skrif. Daarin word die Christen immers in Rom. 13 geleer om hom te onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is. Maar uit die wêreld leer die Christen, volgens Kuitert,

dat God van hom vra om hom te verset teen die gevestigde magte, en daaraan moet hy voorkeur gee.

In die verband skryf Kuitert ook: "Zo gaat het niet alleen in het rijk van de schepping, maar ook in het rijk van het heil. Of liever: die tweedeling dat er afzonderlijk over God als schepper en als verlosser gesproken zou kunnen worden, is een tweedeling die alleen in theorie bestaat. In de werkelijkheid komen we natuurlijk niet de ene keer de schepper tegen en de andere keer de verlosser maar alleen de ondeelbare God die scheppend en heilgevend God is door mens en wereld heen" (1975, p. 92).

Van hierdie woorde sê Van Oeveren: "Kuitert verwerpt de onderscheiding tussen een algemene en een bijzondere openbaring". Hy sê dat ons in die Gereformeerde Belydenis nooit 'n algemene openbaring ontken het wat tot alle mense uitgaan nie. "Maar het gaat in deze openbaring niet over de liefde Gods ons in Jezus Christus geopenbaard. Het gaat hierin niét over verlossing of verzoening. Welnu wanneer Kuitert deze onderscheiding laat vallen, moet door héél zijn boek heen de gedachte niemand verwonderd zijn, wanneer de verzoening tussen God en mens helemaal niet ter sprake komt!" (1976, p. 23).

Samevattend kan dus gesê word: Hoewel Kuitert aanvanklik nog die onderskeid tussen die algemene en die besondere openbaring wou handhaaf, het hy tog hoe langer hoe meer daartoe gekom om dit in die praktyk te verwerp en soms selfs God se sogenaamde openbaring buite die Skrif hoër te ag as sy openbaring in die Skrif.

2.2.5 Die Skrif verlaag tot projeksies van mense

Seker die duidelikste vorm van verwerping van die Skrif en sy gesag is te vinde in Kuitert se boek Zonder geloof vaart niemand wel (1975). Let veral op die volgende drie uitsprake daarin:

- x Wat die Christen op grond van die Skrif bely oor die hiernamaals, die laaste oordeel, die hemel, ens. is niks anders nie as projeksies van mense (1975, p. 83).
- x Die kolossale ry van genoemde en ander toekomsontwerpe wat die Skrif bied, is sake wat "stuk voor stuk door onszelf, als mensen, zijn bedacht" (1975, p. 83,84).
- x Iets is nie 'n Christelike waarheid omdat dit in die Bybel staan nie, maar net as dit aan of vir die mens iets doen (1975, p. 101).

2.2.6 Samevatting en beoordeling

In die lig van die voorgaande kan Kuitert se verwerping van die gesag van die Skrif as Woord van God én die mensgesentreerdheid van sy Skrifbeskouing puntsgewys soos volg aanduidi word:

- #### 2.2.6.1 Deur die inhoud van die Skrif te beskou as oorlewing van Israel se Godskennis, vind daar 'n gevaarlike verskuiwing plaas. Die nadruk val hier nie op God nie maar op die mens; nie op God wat Homself aan Israel geopenbaar het nie, maar op die wyse waarop Israel van sy openbaring kennis geneem en dit oorgelewer het. Dit is 'n verskuiwing wat by hom uitgeloop het op die onderskeiding tussen saak en verpakking

in die Skrif.

2.2.6.2 Deur die uitsprake en gebeure in die kerk deur die eeue heen as "tradisie" te beskou en dit, wat die gesag daarvan betref, op dieselfde vlak te plaas as die uitsprake van die Skrif, skep Kuitert 'n oop kanon. Gevolglik verloor die Skrif sy gesag as die unieke, afgeslote kanon en bekendmaking van alles wat nodig is om God te eer en vir die mens om die saligheid te verkry. (Vgl. N.G.B. art. 7).

2.2.6.3 Kuitert wil hê die menslike aandeel moet in die verstaan van die Bybel tot sy reg kom. Maar hy beklemtoon dit so sterk dat sy Skrifverklaring 'n mensgesentreerde Skrifverklaring word waarin die nadruk nie val op wat God in sy Woord aan die mens wil openbaar nie, maar op die wyse waarop die mens die Bybel vir sy eie tyd moet interpreteer. Die Skrif moet dan spreek deur die "filter" van die moderne lewensgevoel heen.

Uiteindelik het Kuitert ook daartoe gekom om onomwonde te verklaar: "Alle spreken over boven komt van beneden, ook de uitspraak dat iets van boven komt" (1975, p. 28). Met hierdie uitspraak van Kuitert word, volgens Velema (1976, p. 79), afskeid geneem "van het openbaringsbegrip zoals het tot nu toe in de theologie, niet alleen van gereformeerde huize, heeft gegolden".

Graafland (1973 a, p. 22) vat Kuitert se siening in hierdie verband soos volg saam: "Wij moeten het ervaren, of iets waar is. Wij geloven niet meer dat iets waar is, omdat de Bijbel het zegt, maar omdat wij het als zodanig ervaren". So laat Kuitert die goddelike gesag van die Bybel "in de verdrukking komt" (Graafland, 1973 d, p. 47).

- 2.2.6.4 In sy poging om die godsdiens vir die moderne mens aanvaarbaar te maak, ken Kuitert in sy teologie te 'n groot plek toe aan die resultate van die natuurwetenskap. Daarom is hy daarvan beskuldig dat hy die wetenskap outo= noom en die Bybel relatief maak (Van Riessen, 1967, p. 82).
- 2.2.6.5 Omdat Kuitert slegs sekere dele van die Skrif as die werklike saak (heilsboodskap) beskou en die res slegs as verpakking, verwerp hy tot 'n groot mate die gesag van die Skrif, want die verpakking is volgens hom nie gesagvol nie. Daarmee ontnem hy die gelowige die wapen - die swaard van die Gees (Ef. 6:17) - wat Christus hom gegee het, naam= lik om met 'n "daar-staan-geskrywe" die aanvalle van Satan af te slaan. (Vgl. Christus se antwoorde toe Satan Hom versoek het - Matt. 4: 1-11). (Vgl. Meijers, 1970, p.7; Visee, 1969, p. 69-70).
- 2.2.6.6 Die mensgesentreerdheid van Kuitert se Skrifbeskouing word ook daarin geopenbaar dat dit uiteindelik die mens is wat moet uitmaak wat saak en wat verpakking in die Skrif is. Op die wyse manipuleer hy die Skrif so dat uiteindelik nie God se stem daarin gehoor word nie, maar die van die mens wat die "tradisie" moet deurgee na die ander mens.
- 2.2.6.7 Daar is 'n duidelike teenstrydigheid in Kuitert se Skrifbeskouing.
- By die behandeling van sy Godsbeskouing en veral van die antropomorfismes, is aangedui hoe sterk Kuitert die eenheid tussen inhoud en vorm beklemtoon. Hy sê dat God presies is soos Hy Hom openbaar. God is self mensvormig. (Vgl. punt 2.1.1).

Maar in sy Skrifbeskouing kan 'n duidelike verskuiwing opgemerk word. Hier beklemtoon hy weer die groot verskil tussen inhoud en vorm, tussen saak en verpakking (Buytendach, 1972, p. 166, 177). Hierdie innerlike teenstrydigheid kan waarskynlik alleen verklaar word uit sy strewe om die mens te behaag en aan die mens groter ruimte in die godsdiens en die teologie te gee.

2.2.6.8 Deur Woord en Gees van mekaar los te maak, word die Woord as die gesagvolle "stem" van die Heilige Gees verswak en die opening gebied vir die eie stem wat dan vertolker van die wil van die Heilige Gees sou wees. So word die weg geopen vir subjektiwistiese en bloot menslike uitlatings onder die dekmantel dat dit van die Heilige Gees af kom.

2.2.6.9 Deur die onderskeid tussen die algemene- en die besondere openbaring te laat vaar, kom Kuitert daartoe om "die stem van God" duideliker buite die Bybel as in die Bybel te hoor. Runia (1976, p. 99) beweer onomwonde dat Kuitert sy uitgangspunt in die algemene openbaring neem.

'n Mens kry die indruk dat Kuitert mense wil behaag, en in besonder die mense buite die offisiële kerke.¹⁾ Hy aanvaar immers die terminologie van die sekulêre wêreld op 'n onkritiese wyse as aanduidings van God se werk en openbaring (spore van God) in die wêreld, en dan pleit hy daarvoor om die evangelie van Jesus van Nasaret daarin te vertaal en te vertolk - sonder om hierdie terminologie in die lig

1) Blei (1975, p. 132) sê van Kuitert: "Wat Kuitert skryft over de rol van de theoloog in de geloofsgemeenschap geldt blijkbaar in hoge mate van hemzelf: hy maakt bewust en brengt aan de dag wat er aan vermoedens, verlangens, opvattingen onder de mensen leeft".

van God se besondere openbaring te beoordeel! So kom hy daartoe om 'n verbinding te lê tussen die evangelie van Christus en rewolusie teen die gevestigde magte (Vgl. Visee, 1969, p. 34-36, 57-59).

Onder die algemene openbaring is in die Gereformeerde teologie in die verlede altyd verstaan God se openbaring in die natuur, die geskiedenis en die gewete (Ps. 19; Rom. 1:18 e.v.; Rom. 2: 14,15, ens.). Maar dit wat Kuitert beskou as spore van God se teenwoordigheid in hierdie wêreld is radikaal iets anders as hierdie algemene openbaring. Dit is geen tekens van God se algemene openbaring nie maar is pure humanisme wat onder die dekmantel van God se heilsame teenwoordigheid in hierdie wêreld as "spore van God" aan ons voorgehou word.

2.2.6.10 Die feit dat Kuitert hom in die meeste van sy latere geskrifte al hoe minder oriënteer aan die Skrif, toon dat hy steeds verder van die Skrif af weg beweeg. En as hy dan sê dat die Christendom ook 'n godsdiens is (1975, p. 24-25) en dat die Christendom hom nie in 'n uitsonderingsposisie teenoor ander godsdienstige rigtings moet plaas nie (1975, p. 27) en dat die God van die Skrifte met Boeddha, Mohammed, ens. geïdentifiseer moet word (1977, p. 124), kan gesien word hoe ver hy reeds van die Skrif en daarom ook van Christus af weg beweeg het. Christus het immers duidelik gesê: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh. 14:6). Daarom bestaan daar nie so iets dat elkeen op grond van sy "eie geloof" - ongeag wat die inhoud daarvan is - kan salig word nie.

2.2.6.11 Teenoor Kuitert se siening dat dele van die Woord, en in besonder die dele wat handel oor die eskatologie, niks anders as projeksies van mense is nie, staan die woorde van Paulus in Thess. 1 waarin hy sy dank teenoor God betuig dat die gelowiges in Thessalonika sy prediking en die van sy helpers aanvaar het, "nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God" (1 Thess. 2:13). In hierdie verband is dit van besondere belang omdat Paulus juis in sy briewe aan die Thessalonicense soveel aandag gee aan die eskatologie.

Kuitert sal miskien in die toekoms onthou word as die man wat soos Jerobeam 1 "Israel laat sondig het", omdat sy uitlatings 'n miskenning is van die plek wat die Woord van die Here in die kerk van Christus moet hê. (Vgl. Blei, 1975, p. 132).

2.2.6.12 Samevattend kan gesê word dat Kuitert se Skrifbeskouing niks anders is as 'n mensgesentreerde Skrifbeskouing nie. Kuitert wil hê die mens moet tot sy reg kom, maar hy kwel hom klaarblyklik glad nie daarvoor of God se saak tot sy reg kom nie. Bowendien, as 'n mens die gesag van God se Woord verwerp, bly nog net die mens se woord oor wat gesaghebbend kan wees. (Vgl. Visee, 1969, p. 67-69).

2.3 Kuitert se leer oor Jesus Christus

2.3.1 Uiteensetting

In hierdie afdeling word - hoofsaaklik oorsigtelik - aangedui wat Kuitert se siening van Christus is, alleen in soverre dit betekenis het vir die etiek.

2.3.1.1 Christus - hoogtepunt van God se bondgenootskaplike omgang met die mens

Kuitert sê dat die historiese, bondgenootskaplike omgang van God met sy volk sy hoogtepunt bereik in Christus. Hy praat van die inhoud van die Skrif of die oorlewering van die Christelike kerk "als een getuigenis van historiese omgang en avontuur van Israel met Israels God, culminerend in het getuigenis van de omgang met Jezus Christus als de unieke representant van deze God" (1971 b, p. 163). Hy sê verder van God: "Hij is de God die als Bondgenoot-God meegaat, sprekend en handelend, met Israel; en in Jezus Christus dit Zijn Bondgenoot-zijn op unieke wijze openbaart" (1971 b, p. 163).

2.3.1.2 Christus, die "saak" in die Skrif

In die voorgaande (punt 2.2.2) is reeds aangedui hoe Kuitert onderskeid maak tussen saak en verpakking in die Skrif en die traditum.

Nou sê hy verder dat die saak van elke gebeurtenis soos dit gevind word in die Skrif en die tradisie, geleë is in die Persoon van Jesus Christus self; dit lê in die geskiedenis van Jesus soos dit deur die kerk van geslag tot geslag oorgelewer is; Christus is die "harde kern" van die Skriftuurlike getuigenis (1971 b, p. 184).

Tot die saak hoort ook die opstanding van Jesus. Jesus vóór die opstanding is dieselfde as Jesus ná die opstanding. Met hierdie kontinuïteit - dat die Gekruisigde ook die Opgestane is - staan of val die heilsboodskap (Kuitert, 1971 b, p. 184).

2.3.1.3 Christus se opstanding

Soos uit die voorgaande blyk, het Kuitert aanvanklik - in 1966¹⁾ - nog daaraan vasgehou dat die opstanding van Christus 'n historiese feit is. Later - in 1970 - het hy van hierdie siening af wegbeweeg en gesê dat 'n mens die opstandingsverhale nie moet lees as historiese informasie nie (Kuitert, 1970 b, p. 22). Hy sê dat net gevra moet word wat die woorde "Jesus het opgestaan" vir die mens van vandag beteken, sonder om daarmee te sê dat Jesus werklik opgestaan het. Hy noem onder andere die volgende interpretasies van Jesus se opstanding wat kan help om dit beter te verstaan:

- * Om aan Jesus se opstanding te glo, beteken maar net dieselfde as om in Jesus te glo.
- * Al is Jesus dood, bly Hy vir die mens voortlewe as voorbeeld en model.
- * Hy het liggaamlik opgestaan in die synes.
- * Die dood het Jesus wel gestop, maar nie die Woord waarvan Hy die draer was nie.
- * God het Hom opgewek in die Woord van die prediking.
- * Die belydenis dat Jesus opgestaan het, moet beskou word "als een achteraf-omschrijving van de belijdenis dat Jezus leeft. Dat laaste ("Jezus leeft") wil eigenlijk zeggen: Hij geeft ons het leven" (Kuitert, 1970 b, p. 23,24).

Hoe hierdie interpretasies ook van mekaar verskil, almal het dit in gemeen dat daarin oorgegaan is van 'n letterlike

1) Die eerste druk van 1971 b was in 1966.

verklaring van Christus se opstanding as 'n historiese feit na 'n figuurlike (simboliese) verklaring daarvan sonder om daarmee te sê dat Hy werklik opgestaan het. Die opstandingsverhale is, volgens Kuitert, immers geen "historiese informasie" nie (1970 b, p. 22).

Daarom is dit te verstane dat Kuitert sê dat die verlossing van die dood wat Christus bewerk het, eintlik alleen beteken dat Hy die mens verlos van die idee dat die dood die straf op sy sonde is. So verlos Hy die mens van die doodloopstraat waarin sy gebrekkige kennis oor die dood hom laat beland het (1970, p. 148; Velema, 1971, p. 85-87).

2.3.1.4 Nuwe betekenis van die werk van Jesus

God het Homself duidelik uitgespreek in Jesus maar tog nog nie volledig nie. Daarmee bedoel Kuitert dat daar nuwe kante of aspekte in die werk van Jesus is wat Paulus en Johannes nie opgemerk en bely het nie, maar wat eers in later jare - selfs in die moderne tyd - deur die werking van die Heilige Gees aan die mens geopenbaar word. Die Heilige Gees toon aan wat die betekenis van Jesus spesifiek vir vandag is, en Hy bring dit onder woorde in terminologie wat tans verstaan kan word (1971 d, p. 23).

Daarom kan die heilswerk van Christus vandag sonder enige vrees uitgelê word in moderne uitdrukkings soos: mens-wees vir ander, politieke en maatskaplike heil, vernuwing van die samelewing en selfs die teologie van die rewolusie. Daarin word Jesus as Versoener en Ontstoorder geopenbaar. En dit alles word volgens Kuitert gedoen onder die gesag en leiding van die Heilige Gees (1970, p. 134; Velema, 1971, p. 75-76, 131).

2.3.1.5 Jesus as beloftewoord vir die toekoms

Die teologie van die hoop van Moltmann (vgl. 1969 a en 1969 b) het beslis op Kuitert indruk gemaak. Hierdie gedagte van hoop bou hy ook in sy teologie in. Hy doen dit veral deur Jesus te beskou as die beloftewoord vir die wêreld, en hy doen dit op grond van Openb. 21:5: "Kyk, Ek maak alles nuut" (1970, p. 102).

Hierdie beloftewoord word nie net in die kerk gehoor nie maar ook daarbuite. Trouens, oral waar daar verwagting in die wêreld is, daar is hierdie beloftewoord aan die werk (1970, p. 102).

Deur Jesus as beloftewoord vir die wêreld te beskou, kan die hele sogenaamde vernuwings van die samelewing, selfs die teologie van die rewolusie, in die wêreld ingedra word as duideliker openbaring van die inhoud van die "woordje" God (Velema, 1971, p. 76).

In die lig hiervan moet 'n mens ook uitsprake soos die volgende sien: Iets is nie Christelik bloot omdat dit in die Bybel staan nie. Nee, 'n waarheid is slegs 'n Christelike waarheid as dit vir mens en wêreld die toekoms open en vryheid skenk (Kuitert, 1975, p. 101). "Niets bij het oude laten wordt dan typisch christelijk" (Kuitert, 1970, p. 103).

2.3.1.6 Die heilsboodskap van Christus in moderne taal

As Kuitert sê dat die heilsboodskap van Christus in moderne taal vertaal moet word, bedoel hy daarmee nie dat die grondtekste van die Bybel in die moderne taal en idioom van elke volk gegee moet word nie. Nee, hy het iets anders in die oog.

Kuitert sê dat God tans heilsaam teenwoordig is in die wêreld. Die spore van God se heilsame teenwoordigheid kan duidelik gesien word in sake soos: mens-wees vir ander, humaniteit, politieke en maatskaplike betrokkenheid, nuwe toekomsdenke, teologie van die hoop, teologie van die rewolusie, ens. Nou is dit die taak van die kerk om in die prediking die evangelie van Christus (die heil in Christus) te vertaal in terme van hierdie spore van God se heilsame teenwoordigheid en aan te dui hoe God daarin werksaam is. Dit is met ander woorde die taak van die kerk om al hierdie aksies vanuit die evangelie te regverdig en goed te praat. In meer bekende terme beteken dit dat die besondere openbaring verklaar moet word vanuit en in die lig van die algemene openbaring. (Vgl. punt 2.2.4)

2.3.2 Beoordeling

2.3.2.1 Nuwe betekenis van die werk van Jesus

As Kuitert sê dat die werk van Christus tans nuwe betekenis kry, is die vraag wat hy daarmee bedoel. As dit beteken dat die mens van vandag met ander (nuwe) probleme te doen het as wat daar was in die tyd van die omwandeling van Christus en sy apostels, bv. besoedeling, eutanase, oorlog met kernwapens, ens., en dat dit beoordeel moet word in die lig van die evangelie, het hy gelyk. Maar dit is skynbaar nie wat Kuitert bedoel nie. Wat hy bedoel, kom daarop neer dat die evangelie vandag iets anders moet sê as wat dit in die tyd van Paulus en Johannes gesê het. Paulus sê byvoorbeeld dat jy jou moet onderwerp aan die owerheid. Maar Kuitert sê dat die evangelie van Christus in die huidige tydsgewrig beteken dat die mens hom moet verset teen die gevestigde magte. As dit die geval is, is die siening van Kuitert onaanvaarbaar. Wat hy voorhou

as nuwe betekenis van die werk van Christus, is niks anders nie as menslike gedagtes wat in stryd is met die evangelie en met die getuïenis van Paulus en Johannes.

2.3.2.2 Jesus as beloftewoord vir die toekoms

Kuitert beskou Jesus as beloftewoord vir die toekoms. As hy daarmee bedoel dat Christus by sy wederkoms sy verlossingswerk ten volle sal verwerklik en dat die gelowiges ook uit genade daarin sal deel, het hy gelyk. Maar Kuitert heg aan Christus as beloftewoord vir die toekoms 'n aardse betekenis en gee aan die teologie van die rewolusie 'n plek daarin.

Kuitert verwerp die gangbare teëstelling tussen God se heil en die heil vir die wêreld. "Gods heil is aards heil" (1970, p. 103). En hy bepleit verder die teologie van die rewolusie omdat dit moet help met die vorming van 'n soort Christen-wees "die haar hart geheel en al aan de mens en zijn wereld verpandt" (1970, p. 104). As Kuitert Christus as beloftewoord vir die toekoms so beskou, moet dit radikaal afgewys word. Hierin word opnuut geopenbaar hoedat Kuitert sy uitgangspunt in die moderne mens neem en hom wil behaag deur die evangelie van Christus by hom aan te pas. Bowendien word die heil van Christus hier gelykgestel met veranderings in die samelewing.

Die hele saak word nog meer bedenklik as dit beskou word in die lig van die uitvloeiing van Kuitert se standpunt, naamlik dat - soos Van Niftrik aangedui het (1971, p. 59-60) - God besig is om in die loop van die geskiedenis (dit wil sê in die toekoms) al hoe meer God te word, en eers teen die einde ten volle God sal wees. En hierdie

"ontwikkeling" van God hang ten nouste saam met die ontwikkeling van die mens, want God se verhouding tot die mens hoort volgens Kuitert wesenlik by die God-wees van God (1969, p. 265). (Vgl. punt 2.1.5.4). Hier word 'n ander God as die God van die Skrifte aan die mens voorgehou.

2.3.2.3 Die heilsboodsaap van Christus in moderne taal
Kuitert wil hê dat die evangelie van Christus gefinterpreteer moet word vanuit die sogenaamde spore van God se heilsame teenwoordigheid in hierdie wêreld. Ook hierin neem Kuitert sy uitgangspunt in die moderne mens. Daarom is dit volgens hom die taak van die kerk om die evangelie van Christus so te bewimpel dat dit sê wat die moderne mens graag wil hê dat dit moet sê. Probeer Kuitert nie om mense in hulle gehoor te streef deur volgens hulle eie begeerlikhede te spreek nie ? (2 Tim. 4:3).

3. KUITERT SE ETIEK - TEORETIES

Die konsekwensies van Kuitert se dogmatiek vir sy etiek word in hierdie hoofstuk kortliks aangedui. Verder word dié aspekte van sy etiek behandel wat meer teoreties as prakties van aard is¹⁾ om vas te stel watter plek hy daarin aan die mens toeken.

3.1 Die openbaring van God se wil volgens Kuitert

Om Kuitert se etiek behoorlik te kan beoordeel, is dit nodig dat hier net 'n kort samevatting gegee word van veral sy siening oor God en die Skrif soos in die voorgaande reeds aangedui is. Dit gaan dan veral om sy siening van die wyse waarop God Homself en sy wil aan die mens openbaar.

3.1.1 God is die Bondgenoot-God

Volgens Kuitert is daar 'n eenheid tussen die Wese en die openbaring van God. God is presies soos Hy Hom aan die mens openbaar. Hy is nie anders en ook nie meer as wat 'n mens uit sy openbaring van Hom te wete kom nie. En omdat God Hom op mensvormige wyse aan die mens openbaar, is Hy mensvormig. (Vgl. punt 2.1.1).

God se verhouding tot die mens behoort wesenlik tot sy God-wees. Sonder die mens kan God nie eintlik God wees nie. God is vir die mens 'n bondgenoot. Sy Wese word bepaal deur sy bondgenoot-wees vir die mens. (Vgl. punt 2.1.2).

As bondgenoot van die mens gaan God met die mens deur die geskiedenis. God en mens verrig saam bondgenootskaplike

1) Vgl. voetnoot by punt 1.7.

dade. (Vgl. punt 2.1.5.1).

In hierdie bondgenootskaplike omgang van God met die mens openbaar God Hom voortdurend en telkens weer opnuut aan die mens. En God doen dit dan op 'n wyse wat aanpas by die mens en in die terminologie van die mens van elke betrokke tyd. So word God as Skepper tans aan die mens geopenbaar in terme van ewolusie, selle, atome, ens. (Vgl. punt 2.1.5.2).

Deur sy toename in kennis help die mens God om Homself aan hom te openbaar. Hy doen dit veral deur aan God name te gee. Die naamgewing aan God is nie 'n antwoord van die mens op die selfopenbaring van God nie maar deel van sy selfopenbaring. (Vgl. punt 2.1.5.2).

Omdat God Homself in die loop van die geskiedenis aan die mens openbaar, is sy openbaring nie afgeloop nie. Dit gaan nog altyd voort. (Vgl. punt 2.1.5.2).

Wat is die betekenis hiervan vir die etiek?

Die betekenis van hierdie siening vir die etiek kom in hoofsaak volgens Kuitert daarop neer dat aan die kontemporêre probleme baie ernstige aandag gegee moet word. Omdat God hier en nou bondgenootskaplik met die mens omgaan en Hom hier en nou aan die mens openbaar in die terminologie van sy eie tyd, moet die mens ook al sy kragte toewy aan die oplossing van die probleme van sy eie tyd. (Vgl. punt 2.1.5.2).

Dit is wat Kuitert ook bedoel as hy pleit vir horisontalisering. Die heil van God moet in hîêrdie wêreld gesoek word

en nie daarbo of daarbuite nie. (Vgl. punt 2.1.5.3). Daarom verbaas dit 'n mens ook nie dat Kuitert daartoe kan kom om godsdienst, politiek en seks op een lyn te plaas nie, want hy sê: "Godsdienst, politiek en seksualiteit zijn tenslotte de belangrikste dinge van het leven" (1975, p. 6).

Daar is 'n wesensooreenkoms tussen God en mens wat hulle dade betref. Die dade wat hulle verrig, is bondgenootskaplike dade waarin hulle saam werksaam is. (Vgl. punt 2.1.4 en 2.1.5.4).

Dit geld ook van die mens se sedelike handeling. As die mens dan 'n oplossing van sy etiese probleme soek deur rewolusie en geweld, moet ook daarin die aktiewe werksaamheid van God self gesien word. (Vgl. punt 2.1.5.4).

3.1.2 Die Skrif: saak en verpakking

Kuitert aanvaar nie die Bybel in sy geheel as die deur die Heilige Gees geïnspireerde Woord van God wat in alle tye vir die mens normatief en gesaghebbend is nie. Hy onderskei tussen die getuienis en die historiese klank=bodem in die Skrif, dit wil sê tussen die saak (die eintlike boodskap van die Skrif of die tradisie) en die verpakking (die kultuur-historiese terminologie waarin dit gegiet is). (Vgl. punt 2.2.2.1).

Die verpakking is nie normatief nie. Wie die verpakking wil kanoniseer, doen tekort aan die historiese karakter van die waarheid. (Vgl. punt 2.2.2.1 en 2.2.2.2).

God het destyds sy "saak" aan Israel gestel in 'n vorm of verpakking wat vir Israel verstaanbaar was. So stel

God ook vandag sy "saak" in 'n verpakking wat vir die moderne mens verstaanbaar en aanvaarbaar is. (Vgl. punt 2.2.2.1).

Om hierdie rede verwerp Kuitert ook alle formele beroep op die Skrif en hou hy slegs vas aan 'n materiële beroep daarop. (Vgl. punt 2.2.2.2).

Maar hoe weet die mens wat in die Bybel saak en wat verpakking is?

Kuitert sê: In die bondgenootskaplike omgang tussen God en die mens word dit deur die verligting van die Heilige Gees vir die mens duidelik wat saak en wat verpakking is:

Die eintlike saak waarom dit in die openbaring gaan, is die verlossing deur Jesus Christus en wat dit in elke besondere situasie vir die mens beteken. (Vgl. punt 2.2.2.3 en 2.2.3.2).

Wat is die betekenis hiervan vir die etiek?

- x Die implikasie hiervan is eerstens dat 'n mens jou nie meer op die letter van die Skrif kan beroep nie, want die "letter" hoort by die verpakking. Slegs die saak, Jesus Christus self, het krag en waarde. Daarom het Kuitert ook 'n nuwe metode van beroep op die Skrif in die etiek ontwerp. (Vgl. punt 3.2).
- x Tweedens beteken Kuitert se siening dat die kanon oop is. God se openbaring is nie afgesluit nie, maar in sy bondgenootskaplike omgang met die mens openbaar Hy Hom nog voortdurend gesagvol aan hom.

Dit beteken dat as 'n persoon anders handel as wat in die Skrif geleer word, hy hom daarop kan beroep dat hy "nuwe lig" of 'n "nuwe openbaring" van God ontvang het. Daarmee is die weg tot bandeloosheid geopen, en dan boonop 'n bandeloosheid met 'n beroep op 'n besondere openbaring van God. Dat dit vir die etiek funeste gevolge moet hê, spreek vanself.

Hierdie siening impliseer 'n verwerping van die gesag van die Skrif oor die mens se lewe. Dit word aan elke mens oorgelaat om te doen net wat hy wil. Kuitert sê immers met soveel woorde dat dit nie net die Skrif is wat 'n sê het nie; die mens self het ook 'n sê (1970, p. 87).

3.1.3 Die algemene openbaring (Vgl. punt 2.2.4)

Volgens Kuitert is die algemene openbaring nie 'n implisiete besondere openbaring nie. Hy beskou die algemene openbaring so: Daar is bepaalde tekens (of trekke) van God se teenwoordigheid in die wêreld waarin die mens hom tans bevind. Hy noem dit spore van God in die mens se historiese leefwêreld.

Hy beskou dit ook as die taak van elke gelowige om op eie verantwoordelikheid die spore van God se heilsame teenwoordigheid in die wêreld te soek en die evangelie van Christus daarin te vertolk. Dit is ook die besondere taak van die prediking.

Sulke spore van God se teenwoordigheid is die volgende: verlange na humaniteit; strewe na vernuwning (soek na 'n nuwe aarde); mens-wees vir ander; verset teen gevestigde

magte met rewolusie en geweld.

Wat is die betekenis hiervan vir die etiek?

Hier word die weg geopen om bykans enige menslike aksie - selfs die wat in stryd is met God se woord - te beskou as spore van God, oftewel aksies wat voortkom uit God se heil= same teenwoordigheid in die wêreld. Al wat dan nodig is, is om dit in terme van die evangelie te verklaar en moti= verings daarvoor in die Skrif te soek - ook al het dit 'n verdraaiing van die Skrif tot gevolg.

'n Duidelike voorbeeld hiervan is dat Kuitert rewolusie en verset teen die gevestigde magte as sulke spore van God beskou.

Die voorbeelde van die dinge wat volgens Kuitert spore van God is, toon dat wat hier as God se algemene openbaring voorgehou word, in werklikheid niks anders is nie as pure humanisme. Hier word vir bepaalde aksies, wat buite, los en strydig met die Skrif ontstaan het, regverdiging in die Skrif gesoek, in plaas van om dit in alle eerlikheid te toets aan die Skrif. Dat dit rampspoedige gevolge vir die Gereformeerde etiek moet hê, is vanselfsprekend.

3.2 Die beroep op die Skrif in die etiek volgens Kuitert

3.2.1 Uiteensetting

3.2.1.1 Besware teen die tradisionele siening

Kuitert (1970, p. 63-87) se besware teen die tradisionele beroep op die Skrif (waarin aan die formele en materiële Skrifgesag vasgehou is) kom in hoofsaak op die volgende neer:

- 3.2.1.1.1 Die kultuur-historiese situasie van destyds en vandag (die verpakking) het heeltemal verander. Die hedendaagse mens tree nie meer op soos destyds nie. Hy verwys hier veral na die posisie van die vrou (1970, p. 66-68).
- 3.2.1.1.2 Daar is teenstrydige uitsprake in die Skrif (1970, p. 68).
- 3.2.1.1.3 Die geskiedenis van die verklaring van die Bergrede van Christus (sommige wil dit onderhou sonder uitsonderings en ander met uitsonderings) toon aan hoe ingewikkeld die tradisionele siening sake vir die mens maak (1970, p. 68-69).
- 3.2.1.1.4 Die mense het hulle in die verlede by die Skrif=beroep in die etiek ernstig skuldig gemaak aan biblisme: hulle het hulle slegs op sekere willekeurige gedeelte beroep sonder om die hele Skrif te laat spreek (1970, p. 70-71, 77).
- 3.2.1.1.5 Kuitert sê dat dit moeilik is "om in die ganse chaos van bijbelse geboden de tijdelijke, historisch bepaalde geboden te kunnen scheiden van de niet-historisch bepaalde, altijd en overal geldige" (1970, p. 72). Die oplossings wat in die verlede gebied is, byvoorbeeld om dit aan die hand van die Tien Gebooie te onderskei, bevredig Kuitert nie (1970, p. 72-73).
- 3.2.1.1.6 Selfs die beroep op die Tien Gebooie gaan nie meer op nie, omdat die Christen hom, volgens Kuitert, nie meer daaraan hou soos dit in die Skrif staan nie. Dit kan veral gesien word by die vierde gebod oor die sabbat op die sewende dag en die Christelike Sondag op die eerste

dag (1970, p. 73-74).

3.2.1.1.7 In die verlede is daar in die etiek heel dikwels gepoog om 'n sekere praktyk vanuit die Skrif te regverdig. Daar is dus vanuit die praktyk na die Skrif gegaan, in plaas van dat die Skrif moes aandui hoe die praktyk daar moes uitsien (1970, p. 74).

3.2.1.2 Bybelse gebooie is voorbeelde

Teenoor hierdie besware teen die tradisioneel Gereformeerde Skrifberoep in die etiek stel Kuitert dan dat, om aan die saak reg te laat geskied, daar deeglik rekening gehou moet word met die tydgebondenheid van die Skrif (1970, p. 78). Daarby wys die tydgebondenheid van die gebooie nie net op die voortgang van die heilsgeskiedenis nie maar ook op die voortgang van die geskiedenis in die algemeen (1970, p. 79).

Maar kan daar nog sprake wees van 'n Skrifberoep in die etiek as die tydgebondenheid van die Bybelse voorskrifte in ag geneem word? Ja, wel, maar dan slegs "een indirect Schriftberoep" (1970, p. 80).

Wat behels hierdie indirekte Skrifberoep wat vir Kuitert aanvaarbaar is?

Dit beteken dat die Bybelse gebooie soos volg beskou moet word: "Wij krijgen daarin informatie over Gods bedoeling met mens en wereld, zoals die bedoeling in een bepaalde tijd (en dat varieert in de Schrift zelf reeds aanmerkelijk) is verstaan en gehoorzaamd" (1970, p. 85). Volgens Kuitert beteken dit dat die Bybelse gebooie tans net voorbeelde (of etiese modelle, paradigmas, ens.) is van hoe God se bedoeling met die mens en wêreld verstaan en ge-

=hoorsaam moet word (1970, p. 85).

Deur die Bybelse gebooië as voorbeelde te beskou, verdis-
konteer die Christen "de onveranderlikheid van Gods wil
sonder onhistorisch te worden en omgekeerd: ze honoreer
de historiciteit van de bybelse paranese sonder in een
regelrechte situasie-etiek te vervallen" (1970, p. 86).

Deur so 'n hermeneutiese proses word die horende mens aktief
ingeskakel. God se openbaring reken daarop dat dit te doen
het met mense wat hulle verstand, verantwoordelikeitsbe-
sef en kennis nie tuis laat nie maar juis gebruik om tot
ware gehoorsaamheid aan die Woord te kom (1970, p. 86).

Om die Bybelse gebooië vandag te kan verstaan en te kan
gehoorsaam, moet dit geontsosialiseer word (losgemaak word
uit hulle verpakking). 'n Voorbeeld daarvan is volgens
Kuitert die Vadernaam van God: vandag het dit nie meer die=
selfde betekenis as in die patriargale tyd waarin die Bybel
geskryf is nie. Daarom stel hy as eis: "Wij moeten evan-
gelie en gebod herformuleren opdat beide hetzelfde zouden
blyven als gister" (1970, p. 87).

Ook in die Bybel self is daar soms 'n herformulering van
die gebod van God (deutero-nomium), en selfs daar sien die
gebod van God dan anders uit as voorheen. Hierdie voor=
beeld moet die gelowige navolg (1970, p. 87).

In navolging van Lehmann¹⁾ praat Kuitert ook "van een
'continuous conversation' tussen die kerk en die Skrifte.

1) Kuitert verwys na Lehmann, P. 1973. Ethics in a
Christian context. London. p. 31.

Niet alleen de Schrift is er maar er is ook een door de Geest geleide gemeente".¹⁾ Die gemeente mag daar wees "als instantie die door de Heilige Geest betrokken word in een dialoog met de Schrift (als canon!) over wat vandaag ge= hoorzaamheid is aan Gods gebod" (1970, p. 87).

In die lig van die voorgaande kan Kuitert se siening oor die Skrifberoep in die etiek soos volg saamgevat word:

- x Enige direkte beroep op die Skrif word afgewys.
- x Die gebooe in die Skrif is slegs voorbeelde of modelle van hoe God se bedoeling met mens en wêreld verstaan en gehoorsaam moet word.
- x Die kerk moet in dialoog met die Skrif vasstel hoe God se gebooe gehoorsaam moet word.

Dit kom daarop neer dat die mens moet besluit wat in 'n bepaalde situasie die wil van God is en wat nie. En omdat 'n direkte beroep op die Skrif uitgesluit is, is dit wel moontlik dat verskillende persone uiteenlopend kan verskil oor wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is. In die lig hiervan kan die vraag gestel word wat Kuitert dan bedoel as hy praat van "de onveranderlikheid van Gods wil" (1970, p. 86). Hoe kan God se wil onveranderlik wees as Hy dit aan veranderlike mense oorlaat om dit te verander om aan te pas by elke voorkomende situasie?

In die volgende punt word hieraan aandag gegee. (Vgl. Kuitert, 1970, p. 183-196).

1) Kursivering van my - P.J. de B.

3.2.1.3 Die onveranderlikheid van God se wil - die utiliteit van die moraal

Moraal is volgens Kuitert "de zede, het gedragpatroon, dat wat 'men' doet" (1970, p. 184). Moraal is altyd dit wat 'n gemeenskap - 'n dorp, 'n klub, 'n kerk - doen; moraal is in een woord altyd groepsmoraal (1970, p. 186). Daarom kan moraal selfs 'n enkeling vermorsel as hy nie sterk genoeg is nie (1970, p. 187). Moraal dra altyd die karakter van utiliteit, van nuttigheid (1970, p. 185).

Onder die utiliteit van die moraal verstaan Kuitert dit wat nuttig, voordelig en bruikbaar is vir die instandhouding en voortbestaan van die groep as groep (1970, p. 186).

By hierdie strewe na utiliteit in die moraal moet die Christen hom aanpas. God wil ook hê dat hy die utiliteit van die groep moet nastreef. Kuitert sê immers dat "de christelike inbreng in de moraal evenzeer pure utiliteit" is (1970, p. 193-194). Hy sê verder: "Het christelike is dat wat nuttig is voor de schepping" (1970, p. 194).

As die Christene dus getrou is aan hulle roeping om die utiliteit van die groep na te streef, dan gee hulle uitvoering aan die onveranderlike wil van God, naamlik om te doen wat goed is vir mens en wêreld (Kuitert, 1970, p. 86).

Dit is altyd God se wil. Die konkrete gebooië in 'n moraal mag soms wissel, daar mag selfs die teenoorgestelde van 'n mens geëis word as wat vroeër as gebod beskou is, dit moet die Christen glad nie hinder nie. Solank hy die utiliteit van die groep nastreef en wil doen wat goed is vir mens en

wêreld, vervul hy die groot, onveranderlike gebod van God (1970, p. 192).

Dit is moeilik om te sien wat die verskil is tussen hierdie siening van Kuitert en die siening dat die doel die middele heilig - veral as Kuitert sê dat hy rewolusie en verset teen die gevestigde magte tans as noodsaaklik en in ooreenstemming met die evangelie beskou (1970, p. 112, 181-182).

3.2.1.4 Die verandering en kontinuïteit van die moraal¹⁾

Volgens Kuitert is die moraal aan verandering onderhewig; "ook de christelike moraal verandert" (1970, p. 190).

Hy sê verder: "De christelike moraal is voor mij het gebod van God, vertaald in historische en daarom verschuivende wegen van gehoorzaamheid. Op de wijze van de op verandering berekende moraal is het gebod van God onder ons tegenwoordig. Wie de moraal - zede, gewoonte, dat wat 'men' doet of niet doet in Israel - niet wil laten verschuiven brengt de christenen onder een wettisch juk" (1970, p. 190).

Maar naas die voortdurende verandering in die moraal, is daar volgens Kuitert tog ook weer 'n duidelik waarneembare kontinuïteit in die moraal. Dit moet daaraan toege skryf word dat die gebod van God wat aan die moraal ten grondslag lê, nie verander nie.

Kuitert sê: "De moraal is niet Gods gebod;²⁾ dat verandert

- 1) Vanweë die belang van hierdie saak en die besondere wyse waarop Kuitert uitdrukking daaraan gee, word grotendeels sy eie woorde hier weergegee.
- 2) God se gebod is geleë in utiliteit: dit wat goed en nuttig is vir die mens en wêreld moet gedoen word. Vgl. punt 3.3 van hierdie hoofstuk.

niet. De moraal is de gehoorzaamheidsgestalte van het gebod, en die verandert wel, want moraal is nooit eeuwig. Maar ook weer niet van nul tot oneindig, alsof er niet een onveranderlijk gebod was waarmee ze correspondeerde. En dat was het toch wat de oude conceptie van de natuurlijke orde, respectievelijk het natuurrecht, wilde uitdrukken: er is een zekere continuïteit in de moraal, en dat niet alleen in de hoofden van ethici en moraaltheologen, maar ook in de controleerbare werkelijkheid, een praktische continuïteit dus ... Elkaar niet doden, elkaar niet ontrouw worden, elkaar niet bestelen of bedriegen -, dat zijn niet alleen stukjes uit de Tien Geboden, maar ook stukjes praktische continuïteit in de moraal. Deze kan niet zó veranderen, of dergelijke elementen zullen er altijd in blijken te zitten, wil de gemeenschap zichzelf niet opheffen!" (1970, p. 192).

Maar wat bepaal die continuïteit in die moraal? Dit is God se gebod wat die mens altyd laat seek na die moraal met die beste utiliteit.

Kuitert stel dit so: "Wel kan de moraal - tijdelijk - een eindweegs in gevaarlijke richtingen gaan, bijvoorbeeld door de praktische zekeringen die elke moraal kenmerken als praktische moraal, te laten schieten of zelfs op te heffen. Om een actueel voorbeeld te geven: voorechtelijke promiscuïteit kan krasse vormen aannemen, zelfs de gemeenschap bedreigende vormen. Maar dat is altijd maar tijdelijk. Wanneer een bepaalde ontwikkeling ons het laatste kledingstuk heeft laten uittrekken, krijgen we het niet alleen te koud, maar schiet er ook niets meer over dan dat we nu weer beginnen met laagje voor laagje aan te trekken

(Smelik)¹). De moraal werkt dus eigenlijk, in het groot gezien, met een terugkoppelingssysteem; zij corrigeert haar eigen fouten op de lange duur" (1970, p. 192-193).

Hieruit is dit duidelik dat Kuitert 'n uiters optimistiese siening van die moraal het in die sondige wêreld waarin die mens lewe: die moraal kan hoe ver afwyk, op die ou end korrigeer hy homself en bring hy homself weer na die regte weë terug. Kuitert praat wel van "de christelike inbreng in de moraal" (1970, p. 193-194), maar so 'n Christelike beïnvloeding of korreksie van 'n afgedwaalde moraal is in werklikheid nie nodig nie; die moraal sal homself op die ou end tog weer regruk en korrigeer.

Hier word die Skrifberoep in die etiek dus baie laag ge-
waardeer en die indruk gewek dat dit ook nie werklik nood-
saaklik is nie.

3.2.1.5 Christelike moraal en algemene (wêreld)moraal

Omdat die Christelike moraal en die nie-Christelike moraal dieselfde doel en strewe het, naamlik die utiliteit van die groep, kan of behoort daar - volgens Kuitert - eintlik nie 'n verskil tussen die twee te wees nie. "Moraal is gekenmerk deur utiliteit voor de groep. De groep, respectievelijk de gemeenschap blijft er wêl bij varen. In die zin is de christelike inbreng in de moraal evenzeer pure utiliteit. Het christelike en het rationele, utile, staan niet teenover elkaar. Tot en met het offer van Jezus Christus - juist het offer van Jezus Christus (de verzoening) - is nuttig, de gemeenschap reddend handelen (vgl. Johannes 11: 45-53) ... Het christelike is dat wat nuttig is voor de

1) Kuitert vermeld nie die bron nie.

schepping. Vanuit het moraal gezien is het pure utiliteit, ook de liefde is dat (als we die tenminste tipisch christelĳk zouden mogen noemen), ook het offer en de zelfverloochening - ze zĳn een zeer zinvol element van die moraal, die niet alleen voor die christene goed is, maar voor alle mense. Tipisch christelĳk zou kunnen zĳn te geloven dat er m  er aan liefde, inzet en offer moegelĳk is dan die moraal vandaag te zien geeft" (1970, p. 193-194).

Dit kom daarop neer dat alle mense, Christene en nie-Christene, strewe na die beste utiliteit vir elke bepaalde groep. En al bydrae wat die Christene kan lewer, is om op 'n eie wyse te help om die utiliteit van die moraal vir die groepe te verhoog en te verbeter, net soos die nie-Christene dit weer op hulle eie, besondere wyse doen. En as dit die geval is, sou 'n mens inderdaad saam met Kuitert kan s  : "In die zin is die christelĳke inbreng in die moraal evenzeer pure utiliteit, (want) ... het christelĳke is dat wat nuttig is voor die schepping" (1970, p. 193,194).

Omdat Christene en nie-Christene dieselfde utiliteit nastreef en wel in so 'n mate dat die verskille tussen hulle feitlik heeltemal uitgeskakel word, is dit ook te verstane dat Kuitert verder kan gaan en kan s  : "Vandaar dat christene en niet-christene op basis van bovenge-noemde utiliteit zeer wel in staat zĳn elkaer te vinden in wat moreel goed is, tot aan het punt van gemeenschappelĳke insigte toe" (1970, p. 195). En as Christene en nie-Christene getrou is aan hulle strewe na utiliteit "al die christelĳke moraal als twee druppels water op die algemene moraal lyk" (1970, p. 196). Uiteindelik sal dit ook daarop uitloop dat daar niks anders sal wees nie "dan

één (oecumenische) wereld-moraal" (1970, p. 189).

Ook hieruit is dit duidelik dat, volgens Kuitert, die Christelike moraal en die algemene wereldmoraal op die ou end tog by dieselfde punt gaan uitkom. So verkry die Skrifberoep in die etiek al hoe minder waarde.

3.2.1.6 Die invloed van die godsdiens op die moraal

Wat is moraal volgens Kuitert?

In 1967¹⁾ het hy moraal gedefinieer as "de zede, het gedragspatroon, dat wat 'men' doet" (1970, p. 184).

In 1974²⁾ het hy moraal so gedefinieer:

"Moraal is het gedrag dat 'moet' omdat het binnen een gemeenschap proefondervindelijk het best mogelijke gedrag is gebleken om de waarden die een cultuurgemeenschap erop nahoudt, te verwezenlijken of te beschermen". Of, nog korter: moraal of "behoorlike gedrag" is "het gedrag met de beste consequenties voor de hele gemeenschap (in plaats van voor jou alleen)" (1975, p. 72).

Wat die inhoud van hierdie moraal is, word net deur die mens self bepaal. "Godsdienst levert geen eigensoortige bijdrage aan de inhoud van de moraal. Ook het christendom doet dat niet" (1975, p. 73). Al wat die godsdiens doen, is om die bestaande moraal te yk (1975, p. 73).

Kuitert sê: "Het christendom heeft door de eeuwen heen hetzelfde gedaan: gedrag dat een samenleving voor het beste

- 1) Die artikel wat in 1967 gepubliseer is, is opgeneem in Anders gezegd wat in 1970 verskyn het.
- 2) Die betrokke boek van Kuitert het in 1974 verskyn, maar ek gebruik die vierde druk wat in 1975 verskyn het.

hield, voor haar deel ijken ... Betekent dit alles dat het christendom helemal geen eigen spesifieke norme en waarden heeft ingebracht? Ik denk dat we moeten zeggen, vooral op grond van nuchter ondersoek, dat de situasie inderdaad zo ligt (1975, p. 66-67).

Later kom Kuitert op hierdie uitsprake terug en sê dan dat dit nie so verstaan moet word dat die godsdiens geen invloed op die moraal het nie. Dit het wel 'n invloed op die moraal, maar dan nie so dat dit 'n nuwe moraal tot stand bring nie; nee, dit selekteer slegs uit die bestaande moraal wat goed is en yk dit, en staan afwysend teenoor wat nie goed is nie (1975, p. 74). En dan moet "goed" hier slegs verstaan word as "goed voor de mens" (1975, p. 73).

Kuitert sê dat die godsdiens - enige godsdiens - slegs die bedding vir die moraal is en nie die bron daarvan nie (1975, p. 76).

Kuitert se powere Skrifberoep in die etiek het al hoe verder van die Skrif af weg beweeg tot hy uiteindelik daartoe gekom het om te sê dat die Skrif in werklikheid geen positiewe invloed op die moraal kan uitoefen nie. Dit kan slegs sekere aspekte van die wêreldse moraal selekteer en yk, maar dit kan nie self 'n nuwe moraal help opbou nie. Ons kry hier dus eintlik 'n verwerping van die Skrifberoep in die etiek.

Trouens, hy sê self: "Een waarheid is een christelike waarheid als zij mens en wereld toekomst opent of vrijheid schenkt. Zo gezien is het voor een christelike waarheid niet genoeg om in de bijbel te staan of in de christelike traditie", maar dit moet ook "het doen insluiten" (1975, p. 101).

As 'n waarheid dus nie vir die mens en die wêreld die toekoms open of vryheid skenk nie - wat dit ook al mag beteken - is dit geen Christelike waarheid nie al staan dit in die Bybel! En 'n waarheid wat dit wêl doen, is 'n Christelike waarheid, al is dit in wese deur en deur heidens.

Hier bly van God se Woord in die etiek niks meer oor nie.

3.2.2 Beoordeling¹⁾

3.2.2.1 Voorbeelde of gebooie? (Vgl. punt 3.2.1.2).

Wat bied die Skrif in hierdie verband: net voorbeelde van hoe God se wil verstaan en gehoorsaam moet word, wat dan geaktualiseer moet word en op 'n kontemporêre wyse van toepassing gemaak moet word, of werklike voorskrifte waarin uitdruklik gesê word wat gedoen mag word en wat nie? Om 'n behoorlike antwoord hierop te kry, moet nagegaan word hoe Christus die Ou-Testamentiese gebooie verstaan het, en hoe Paulus en ander skrywers van die Nuwe Testament sowel die Ou-Testamentiese gebooie as die wil van Christus verstaan het. En dan is dit baie duidelik dat hier sprake is van gebooie en voorskrifte en nie slegs van voorbeelde nie.

Dit blyk duidelik uit die volgende:

3.2.2.1.1 Toe die ryk jongman aan Christus gevra het wat hy moet doen om gered te word, het Christus hom na die ge

1) Vir die beoordeling van hierdie deel maak ek dankbaar gebruik van die grondige, wetenskaplike en goed verantwoorde studie van Douma (1972). Ook Abma (1976, p. 69) het hoë waardering vir hierdie werk van Douma en sê dat hy Kuitert daarin bestry "uitvoerig en gedegen op grond van Schrift en belijdenis".

=booie van God verwys en die vyfde tot die negende gebod aangehaal (Mark. 10:19). Soortgelyke verwysings na die Tien Gebooie as nog altyd gesagvol en bindend, is ook te vinde by Paulus (Rom. 13:8-10) en Jakobus (Jak. 2:11).

3.2.2.1.2 Met uitdrukkings soos "daar staan geskrywe" of "soos geskrywe is", word deur Christus en die apostels uit die Ou Testament as blywend gesaghebbend aangehaal (Matt. 4: 1-11; 2 Kor. 8:15; 9:9). Byvoorbeeld: die persoon wat hom wil wreek, vergeet dat daar geskrywe is dat God uitdruklik gesê het: "Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here" (Rom. 12:19; vgl. Deut. 32:35).

3.2.2.1.3 Paulus beklemtoon die uiters belangrike betekenis van die wet ook in die lewe van die Nuwe-Testamentiese gelowige. Hoewel die wet geen heilsweg is nie, is en bly dit altyd die lewensnorm waarvolgens die mens sy lewe uit dankbaarheid moet inrig (Douma, 1972, p. 25-27).

In hierdie verband is Paulus se uitsprake oor die wet in Rom. 7 baie insiggewend.

"Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie" (Rom. 7:7). Die eintlike ellende is geleë in die hart van die mens. In aansluiting by die gebod het die sonde allerlei begeerlikheid in hom opgewek, want sonder die wet is die sonde dood. Maar toe die gebod kom, het die sonde begin lewe en hy het begin sterwe. "En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees", omdat die sonde dit misbruik het. "Dus is die wet heilig

en die gebod is heilig en regverdig en goed". Maar hierdie goeie wet het vir hom dodelik geword omdat die bese menslike hart daarteen in verset kom. Die goeie wet maak die sluimerende sonde in hom wakker; dit aktualiseer die kwade in hom en word vir hom 'n prikkel tot die dood (Rom. 7: 7-13).

Maar vir almal wat deur Christus 'n nuwe skepping is (2 Kor. 5:17), is daar nou ook 'n nuwe verhouding tot die wet, of duideliker gestel: 'n vernieuende verhouding tot die wet, want die oorspronklike bedoeling van die wet kom nou opnuut aan die lig. Wie hom verdiep in die volmaakte wet, noem dit saam met Jakobus die wet van die vryheid (Jak. 1:25). Hy sien die wet weer as die lewende wet van God wat dien tot bevryding van die mens. Dit bevat nie 'n program van sweepslae vir slawe nie, maar van lewensreëls vir vrye kinders van God. Wat die water vir die visse is en die lug vir die voëls - hulle element - dit is die wet vir die kinders van God (Douma, 1972, p. 26).

Verder moet daarop gelet word dat die liefde wel die vervulling van die wet genoem word maar NIE die vervanging van die wet nie. Want as Paulus in Rom. 13 die liefde die vervulling van die wet noem, toon hy duidelik aan dat die konkrete betekenis daarvan is dat 'n mens nie mag doodslaan, egbreek, steel, ens. nie (Rom. 13:8-10).

'n Mens se lewe sal slegs in die regte bane gelei word as die liefde tot God die eerste plek in sy lewe inneem. Die liefde tot God word immers ook daarin geopenbaar dat sy geboorte bewaar word (Joh. 14:15; 1 Joh. 5:3). Daarom moet iets verkeerd ook nie net nagelaat word omdat dit 'n

skending van die naasteliefde is nie, maar omdat God dit verbied. As Paulus hoerery verbied (1 Thess. 4:3), doen hy dit nie net omdat daar op die wyse liefdeloos teenoor die betrokke vrou opgetree word nie, maar veral en in die eerste plek omdat God dit verbied. Daarom is Paulus wel bereid om vir die Jode 'n Jood te word om die Jode te wen, maar beslis nie om vir die hoere 'n hoer te word nie (Douma, 1972, p. 32-33).

Dit is die uitdruklike gebooi van God wat hier aan ons voorgehou word, en dit is beslis geen voorbeelde van hoe God se wil verstaan en gehoorsaam kan word soos Kuitert wil voorgee nie. Paulus roep die Christen uitdruklik op tot gehoorsaamheid aan Christus en aan God (2 Kor. 10:5; Kol. 3:24; 1 Thess. 1:9).

- 3.2.2.1.4 Douma sê verder: Die mens word nie op homself teruggewerp omdat hy in staat sou wees om met behulp van 'n ingeboude moraal-kompas outomaties die weg te vind nie. Nee, hy word "onder zeer concrete verpligtingen geplaast". Hy is skuldig om die ander lief te hê (Rom. 13:8), of die huwelikspilte teenoor man of vrou na te kom (1 Kor. 7:3). Hulle het van die apostel verneem hoe hulle moet wandel om God te behaag (1 Thess. 4:1). Paulus skroom selfs nie om ook vir die Nuwe-Testamentiese bedeling die woord wet te gebruik as aanduiding van dit waaraan die Christen onderworpe is nie (Rom. 8:2). Die Christen staan onder die wet van die Gees en onder die wet van Christus (Gal. 6:2) (Douma, 1972, p. 23).

Paulus het nie net vir sy "dogmatiese" onderrig nie maar ook vir sy "etiese" instruksies die geskrewe Woord, af=

=komstig van Moses, die profete én van homself normatief gestel. Die Christen is vir Paulus aan die Skrifte gebonde, nie om daarin 'n bundeling van voorbeelde te vind wat geaktualiseer kan word nie, maar om daarin God se gebod, wat ook nog in die Nuwe Bedeling vir hom geld, aan te hoor (Douma, 1972, p. 23-24).

3.2.2.1.5 Die gebod van God soos dit in die Nuwe Testament aan die mens voorgehou word, is alomvattend en het 'n uni-versele gelding.

Paulus rig hom in sy vermanings tot elkeen van sy lesers (Rom. 12:3): elkeen moet op die eerste dag van die week iets spaar vir die kollekte (1 Kor. 16:2); elkeen moet sy vrou verkry in heiligheid en eer (1 Thess. 4:4); elkeen moet hom aan die owerheid onderwerp (Rom. 13:1); Paulus sê van Timotheüs aan die Korinthiërs: "Hy sal julle herinner aan my handelswyse in Christus, soos ek oral in elke gemeente leer" (1 Kor. 4:17).

Hoewel Paulus ook mense se persoonlike situasies by die gee van sy vermanings in ag geneem het, is daar tog vaste norme en blywende gebooie wat, ondanks alle wisseling van tye en situasies, nie verander nie. Daarom kan Paulus ook aan Timotheüs skryf dat hy "die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse Here Jesus Christus" (1 Tim. 6:14).

So strek die gebod hom uit na voor, na die toekoms. Tog is dit ook duidelik gewortel in die verlede, en Paulus beroep hom herhaaldelik op die Ou Testament. Die gebod: "n Os wat graan dors, mag jy nie mulband nie", is 'n gebod wat "om ons ontwil gegee is" (1 Kor. 9:9; Deut.25:4).

Die vrouens moet aan hulle mans onderdanig wees soos die wet sê (1 Kor. 14:34; Gen. 3:16). Wat die wet oor die huwelik betref, sluit sowel Christus as Paulus aan by dit wat reeds in die Paradys gesê is: die man sal sy vader en moeder verlaat en sy vrou aanhang en hulle sal een vlees wees (Matt. 19:5; Ef. 5:31; Gen. 2:24) (Douma, 1972, p. 27-28).

Ook hieruit is dit duidelik dat die gebod van God so universeel en alomvattend is dat dit oral en altyd vir alle mense geld. Daarom kan daar geen sprake van wees dat dit net voorbeelde is wat met die oog op ons tyd slegs geaktualiseer moet word nie.

3.2.2.1.6 Kuitert sê dat om mekaar nie dood te maak nie, nie aan mekaar ontrou te wees nie, mekaar nie te besteel of te bedrieg nie - nie alleen stukkie van die Tien Gebooe is nie, "maar ook stukjes praktiese kontinuïteit in de moraal" (1970, p. 192). Daarmee ontnem hy die Tien Gebooe die goddelike gesag wat die volgens die Skrif het en verlaag dit tot 'n produk van menslike oorweging en ervaring.

3.2.2.2 Dialoog met die Skrif (Vgl. punt 3.2.1.2).

Om uit te vind wat vandag God se wil is, moet die kerk in gesprek tree met die Skrif. Daar moet 'n "continuous conversation" tussen die kerk en die Skrif wees. "Niet alleen die Schrift is er maar er is ook een door de Geest geleide gemeente" (1970, p. 87).

Hierdie siening van Kuitert pas natuurlik baie goed in by sy siening van God as die Bondgenoot-God wat in sy bondgenootskaplike omgang met die mens aan hom toon wat

hy moet doen. Dit sluit ook aan by sy siening van 'n oop kanon: dat God nog steeds voortgaan om Homself en sy wil gesagvol aan die mens te openbaar.

Deur hierdie siening van 'n dialoog tussen die kerk en die Skrif word die kerk nie ondergeskik gestel en onderwerp aan die Woord van God nie, maar aan hom word 'n selfstandige posisie naas die Skrif gegee. Die stem van die kerk en die stem van die Woord dra eweveel gewig. En in die dialoog moet uitgemaak word watter een van die twee stemme nagevolg moet word, of hoe 'n kompromie tussen die twee verkry kan word.

In die praktyk kan dit baie maklik daartoe lei dat die stem van 'n kerk wat van die Woord losgemaak is, mooier en meer aanvaarbaar sal klink as die suiwere stem van die Woord van God alleen. En die feit dat Kuitert aborsie en rewolusie goedkeuren sê dat die evangelie vandag slegs met die verzet teen die gevestigde magte vereenselwig kan word (vgl. punt 4.1.1 en 4.3.1), toon duidelik aan in hoe 'n mate hy reeds die gesekulariseerde en gehumaniseerde kerk oor die Skrif laat heers. Kuitert se dialoog beteken hier dat hierdie gesekulariseerde kerk en sy teoloë die Skrif "laat sê" wat hulle graag wil hê dat die Skrif moet sê.

3.2.2.3 Utiliteit (Vgl. punt 3.2.1.3)

Volgens Kuitert is die utiliteit van die moraal dit wat nuttig, voordelig en bruikbaar is vir die instandhouding en voortbestaan van die groep as groep (1970, p. 186). Hy dui utiliteit ook korter aan as dit wat goed is, nie net vir Christene nie maar vir alle mense (1970, p. 194).

Kuitert sê verder dat God altyd wil hê dat die mens

utiliteit moet nastreef: dit wat goed is vir mens en wêreld. Daarom is God se wil onveranderlik - al is die konkrete uitvoering daarvan die een keer radikaal verskillend van 'n ander keer (1970, p. 86, 192-194).

Maar is nuttigheid altyd die kenmerk van die goeie? Wat Hitler en Stalin beoog het, was in hulle eie oë wel nuttig, maar dit was beslis nie goed nie. Aan die ander kant is die versorging van swaksinnige kinders en seniele bejaardes sekerlik iets goeds, maar uit die oogpunt van die besteding van die staatsinkomste beslis nie nuttig nie (Douma, 1972, p. 37).

Wat goed is in God se oë is nie altyd nuttig in die mens se oë nie. Daarom wil die mens nie altyd aan God se wil 'n plek in sy moraal gee nie. Moraal is volgens Kuitert immers dit wat "die mense" doen. So is die dra van jou kruis agter Christus aan en die bereidwilligheid om alles op te offer vir die behoud van die siel en die hoop op die ewige lewe, iets wat geheel en al indruis teen die nuttigheidsperspektiewe wat nie verder strek as hierdie wêreld nie. (Vgl. Matt. 16: 24-26) (Douma, 1972, p. 37-38).

Kuitert se groot probleem is dat alle utiliteit en nuttigheid by hom nie verder strek as die graf nie. Die geloof aan 'n hiernamaals is immers 'n bloot menslike projeksie (1975, p. 83-84). Daarom is die laaste nuttige daad wat die mens kan verrig, om jou organe beskikbaar te stel vir oorplanting (1970, p. 161). Daarteenoor leer die Skrif: "Die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en toekomstige lewe het" (1 Tim. 4:8). Hier val die werklik goeie en die werklik nuttige

ten volle saam. Hier dra al die goeie ook die kenmerk van die nuttige (Douma, 1972, p. 38). Bowendien lewer die on-aangename en "slegte" wat die mens tans ervaar, eers later sy goeie en nuttige vrug (Hebr. 12:11). God laat immers alles ten goede meewerk vir hulle wat Hom liefhet (Rom. 8:28).

En as Kuitert sê dat die onveranderlikheid van God se wil daarin moet uitkom dat dit gesoek moet word wat goed is vir mens en wêreld, is dit enersyds so vaag en algemeen gestel en andersyds in die praktiese uitvoering daarvan so vol teenstrydighede - die mens besluit immers daaroor! - dat daar van hierdie onveranderlike wil van God eintlik niks oorbly nie.

3.2.2.4 Kan die moraal homself korrigeer? (Vgl. punt 3.2.1.4)
Kuitert antwoord op hierdie vraag uitdruklik bevestigend. Tydelik kan dit wel enigsins afwyk, maar die "stukjes praktiese kontinuïteit" daarin - mekaar nie doodslaan, ontrou wees, besteel, bedrieg, ens. nie - is soos 'n ingeboude kompas wat die moraal na 'n tyd weer na die regte paaie laat terugkeer (1970, p. 192-193).

'n Mens kan nie anders nie as om te sê dat Kuitert 'n uiters optimistiese siening van die verloop van die wêreld-geschiedenis het. Hy hou beslis nie rekening met die verwoestende werking van die sonde nie.¹⁾

1) Kuitert gee nie 'n duidelike uiteensetting van wat hy as die wese en die gevolge van die sonde beskou nie. Sonde is blykbaar, volgens hom, slegs dit wat in stryd is met die humaniteit van die mens. (Vgl. punt 3.3.1; vgl. ook Velema, 1971, p. 131, 165, 166).

Daarby is Kuitert se siening histories onjuis. Unwin (1935, p. 5-6, 8-20, 62), wat 'n studie van tagtig beskawings gedurende veertig eeue gemaak het, het aangetoon dat as 'n volk se morele peil daal, dit gewoonlik nie self weer regkom nie; nee, dit loop meesal daarop uit dat die betrokke volk so verswak word dat dit maklik deur 'n vreemde volk oorwin en oorheers en uitgebuit word. Daardeur word die oorheerste volk se morele vryhede en bandeloosheid van hulle weggeneem en dit baan dikwels weer vir hulle die weg tot herstel.

Wat egter van meer belang is, is die feit dat die Skrif 'n morele lewe teken wat, namate die einde nader, nie beter sal word nie, maar altyd slegter. Paulus skryf immers: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratery, trotsaards ..." (2 Tim. 3:1-5).

Die moraal kan homself nie korrigeer nie. Die humanisme mag miskien tydelik 'n goeie invloed daarop uitoefen. Maar 'n werklike korreksie of "bekering" van die moraal sal alleen plaasvind as dit geplaas word onder die leiding en tug van God se Woord en Gees (Rom. 8:1-14).

- 3.2.2.5 Die verskil tussen die Christelike moraal en die algemene moraal word geloën. (Vgl. punt 3.2.1.5). Volgens Kuitert streef Christene en nie-Christene utiliteit op so 'n wyse na dat die verskille tussen hulle feitlik heeltemal uitgeskakel word. Daarom kan hy ook sê: "Vandaar dat christene en niet-christene op basis van de bovengenoemde utiliteit zeer wel in staat zijn elkaar te vinden in wat moreel goed is, tot aan het punt van gemeenschappe="

=lijke inzichten toe" (1970, p. 195). Die Christelike moraal en die algemene moraal kan selfs so eners lyk soos twee druppels water (1970, p. 196). Uiteindelik sal daar in elk geval net een ekumeniese wêreldmoraal wees (1970, p. 189).

Hieruit kan gesien word hoe kuitert die antitese loën tussen gelowiges en ongelowiges. Dit is lynreg in stryd met wat die Skrif leer.

Paulus skryf aan die bekeerde heidene dat hulle "nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verwaasdheid van hulle gemoed nie - mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart". En net daarna sê Paulus aan hierdie bekeerde heidene: "... dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid" (Ef. 4: 17-24).

Die antitese word ook baie sterk deur Paulus beklemtoon as hy aan die Korinthiërs skryf: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Belial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode?" (2 Kor. 6:14-16).

Die antitese tussen Christen en nie-Christen word hier so skerp gestel dat dit onmoontlik is om in die lig hiervan tot gemeenskaplike insigte te kom. Volgens uiterlike oordeel mag dit soms lyk asof Christen en nie-Christene, uit morele oogpunt beskou, eners handel. Maar dan sal juis die uitgangspunt, motivering en doel van elkeen so verskil dat daar van gemeenskaplike insigte geen sprake kan wees nie. Dit is slegs 'n Christelike moraal wat sy Christelikheid verloën het wat so eners soos twee druppels water op die wêreldse moraal sal lyk. En dit is presies wat by Kuitert gebeur, want volgens Velema (1976, p. 78) maak hy van godsdiens en geloof 'n bloot menslike gegewenheid. Dit is iets wat eie is aan elke mens. Dit is "per definisie" deel van enige mens se mens-wees.

En as Kuitert sê dat almal op pad is na één ekumeniese wêreldmoraal - dié moraal wat in die proses van "the survival of the fittest" bo sal uitkom - het hy inderdaad gelyk. Maar dan moet net in gedagte gehou word dat dit geen Christelike moraal sal wees nie, maar dié moraal wat die Antichris en sy handlangers op die wêreld sal afdwing. In dié tyd sal dit as immoreel beskou word om iets te koop van of te verkoop aan iemand wat nie die "merk van die dier" op sy regterhand of op sy voorhoof het nie (Openb. 13:17), terwyl dit "moreel verpligtend" sal wees om dié dood te maak wat die dier en sy beeld nie aanbid nie (Openb. 13:15). (Vgl. De Bruyn, 1970, p. 5).

Dit is egter moeilik om te aanvaar dat dit die soort ekumeniese wêreldmoraal is wat Kuitert in gedagte het. Maar hy moet daarteen waak dat hy nie help om die weg na so 'n moraal te baan nie.

Tereg sê Douma: "Het negeren van de diep-insnijdende anti-these blokkeert bij Kuitert de weg naar het Schriftberoep in de ethiek. Want zijn beroep zal zich immers nooit meer radicaal-kritisch tegen de gang naar de ene wereldmoraal kunnen keren!" (1972, p. 36-37).

3.2.2.6 Die invloed van die godsdiens op die moraal¹⁾ (Vgl. punt 3.2.1.6)

3.2.2.6.1 Om te sê dat die godsdiens, en in besonder die Christendom, geen daadwerklike bydrae tot die moraal gelewer het nie, is Skriftuurlik en histories onwaar. Dink byvoorbeeld aan die "nuwe moraal" wat daar in die eerste gemeente in Jerusalem na die uitstorting van die Heilige Gees tot stand gekom het, en dit is duidelik hoe ver Kuitert van die waarheid af is. Hier is nie uit 'n bestaande groep lewensreëls geselekteer en geëyk nie maar onder leiding van die Heilige Gees het die mense iets nuuts gedoen: hulle het hulle besittings verkoop en die geld gegee om verdeel te word sodat daar geen gebrek onder die gelowiges was nie (Hand. 2:44-47; Hand. 4: 32-37).

Van Kuitert se siening oor die onderhawige saak sê Velema (1976, p. 99,100): "Wie willekeurig welk handboek over het christelike ethos en zijn geschiedenis opslaat, zal ontdekken, dat Kuiterts stelling door de feiten weersproken wordt." En dan lewer Velema ook die nodige bewyse om sy kritiek op Kuitert te staaf.²⁾

1) Vgl. in hierdie verband Troost, 1958, p. 383, 384.

2) Velema verwys na die werke van Hempel, Fabius, Vriezen, Preisker en Wendland sonder vermelding van bronne.

3.2.2.6.2 Die Skrif leer dat uit die hart van die mens die oorsprong van die lewe is (Spr. 4:23). As hierdie hart deur wedergeboorte en bekering aan Christus gebind is, sal dit wat daaruit voortkom, radikaal anders wees as voorheen en dit moet en sal ook in die daaglikse lewe en die moraal duidelik geopenbaar word. Sterker gestel: So sal 'n nuwe moraal gevorm en in die gemeenskap ingedra word. Daarom was daar by die heidene wat tot bekering gekom het, so 'n duidelike onderskeid tussen hulle gedrag voor hulle bekering en hulle gedrag daarna. Teenoor die Galasiërs toon Paulus dit duidelik aan deur te verwys na die vrugte van die vlees en die vrugte van die Gees (Gal. 5:16-26). En aan die Efesiërs skryf hy: "Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie" (Ef. 4:17). Daarna verduidelik hy wat hierdie nuwe lewenswandel as gelowiges in die daaglikse lewe beteken (Ef. 4:17-5:21). Ook teenoor die Kolossense maak hy melding van die sondes "waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het. Maar nou moet julle ook dit alles aflê..." (Kol. 3:7, 8). En dan toon Paulus ook prakties en konkreet aan wat die verskil tussen hulle vroeëre onbekeerde lewe en huidige bekeerde lewe is (Kol. 3:1-17). (Vgl. ook 1 Petr. 4: 1-5).

3.2.2.6.3 Dit wil voorkom of Kuitert ook hier die moderne mens wil behaag: die Christendom skep geen nuwe moraal nie en het ook nie veel invloed op die moraal nie. Daarom hoef die moderne mens hom nie veel aan die Christendom en derhalwe ook nie aan die kerk en sy prediking te steur nie. Per slot van rekening wil elke mens met sy godsdiens tog maar net sy eie handeling probeer sanksioneer. (Vgl.

Kuitert, 1975, p. 82-84).

3.3 Die norm in die etiek volgens Kuitert

3.3.1 Uiteensetting

By die behandeling van Kuitert se Skrifberoep in die etiek het dit reeds duidelik geword dat hy die gangbare Gereformeerde siening dat die mens die norm vir sy sedelike handeling uit die Skrif kry, ter syde stel. (Vgl. punt 3.2.1.1).

Maar wat is volgens hom dan wel die norm?

Vir Kuitert is die norm geleë in die twee begrippe: humaniteit en sosiale utiliteit.

Hierdie twee begrippe het by Kuitert grotendeels dieselfde betekenis. Maar om aan hom reg te laat geskied, is dit wenslik om dit afsonderlik te behandel.

3.3.1.1 Humaniteit

Onder humaniteit as etiese norm by Kuitert word verstaan dit wat vir die mens goed, nuttig en voordelig is.

In hoe 'n mate Kuitert humaniteit as norm van die moraal beskou, blyk duidelik uit uitsprake soos die volgende:

3.3.1.1.1 Die groot vraag waarmee die Christen by die insteute te doen het, is volgens Kuitert die volgende: "Dienen zij het humanum of belemmeren zij juist de ontplooiing van het menszijn? Dat is de eigenlijke cardinale vraag in de sociale ethiek" (1967, p. 30).

3.3.1.1.2 "Godsdienstig-zijn is daarom tegelijk een onvoor-

=waardelijk¹⁾) bezig-zijn met medemens en wereld, zoals omgekeerd geldt: onvoorwaardelijk bezig-zijn met mens en wereld is minstens impliciet maar reëel een godsdienstig gebeuren" (1969 a, p. 72, 73).

3.3.1.1.3 Kuitert sê dat 'n teologie van rewolusie nodig is "om een wijze van christen-zijn te verantwoord en te propageren die haar hart geheel en al aan de mens en zijn wereld verpandt" (1970, p. 104).

3.3.1.1.4 "Goed en kwaad zijn niet willekeurig, maar hebben te maken met wat noodzakelijk is om als mense¹⁾ met elkaar onder de gegeeve voorwaarde te leven"(1975,p. 73). Wat goed en kwaad is, word dus deur mense bepaal en nie deur God nie, want, sê Kuitert, "goed - in de morele zin van het woord - is wat goed voor de mens is" (1975, p. 73).

3.3.1.1.5 Oor abortus sê Kuitert: "Bij abortus gaat het erom, of je bestaand leven in zijn kwaliteit kunt benade-len doordat je een nieuw leven toelaat ... Veel belang-rijker zal de vraag zijn,of het gezin, en vooral de moeder er schade van ondervindt. Als een vrouw absoluut geen kind meer wil, dan heeft ze het absolute recht¹⁾ om die abortus aan te vragen... Criterium is, of het gezin - en vooral de vrouw - schade ondervindt tengevolge van de zwangerschap" (1969 b, p. 199).

Uit hierdie uitsprake is dit duidelik in hoe 'n mate Kuitert die humaniteit as die wil van die mens, insluitende dit wat goed, nuttig en voordelig is vir die mens, as norm in die etiek beskou. God se geopenbaarde wil

1) Kursivering van my - P.J. de B.

word uitgeskakel.

3.3.1.2 Sosiale utiliteit

Onder sosiale utiliteit verstaan Kuitert die praktiese funksionaliteit van die institute waardeur die grootste geluk van die grootste getal mense bereik word. (Vgl. 1970, p. 186; Velema, 1971, p. 102-103).

Dat Kuitert ook hierdie sosiale utiliteit as etiese norm beskou, blyk uit die volgende uitspraak:¹⁾

3.3.1.2.1 "Instituten zijn er terwille van de mensen en hun welzijn. Waar ze op deze manier functioneren, dat wil zeggen telkens in overeenstemming met hun specifieke geaardheid 'the greatest happiness of the greatest number' bereiken, daar moeten ze geschraagd en verdedigd worden met alle zelfopoffering die daarbij van een mens gevraagd kan worden. Ik citeer deze regel van Bentham ... om er het meest wezenlijk bestanddeel van de instituten mee aan te geven: hun sosiale utiliteit" (1967, p. 31).

3.3.1.2.2 Kuitert sê dat die moraal gekenmerk word deur die utiliteit vir die groep. "De groep, respectievelijk de gemeenschap blijft er wêl bij varen. In die zin is de christelike inbreng in die moraal evenzeer pure utiliteit. Het christelike en het rationele, utile, staan niet teenover elkaar ... Het christelike is dat wat nuttig is voor de schepping. Vanuit die moraal gezien is die pure utiliteit, ook die liefde is dat (als wij die tenminste tipies christelik zouden mogen noemen), ook die offer en die zelfverloochening - ze zijn een zeer zinvol element

1) Ook hier word Kuitert se siening doelbewus hoofsaaklik in sy eie woorde weergegee.

van die moraal, die niet alleen voor de christenen goed is, maar voor alle mensen" (1970, p. 193-194).

3.3.1.2.3 "Het utiliteitscriterium stemt overeen met de oude gereformeerde regel dat Gods geboden niet contra Zijn schepping zijn maar juist de samenvatting van wat goed is voor de schepping ... Wij herkennen de normen als ware normen vanwege hun utiliteit voor mens en wereld" (1970, p. 194-195).

3.3.1.2.4 As Kuitert handel oor die maatstaf (met ander woorde die norm) in die lewe van die Christen, sê hy: "Maar waaraan meet je dat dan weer af? Ik zou zeggen: een waarheid is een christelike waarheid als zij mens en wereld toekomst opent of vrijheid schenkt". Daarom is dit vir 'n Christelike waarheid nie genoeg om in die Bybel te staan, deel van die Christelike tradisie te wees, logies of selfs vry van innerlike teenstrydighede te wees nie; maar om 'n Christelike waarheid te kan wees, moet dit die doen insluit. "Zonder doen gaat voor niemand toekomst open" (1975, p. 101).

3.3.1.2.5 Omdat Kuitert die sosiale utiliteit as norm stel, pleit hy ook vir die horisontalisering van die Christelike geloof. Daarvan sê hy: "Horisontalisering wil zeggen: wij moeten het christelijk geloof zo weergeven dat het de mensen niet buiten onze wereld en onze tijd verwijst om God en Zijn heil te ontmoeten... Voor deze andere wereld (van God en Zijn heil) verwijzen we als christenen de mensen niet naar een wereld achter onze wereld, ook niet naar een wereld na onze wereld, maar naar deze onze eigen wereld en naar deze onze eigen tijd" (1970, p. 99-100).

Hieruit kan duidelik gesien word dat Kuitert ook sosiale utiliteit as 'n etiese norm beskou. Tog probeer hy ontken dat hy dit as 'n norm beskou. Hy sê: "Utiliteit is niet een normcriterium... (maar) een kenmerkriterium en levert op zichzelf geen normen" (1970, p. 195). Maar elders sê hy dat die sosiale utiliteit "het meest wezenlijk bestanddeel" van die institute is, en as die institute nie daaraan beantwoord nie, is dit onaanvaarbaar en selfs onchristelik (1967, p. 31; 1975, p. 101). Dan is dit tog 'n norm waaraan die institute getoets of gemeet moet word.

Dit beteken dat daar by Kuitert óf 'n innerlike teenstrydigheid is, óf hy probeer die ingrypende implikasies van sy uitsprake te versag deur te speel met woorde soos "normcriterium" en "kenmerkriterium".

3.3.2 Beoordeling

3.3.1.1 In die lig van wat reeds van Kuitert gesê is, hoef hier nie veel meer gesê te word nie. Hier kan weer duidelik gesien word hoe Kuitert die Woord van God as norm vir die mens se lewe en die gesag van God se Woord misken en verwerp ten gunste van sy humanistiese teologie. Hier word die geloof in Christus ingeruil vir humaniteit. Maar nog erger: hier word God van sy troon gestoot en die mens daarop geplaas en gepoog om hom te behaag en te verheerlik. Saam met Velema kan gesê word: "Zo komen we tot de conclusie dat in Kuiterts oratie de dienst aan de menselijkheid van de instituten de norm is waaraan zij in het proces der historische verschuivingen gemeten moeten worden... Het is duidelik dat de vraag hoe men de wil van God ten

aanzien van de structuren kenner kan, geen relevante vraag meer is bij deze beskouwing" (1969, p. 16,17).

3.3.2.2 As humaniteit en sosiale utiliteit die norm is, beteken dit dat sonde slegs daar gevind word waar nie gehandel word volgens hierdie norm nie. Hier word God se Woord en wil as maatstaf van wat sondig is en wat nie, ingeruil vir humaniteit.

3.3.2.3 As Kuitert die norm vir die Christen se lewe formuleer as dit wat "mens en wereld toekomst opent en vryheid schenkt" (1975, p. 101), is dit in wese niks anders nie as die beklemtoning van humaniteit en sosiale utiliteit as norme vir die mens se lewe. Trouens, wie bepaal wat vir die mens en die wêreld die toekoms gaan open en aan hulle vryheid gaan skenk? Dit is niemand anders nie as die mens self! Daarom het Kuitert hom, volgens Runia (1976, p. 106) met hierdie "norm" "losgemaakt van de gereformeerde traditie en is overgegaan op de lijn van het vrijzinnige denken" wat gekenmerk word deur "een eigen-gemaakte canon".

Wat die implikasie van hierdie "norm" van Kuitert is, het Velema aan die hand van 'n konkrete voorbeeld soos volg aangedui: Met hierdie norm in die hand kan 'n verwagte vrou sê: Hierdie swangerskap open nie die toekomst vir my nie maar sluit dit juis toe. Daarom het ek die reg om 'n abortus aan te vra (1976, p. 107).¹⁾ Daar-

1) In die lig van Kuitert se reeds genoemde uitspraak oor abortus moet 'n mens aanneem dat die toekomst van die ongebore kind in elk geval nie ter sake is nie. (Vgl. punt 3.3.1.1.5).

teenoorl) kan 'n vrou wat aan haar man graag 'n erfge-
naam wil gee, so 'n swangerskap sien as iets wat vir
haar wel die toekoms open. En juis omdat hierdie "toe-
koms open" en "vryheid skenk" van Kuitert deur elke mens
subjektief geïnterpreteer kan word, kan dit nooit 'n
norm wees nie (Blei, 1975, p. 134). Volgens Kuitert kan
dit egter wel, want dan word reg gedoen aan die humani-
teit van die mens, en per slot van rekening is dit tog
vir hom die eintlike norm.

3.4 Vryheid en dwang

3.4.1 Uiteensetting

Wat logies voortvloei uit Kuitert se leer oor God en die
Skrif, uit sy beroep op die Skrif in die etiek en uit sy
siening van die norm vir die sedelike lewe, naamlik dat
'n mens nie gedwing moet word om iets te doen nie, maar
die vryheid moet hê om self (outonoom) te besluit wat om
te doen, verklaar hy ook expressis verbis.

Hy sê dat baie kerkmense tans gefrriteerd raak as hulle
sien "hoe graag sommige mense over andere mense regeren
willen, en hoe gemakkelijk die kerk een plaats word waar
mense met een autoritaire persoonlikheidsstruktuur zich
kannu uitleven" (1975, p. 51).

Maar volgens Kuitert is dit iets wat in stryd is met die
wese van die Christendom: "Het christendom kan onmogelijk
iets van dwang over zich hebben. Waar dat voorkomt - en
het komt voor - dan zit er iets fout, en wel zó funda=

1) Dit is my eie byvoeging en nie deel van die voorbeeld
van Velema nie - P.J. de B.

=menteel fout, dat we eenvoudig beginnen moeten met op de meest radicale manier alles wat 'moet' eraan te geven, wil het christendom niet reddeloos verloren gaan. Want door al dat 'moeten' verliest het christendom zijn eïgenheid; maakt het niet meer vrij maar knevelt het ... Daarom: niet langer die scheve voorstelling van zaken dat christelik geloof 'moet'. Het 'moet' helemaal niet! Het is een goed geloof, een fijn geloof, een geloof waar je verder mee komt en daarom is er maar één reden waarom iemand het zou aanhangen: uit pure behoefte. Maar nooit omdat het 'moet'. Niets hoeft, alles mag, alles is vrijwillig, en even goede vrienden" (1975, p. 51,52).

Hy vervolg: "Één ding moet voor vriend en vyand fundamenteel vaststaan: in de christelike kerk heerst geen dwang... Van groepsdwang, bangmakerij vanuit de groep zal nooit, nooit meer gesproken worden" (1975, p. 52). Daarom veroordeel hy ook die leergesag van die Roomse Kerk en die binding aan die belydenisskrifte by die Protestantse kerke (1975, p. 95), en bepleit hy h "'kerk zonder dwang', een instituut waarin elke gelovige in zijn individualiteit tot zijn recht komt" (1977, p. 184).

In die plek van hierdie kerklike dwang moet daar volgens Kuitert ware vryheid kom: "Want het christendom heeft, bij monde van de apostel Paulus (zie vooral zijn brief aan de Galaten) óók gezegd: wij maken de mensen vry van al die dwang van voorskriften en gebruik" (1975, p. 51).

3.4.2 Beoordeling

3.4.2.1 Wat Kuitert hier bepleit, is in wese niks anders nie as totale bandeloosheid en permissiwiteit: bandeloos=

=heid in die sin dat elkeen kan doen net wat hy wil; permissiwiteit in die sin dat elkeen ook die reg het (toegelaat word) om te doen net wat hy wil. (Vgl. De Bruyn, 1972, p. 10, 11). Op hierdie wyse word die mensgesen-treerdheid van sy etiek baie sterk beklemtoon. Terself-dertyd word die ware Christelike lewe tot in sy diepste wese aangetas, want dit is altyd 'n lewe volgens die god-gegewe norm, volgens die wil van God. Teenoor Kuitert se bewering: "Niets hoeft, alles mag, alles is vrijwillig..." (1975, p. 52), staan die woorde van Christus: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is"(Matt. 7:21). En Paulus sê: "Word verander deur die vernuwning van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is" (Rom. 12:2). Dit is duidelik: vir die Christen is God se wil die norm en nie die "pure behoefte" van die mens soos Kuitert wil nie.

3.4.2.2 Kuitert se verwerping van enige dwang in die lewe van die Christen is in stryd met die dwang wat onder andere in die Dekaloog gevind word, en hierdie dwang geld ook nog in die Nuwe-Testamentiese tyd. Dit blyk duidelik uit Christus se antwoord aan die ryk jongman (Mark. 10:19) en uit Paulus se woorde in Rom. 13:8-10 en Ef. 6:2.

3.4.2.3 Kuitert wil van geen moet in die Christelike lewe weet nie, maar Christus sê: "Julle moet jul vyande liefhê" (Matt. 5:44). En as iemand Christus wil volg, "moet hy homself verloën" (Matt. 16:24). Paulus eis onderwerping aan die owerheid as 'n moet (Rom. 13:1-7).

En van die persoon wat 'n onchristelike lewe voer in die kerk van Korinthe sê Paulus by wyse van bevel: "Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit" (1 Kor. 5:13).

Deur hierdie siening van Kuitert kom die hele regering van die Christelike kerk in gedrang. Tog is dié regering noodsaaklik, want God is 'n God van orde (1 Kor. 14:33,40). Bowendien word van die ouderlinge geëis om goed te regeer (1 Tim. 5:17).

- 3.4.2.4 Kuitert se beroep op Paulus se brief aan die Galasiërs om sy afwysing van alle dwang ten gunste van bandelose vryheid te staaf, is heeltemal misplaas. Want juis in hierdie brief toon hy dat Christelike vryheid geen bandeloosheid beteken nie. Dit blyk baie duidelik uit sy woorde: "Julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde" (Gal. 5:13). Ridderbos (1954, p. 200) sê van hierdie uitspraak van Paulus: "The flesh wants freedom to express itself as it will. Christ has not called the believers for such a freedom". En volgens Greijdanus (1953, p. 139) het hierdie vryheid vir die Galasiërs nie beteken dat hulle maar kan lewe "naar den drang en lust hunner verdorven natuur" nie. Tog propageer Kuitert juis hierdie soort vryheid.

Blei (1975, p. 135) se kommentaar op hierdie beroep van Kuitert op Paulus is: "Kuitert vat 'vryheid' op in negatiewe en hoogst individualistiese zin; als: 'vrij-zijn ván', en nu fijn kunnen doen wat je hart je ingeeft.

Het komt mij voor, dat over de ware vrijheid, in de lijn van Paulus, nog wel iets meer, iets positievers te zeggen is. Vrijheid is immers ook en vooral: vrijheid-tót. Juist als 'apostel der vrijheid' is Paulus degene die oproept tot dienst, tot het rechte gebruik van de vrijheid in de dienst van de liefde (Galaten 5!)".

3.4.2.5 Van teonomie is hier by Kuitert geen sprake meer nie. Al wat oorbly, is 'n onmiskenbare mensgesentreerde outonomie.

3.5 Die plek en taak van die prediking in die etiek volgens Kuitert

3.5.1 Uiteensetting

Kuitert se siening van die plek en taak van die prediking is reeds behandel by die uiteensetting van sy siening oor die algemene en besondere openbaring. (Vgl. punt 2.2.4). Ter wille van die volledigheid van hierdie afdeling oor sy etiek, en om te kan verstaan wat die betekenis van die prediking vir die etiek by Kuitert is, is dit nodiq om dit samevattend hier weer te gee. Dit kom in hoofsaak op die volgende neer:

Hy sê dat God tans heilsaam teenwoordig is in die moderne wêreld. Die spore daarvan kan duidelik gesien word in sake soos: mens-wees vir ander, humaniteit, politieke en maatskaplike betrokkenheid, nuwe toekomsdenke, teologie van die hoop, teologie van die rewolusie, ens. Dit is die taak van die kerk om in die prediking die evangelie van Christus (die heil in Christus) te vertaal in terme van hierdie spore van God se heilsame teenwoordigheid en aan te dui hoe God daarin werksaam is.

Dit beteken dus dat die kerk deur die prediking hierdie aksies - wat uit die mens en deur die mens en tot die mens is - vanuit die evangelie moet regverdig en goedpraat. Dit sou ook so geformuleer kan word: Die Christen moet allerlei humanistiese vernuwings en verandering bewerk. Daarna moet hy verklaar dat God hierdie vernuwings en veranderings goedkeur deur sy voetstappe daarin te plaas en dit tot sy spore te maak. Daarna moet daar in die prediking 'n verband gele word tussen hierdie spore van God en die evangelie van Christus. So moet die etiese veranderings wat tans plaasvind, deur die kerk geregverdig en gesteun word. Dan sal daar ook na die stem van die kerk geluister word.

In die lig hiervan kan ook verstaan word hoe Kuitert daartoe kan kom om te sê: "Het evangelie van Jezus is niet te combineren met conservatisme... Het evangelie van Jezus is in de wereld waarin wij nu leven... slechts te combineren met verzet tegen de gevestigde machten"(1970, p. 181, 182). Hierdie verset kan selfs gewelddadig wees (1970, p. 112).

3.5.2 Beoordeling

Dit is baie duidelik dat Kuitert ook vir die prediking sy uitgangspunt in die moderne mens neem en nie in God se Woord nie. Daarom moet God se Woord in die prediking so gemanipuleer word dat dit sê wat die moderne mens wil hê dat dit moet sê. Met so 'n prediking sal die mens se sedelike lewe beslis nie gebou word nie maar loop dit veel eerder die risiko om totaal geruïneer te word en die beeld te vertoon wat Paulus teken in 2 Tim. 3:1-5.

3.6 Die ordeninge of strukture

3.6.1 Uiteensetting

Onder die ordeninge of strukture word verstaan die instellings of samelewingsverbande soos die huwelik, die huisgesin, die staat, ens. wat daargestel is om sake in die onderlinge verhouding van mense ordelik en regverdig te laat verloop.

Kuitert se siening hieroor hang ten nouste saam met sy siening oor die skepping. Van die skepping sê hy: "Hoe alles er gekomen is, mag een profane aangelegenheid bliw. Gen. 1 wil ons dan ook niet een antwoord op deze vraag geve. We zouden het scheppingsverhaal wellicht te heidens lezen als we het vanuit dit gezichtpunt benaderen" (1970, p. 22).

Elders stel hy dit so: "De geschapenheid wordt door de bijbelschrijvers niet allereerst als een kosmos van onveranderlijke ordeningsstrukturen beleefd, zoals dat in de griekse filosofie het geval is, maar als geschiedenis waarin Jahweh door Zijn daden Zijn God-zijn als Bondgenoot-zijn bewijst" (1969, p. 230).

Omdat Kuitert Gen. 1 en 2 nie as geskiedenis beskou nie, is dit te verstane dat hy die ordeninge ook nie sien as deur God gewil en daarom deur God self met sy skepping gegee en in sy skepping gefundeer nie.

Kuitert wil dan ook liefs nie van ordeninge praat nie maar van strukture, juis om daarmee te beklemtoon dat hierdie strukture (ordeninge) nie van God af kom nie maar die verantwoordelikheid van die mens is. Hy sê:

"Deze orde tot een structuur verklaren betekent een ontmythologisering, en ontmythologisering wil zeggen dat iets niet voor de verantwoording van God maar voor de verantwoording van ons mensen komt, in dit geval: dat de politieke, sociale en maatschappelijke orde voor de verantwoordelijkheid van de mens komt" (1970, p. 90). Hy vervolg: "Wij doen er goed aan, heel het bestel, bestaande in structuren en instituten op de wijze van Hans Freyer¹⁾ als een totaal van secundaire systemen te sien, d.w.z. als ordeningen die niet anders dan door mense en onder verantwoordelijkheid van mense (voort) bestaan en niet als ordeningen waarin het een mens niet gegee is in te grijpen" (1970, p. 91).

Volgens Kuitert het die strukture in die plek van die ordeninge gekom deur 'n dieper kennis van die sosiale werklikheid. "Voor wat de ekonomisch-maatschappelijke kant betref kom hier een stuk van de eer aan Marx toe" (1970, p. 90).

Van die huwelik sê Kuitert: "Er zit in het traditionele huwelik kennelijk toch teveel dwang" (1975, p. 70). Daarom verwelkom hy die hedendaagse siening van die huwelik "waarin getrouwde mense self mogen, kunnen en durven eksperimenteren om uit te vinden wat voor hen beide trouw zal zijn" (1975, p. 71).

Hierdie siening van Kuitert het verreikende implikasies. Omdat die ordeninge (strukture) - volgens Kuitert - nie van God af kom nie maar bloot die verantwoordelijkheid

1) Vgl. Freyer, H. 1958. Theorie des gegenwärtigen Zeitalters. Stuttgart.

van die mens is, kan dit enige tyd gewysig word. Die huwelik kan as uitgedien verklaar word, afgeskaf en iets anders in die plek daarvan gestel word.

3.6.2 Beoordeling

3.6.2.1 In die Gereformeerde etiek is nog altyd daaraan vasgehou dat die vernaamste (die basiese) ordeninge soos die huwelik, die gesin en die staat van God af kom en met die skepping gegee is (De Klerk e.a., 1972, p. 185, 292). Tereg verklaar Brillenburg Wurth (1951, p. 55): "De ordeningen horen tot de schepping Gods, die als zodanig goed is, waarvoor God Zijn wetten gaf en waarin Hij ons gebood overeenkomstig die wetten Hem te dienen en voor Hem te leven". Daarom is hy ook daarvan oortuig dat Gen. 1 en 2 vir die teologie, en in besonder vir die etiek, van fundamentele waarde is (Brillenburg Wurth, 1957, p. 62).

Een van die duidelikste bewyse dat die vernaamste ordeninge (instellings, strukture) met die skepping gegee is, kan gesien word in die huwelik. Christus self praat daarvan as 'n instelling "van die begin af" (Matt.19:4).

Dit weerlê die siening van Kuitert.

3.6.2.2 Vanselfsprekend beteken dit nie dat die mens se verantwoordelikheid - wat Kuitert so sterk beklemtoon - in verband met die ordeninge (strukture) opgehef word nie. Dit word ook nie teen wil en dank op die mens afgedwing nie, maar aan hom gegee om in verantwoordelikheid teenoor God en sy naaste daarmee te werk. Velema sê "dat de structuren niet tegenover de mens staan, maar

dat ze juist op de mens aangelegd zijn, en omgekeerd. Het zijn verbanden, ordeningen, vormen van omgang en samenleven waardoor de mens de gelegenheid ontvangt om het menszijn in al zijn verhoudingen en facetten te beleven" (1969, p. 30-31). Daarom moet die strukture nie verander word nie, maar die mens wat daarin en daarmee werk, moet hom verander - bekeer. (Vgl. Floor, 1974, p. 29).

Velema stel dit so: "Vernieuwingen van dergelijke strukturen is een eis van de christelike soziale etiek en het christelik-sosiaal handelen. Maar met de vernieuwing van de strukturen op zichzelf is men er nog niet. Het is de mens die de strukturen moet hanteren en benutten. De strukturen zijn geen neutrale aangelegenheden, die wanneer ze in zich goed zijn, het ook wel goed doen. Het is juist de mens die voor het functioneren van de strukturen verantwoordelik is... Een strukturele verbetering zonder bekering van de enkeling die in de strukturen werkzaam is, kan nog op een fiasco uitloopen" (1969, p. 30).

3.6.2.3 In hierdie lig besien, kry die herskepping ook 'n geweldige betekenis vir die etiek, want die herskepping in die hart en lewe van die mens werk deur na die ordeninge (strukture). Velema sê: "De christelike etiek zal kleur moet bekennen door een etiek van de herskepping door Jezus Christus en Zijn Geest te willen zijn". So kry 'n mens ook die regte visie op die skepping en kan hy daarna streef om God se oorspronklike bedoeling met die ordeninge by die skepping tot hulle reg te laat kom (Velema, 1969, p. 28, 31). So sal in

die ordening of struktuur van die huisgesin die verhouding tussen ouers en kinders alleen reg wees as die verhouding tussen die ouers en God en die kinders en God reg is (Heyns, 1970, p. 161).

Dit staan teenoor die siening van Kuitert wat die ordening (strukture) slegs uit die oogpunt van humaniteit wil beskou en beoordeel.

3.7 Die wêreld

3.7.1 Uiteensetting

Volgens Kuitert het die kerk te min waardering vir God se algemene werk in die wêreld. Die kerk het in die verlede te afwysend teenoor die wêreld gestaan en te veel erns gemaak met die bederf en die sonde in die wêreld. Hierdie houding was volgens Kuitert verkeerd. In 'n artikel met die sprekende titel: "De wereld valt mee" (1969 a), pleit hy vir 'n baie positiewer houding van die kerk teenoor die wêreld. Hy sê dat die ware kerk dié kerk is wat saam met die wêreld (en nie daarsonder nie) na die toekoms lewe (1969 a, p. 86).

Kuitert kom tot hierdie beskouing omdat hy die algemene en die besondere openbaring so na aan mekaar bring dat daar eintlik nie meer van die ongenoegsaamheid van die algemene openbaring gepraat kan word nie (Velema, 1971, p. 114). (Vgl. hieroor die deel wat handel oor Kuitert se siening van die algemene en besondere openbaring, punt 3.2.4).

'n Verdere rede waarom Kuitert tot hierdie beskouing kom, is die hoë waardering wat hy het vir die humaniteit.

Volgens hom moet die gelowige se godsdiens eintlik opgaan in diens aan die mens. Dit moet die mens se menswees tot ontplooiing bring en nie belemmer nie (1967, p. 30). Kuitert stel dit so: "Godsdienstig-zijn is daarom tegelijk een onvoorwaardelijk bezig-zijn met medemens en wereld, zoals omgekeerd geld: onvoorwaardelijk bezig-zijn met mens en wereld is minstens impliciet maar reëel een godsdienstig gebeuren" (1969 a, p. 72).

Die grense van die kerk word by Kuitert eintlik nie meer getrek deur die belydenis van die geloof in Christus nie maar deur die betragting van humaniteit (1967, p. 30; 1970, p. 104).

3.7.2 Beoordeling

3.7.2.1 Kuitert se siening dra duidelik die kenmerk van wêreldgelykvormigheid en mensgesentreerdheid. Daarom verbaas dit 'n mens nie dat hy in gebreke bly om objektief te "beproof wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is" nie (Rom. 12:2).

3.7.2.2 Wat die gelowige se verhouding tot die wêreld betref, is die reformatoriese standpunt, wat nog altyd in die verlede op grond van die Skrif gehandhaaf is, dat hy wel in hierdie wêreld is maar nie van hierdie wêreld nie (Joh. 17: 15,16), want hy leef nog in hierdie wêreld, maar sy burgerskap is in die hemel (Fil. 3:20). Dit beteken dat die gelowige die wêreld nie kloosteragtig mag ontvlug nie, maar ook nie dat hy deur die wêreld verswelg mag word nie.

3.7.2.3 Die siening van Kuitert dat die Christen se

vreemdelingskap in hierdie wêreld (1 Petr. 2:11,12), 'n verkeerde soort wêreldmyding tot gevolg sou hê, is onaanvaarbaar. Tereg verklaar Velema: "Als burgers van eenzelfde land hebben we allen gelijke rechten, plichten en ook gemeenschappelijke belangen. De vreemdelingschap ontslaat ons niet van het burger zijn! Dan moesten we uit de wereld weggaan, en zouden we niet meer daarin kunnen zijn! We hebben dus verantwoordelijkheid. Die moeten we nakomen" (1974, p. 64). Maar die Christen moet so lewe dat hy in sy besondere situasie en in die vervulling van sy daaglikse roeping, ten volle leef uit die geloof in Christus sodat almal dit kan sien (Rom. 1:17; 1 Kor. 7: 12,20; 1 Petr. 2: 11,12) (Pop, 1965, p. 142). En so 'n lewe sal vanselfsprekend moet toon dat die lewe vir die Christen nie opgaan in die aardse nie, maar dat hy 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde verwag. "Het christelijke leven, geleefd in waarachtige heiliging, staat in hetzelfde perspektief als de tussentijd: in de verwachting van de eschaton! Het is een getuigend, appellerend leven!" (Velema, 1974, p. 57).

4. KUITERT SE ETIEK - PRAKTIES

Kuitert kan beslis nie daarvan beskuldig word dat hy in sy etiek slegs by die teoretiese aspekte daarvan bly staan het nie. Hy durf onderwerpe uit die praktiese lewe van die mens aan wat tans in die brandpunt van belangstelling staan. Dit is die onderwerpe wat in hierdie hoofstuk krities behandel word om vas te stel watter plek hy daarin aan die mens toeken.

4.1 Rewolusie

4.1.1 Uiteensetting

Rewolusie is volgens Kuitert in bepaalde omstandighede heeltemal geoorloof (1970, p. 112). Daarom is dit ook te verstane dat hy besondere aandag sou skenk aan die teologie en etiek van die rewolusie. (Vgl. 1970, p. 88-113).

4.1.1.1 Die doel van die teologie van die rewolusie

Die doel van die teologie van die rewolusie is volgens Kuitert om "een verantwoording" te bied waarom Christene onvoorwaardelik moet deelneem aan die opbou van die wêreld, of "anders gezegd: een verantwoording van de omslag van voorwaardelijke deelname na onvoorwaardelijke deelname" (1970, p. 97). Hierdie verantwoording het tot gevolg gehad dat daar nie slegs 'n teologie van die rewolusie tot stand gekom het nie maar selfs 'n rewolusionêre teologie (1970, p. 97).

4.1.1.2 Rewolusie en horisontalisering

Met bogenoemde doel van die teologie van die rewolusie kan Kuitert hom vereenselwig. Maar dan is dit volgens hom noodsaaklik dat die Christene eers daartoe moet kom om die Christelike geloof te horisontaliseer (1970, p. 97).

(Vgl. hieroor: God se daad in die geskiedenis, punt 2.1.5.3).

So 'n horisontalisering van die Christelike geloof is wel 'n koerswysiging in die lig van die wêreld wat in die verlede betree is. Tog behoort dit geen probleme op te lewer nie omdat die Christelike geloof "in een consequente horisontalisering selfs beter tot zijn recht komt" (1970, p. 98).

Wat beteken hierdie horisontalisering dan?

Kuitert sê dat die Christelike geloof so weergegee moet word dat die mense die heil van God nie buite die huidige wêreld en buite die huidige tyd soek nie; ook nie in 'n wêreld agter die huidige wêreld nie, maar in die wêreld en in die tyd waarin die mens hom tans bevind (1970, p. 99-100). Hy sê: "Een zich op aarde historisch zich realiserend eschaton komt dicht bij de bedoeling" (1970, p. 98).

Daarom sê Kuitert moet in die geloof aanvaar word "dat in deze wereld de toekomstige wereld a.h.w. onderhuids present is in de scheppende macht van de belofte-Woord" (1970, p. 103).

Daarom het dit vir Christene ook tyd geword om 'n einde te maak "aan de gangbare teenstelling tussen Gods heil en heil voor de wereld. Gods heil is aards heil... Dat zullen wij mogen en moeten volhouden, ook al versmalt men aards heil - veelal in reactie - tot maatschappelijk heil" (1970, p. 103).

Maar hoe kom die mens daartoe om hierdie horisontalisering te realiseer?

Deur voortdurend te streef na vernuwung. "Niets bij het oude laten wordt dan tipisch christelik, en de daadkant van een hele teologie" (1970, p. 103). Daarin vind die mens volgens Kuitert aansluiting by die werk van Jesus. Hy noem Jesus immers die "belofte-woord voor onze wereld" en sê dan: "Overal waar verwachting is voor onze wereld is het belofte-woord teenwoordig" (1970, p. 102).

Kuitert kom tot die konklusie dat 'n teologie van die rewolusie nodig is, nie in die eerste plek om rewolusie te regverdig nie, "maar om een wijze van Christen-zijn te verantwoorden en te propageren die haar hart geheel en al aan die mens en zijn wereld verpand" (1970, p. 104).

'n Christen moet dus sy geloof so horisontaliseer dat, as dit in die mens se aardse en tydelike voordeel is dat 'n rewolusie moet plaasvind, die rewolusie ook deur die Christene heelhartig gesteun moet word. Omdat die heil in Christus vertaal moet word in terme van politieke en maatskaplike voordeel en welsyn, kan die Christen sy hande nie meer tuis hou nie, maar moet hy aktief deelneem aan die rewolusie.

Hoe sterk Kuitert voel oor die steun wat Christene aan rewolusionêre aksies moet gee, blyk duidelik as hy sê: "Het evangelie van Jesus is niet te combineren met konservatisme... Het evangelie van Jesus is in de wereld waarin wij nu leven... slechts te combineren met verzet teen de gevestigde machten" (1970, p. 181-182).

4.1.1.3 Die rewolusie as sodanig

Indien dit blyk dat 'n rewolusie noodsaaklik is, moet eers gepoog word om dit op 'n geweldlose wyse te laat

plaasvind (1970, p. 110).

By die vraag of die rewolusie gewelddadig of gewelddloos moet wees, moet, volgens Kuitert, nie net die probleme en optrede van die opstandiges beoordeel word nie, maar ook die optrede van die mense wat op daardie stadium die mag in die hande het. Ten opsigte van die laaste groep praat Kuitert van die "geweld waarmee men zichzelf in het zadel geholpen heeft, resp. zichzelf in het zadel houdt... De machtsmeerdere is vergeten hoe hij zelf aan zijn macht kwam en hoe hij haar tot op vandaag heeft gehandhaaft" (1970, p. 111).

Tog meen Kuitert dat 'n mens nie maklik tot 'n gewelddadige optrede moet oorgaan nie. "Het geweld blijft daarbij het meest riskante middel tot maatschappij-verandering wat zich denken laat". Maar, sê Kuitert verder: "Er kunnen situaties zijn waarin geweld het enige middel is". Voordat daar tot optrede oorgegaan word, moet eers goed besin word: "Het alternatief geweld/gewelddloos moet in elke situatie opnuut gesteld worden en kan alleen op grond van informatie en analyse worden beslist" (1970, p. 112).

Kuitert se siening oor rewolusie en die teologie van die rewolusie kom kortliks op die volgende neer:

- x Die heil in Christus moet in die proses van horisontalisering omgewerk word in 'n strewe na die bevordering van die tydelik-aardse belange van die mens.
- x Indien dit blyk dat rewolusie in die nastrewing

van hierdie doel noodsaaklik is, moet dit onvoorwaardelik deur die Christene gesteun word.

- x Daar moet gepoog word om die rewolusie op 'n geweldlose wyse te laat plaasvind, maar as dit nie anders kan nie, moet die rewolusie op 'n gewelddadige wyse deurgevoer word.

4.1.2 Beoordeling

4.1.2.1 Deur prioriteit aan die mens te verleen in die proses van horisontalisering, slaan Kuitert 'n totaal ander koers in as wat die Skrif leer. Christus sê: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matt. 6:33). Van hierdie vertikale lyn kan by Kuitert niks bemerk word nie.

4.1.2.2 Dit is duidelik dat die norme van humaniteit en sosiale utiliteit ook hier deur Kuitert toegepas word. Hier word nie gevra na God se wil nie maar na die belang van die mens, na die grootste geluk vir die grootste getal.

Hierdie hele uiteensetting van Kuitert is van begin tot end mensesentreerd. Behalwe vir enkele verwysings na die Skrif, is daar by Kuitert geen werklike oriëntasie aan die Heilige Skrif nie. Wat Heyns (1975, p. 33) in die algemeen van die teologie van die rewolusie sê, is ook op Kuitert van toepassing, naamlik: "Dit gaan in hierdie teologie om die mens in nood en dit gaan om die bevryding van die mens deur die mens... Ons kry dus ener= syds 'n diepe meelewing met en kommer oor die mens in sy nood, maar andersyds ook 'n grenslose vertrouwe in die

vermoë van die mens om hom en sy onderdrukte groep te bevry".

- 4.1.2.3 Die Skrif leer die gelowige in Rom. 13 om hom aan die mag en gesag van die owerheid te onderwerp omdat hy dié mag en gesag van God ontvang het. Maar Kuitert verkondig rewolusie en opstand teen die gevestigde magte en geen onderwerping daaraan nie. Of is hierdie eis van onderwerping aan die owerheid slegs 'n deel van die "verpakking" van die Bybel wat maar geïgnoreer kan word? Vir Kuitert is dit skynbaar wel die geval. So onttrek hy die samelewing aan die lig van God se Woord.
- 4.1.2.4 Omdat Kuitert in die strewe na politieke en maatskaplike heil wat uitmond in rewolusie "spore van God se heilsame teenwoordigheid in die wêreld" sien (1970, p. 133-135; 150), word die pad na enige rewolusie nog verder geopen - veral as Kuitert sê dat die verlossingswerk van Christus in terme van hierdie "spore van God" verklaar moet word.
- 4.1.2.5 Die leer van God as Bondgenoot-God by Kuitert gee aan die mens so 'n ruimte dat hy eties sy eie weg kan gaan en tog die indruk kan skep dat God sy optrede goedkeur. Daarom kan in God se Naam rewolusie bepleit word. So word die heil van die bondgenootskap eensydig en selfs ideologies gelykgestel met veranderinge in die samelewing (Velema, 1971, p. 150). Dit beteken in werklikheid dat God aandadig is aan handeling wat Hy self verbied.
- 4.1.2.6 Die groot probleem wat hom voordoën in die teologie van die rewolusie, en daarom ook by Kuitert wat hierdie teologie steun, word duidelik soos volg deur Heyns (1975,

p. 49) aangedui: "Wanneer die oorsaak van sosiale misstande nie in ongehoorsaamheid aan God gesoek word nie, en die oplossing daarvan nie allereers in 'n berouvolle terugkeer tot God gesien word nie, het ons streng genome nie meer met teologie te doen nie, of, waar dié aspekte tog nog aanwesig is, maar na die agtergrond verskuiwe is, met 'n etisering van die teologie. Anders as wat die profete of selfs Christus gedoen het, wil die teologie van die revolusie ook modelle gee en voorskrifte formuleer vir die opbou van 'n regverdiger en verantwoordeliker maatskappy van die toekoms. En so word etiese beslissinge geïdentifiseer met geloofsbeslissinge en die Christelike lewe gelykgestel met etiese aktivisme. Christen wees is per definisie anti-kapitalisties en pro-revolusionêr". Maar dit is nie die taak van die teologie om alternatiewe strukture vir die samelewing te ontwerp nie. En as die teologie dit tog doen - soos die teologie van die rewolusie - is dit nie meer met 'n teologie nie maar 'n ideologie.

4.2 Die dood

4.2.1 Uiteensetting

4.2.1.1 Die tradisioneel-Gereformeerde siening afgewys

Die tradisionele Gereformeerde siening is dat die dood die straf op die sonde is (Gen. 2:17; Eseg. 18:4; Rom. 5:12; Rom. 6:23). Dit beteken dat daar 'n tyd was toe daar geen dood was nie.

Kuitert verwerp hierdie siening omdat dit volgens hom histories nie juis is nie.

Op die vraag waarom 'n heroriëntering oor die dood nodig

is, antwoord hy: "In de eerste plaats is het historisch fundament onder de traditionele voorstelling vandaan getrokken doordat wij schepping-zondeval-verlossing onmogelijk als een historisch opeenvolgende trits kunnen blijven zien" (1970, p. 142). Kuitert gee geen rede vir hierdie siening van hom nie maar verwys slegs "naar de desbetreffende literatuur" sonder enige verder aanduiding (1970, p. 142).

Hy sê verder dat die biologie leer dat daar geen lewe sonder dood en geen dood sonder lewe is nie (1970, p. 143, 156). Ook daarom moet afgesien word van die gedagte dat die dood die straf op die sonde is (1970, p. 157). Trouens, die mens sal volgens Kuitert, bevry wees van die mitologiese siening van die dood as hy die "moet sterwe" aanvaar het "als behorend tot het mens-zijn, christelijk gesproken: als het moeten sterven (h)erkend zal zijn als element van de goede schepping" (1970, p. 158).

Bowendien kan ook nie gesê word dat die dood volgens die Skrif die straf op die sonde is nie (Kuitert, 1970, p. 144). Om hierdie bewering te staaf, behandel hy die Skrifgronde waarop mense hulle in die verlede verkeerdlik - volgens hom - beroep het om die tradisioneel-Gereformeerde standpunt te probeer motiveer.

- x Gen. 2:17: "Van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe".

Volgens Kuitert is hierdie uitspraak slegs 'n oordeelsaankondiging: die doodstraf (wat reeds bestaan) sal jou tref. Hierdie teks moet nie gesien word "als de aankondi-

=ging van de entree van het sterven" nie (1970, p. 144).

- x Gen. 3:19: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer".

Kuitert is van oordeel dat hier maar net gesê word dat die mens sterflik is (1970, p. 144).

- x Rom. 5:12: "Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het..."

Volgens Kuitert is Paulus se bedoeling met hierdie teks ongeveer soos volg: Die reënboog was waarskynlik altyd daar, maar sedert Noag het dit 'n verbondsteken geword. So was die dood ook altyd daar, maar sedert die sondeval het die mens dit leer ken as teken van sonde (1970, p. 145).

Dit beteken dat Paulus die dood nie wil aandui as die straf op die sonde nie, maar "met 'dood' bedoelt hij de impasse waarin hij de mens als zondaar voor God ziet geraten. Het moeten sterven is de onthulling van deze impasse"¹⁾ (Kuitert, 1970, p. 147).

Hy sê verder: "Het evangelie van Jezus bevrijdt een mens van de dood, d.w.z. uit de impasse waarin hij als zondaar voor God verkeert. Het moeten sterven is blijkbaar iets

1) Impasse beteken: doodloopstraat; 'n moeilikheid waar= van 'n mens nie weet hoe om daaruit te kom nie.

wat intussen doorgaat volgens Paulus, maar nu bij hem niet meer als 'dood', maar als 'gewin' (Fil. 1:21) ter sprake komt" (Kuitert, 1970, p. 147).

Christus bring dus bevryding van die siening dat die dood 'n doodloopstraat ('n "impasse") is en leer die mens om die dood as 'n wins te sien en dit daarom ook positief te waardeer. Hoe kan 'n mens dit positief waardeer? Deur dit eerstens te beskou as 'n wyse waarop die een plek maak vir 'n ander, en tweedens as 'n geleentheid om 'n liggaamsdeel beskikbaar te stel vir orgaanoorplanting (1970, p. 150).

As 'n persoon eenmaal daartoe gekom het om die dood (die "moet sterwe") te aanvaar as 'n intrinsieke deel van sy mens-wees en nie as 'n straf op die sonde nie, dan is een van die dinge wat hy so gou as moontlik moet leer "dat wij elkaar helpen sterven" net soos mense mekaar help om gebore te word (1970, p. 158). Wat Kuitert presies bedoel met hierdie "mekaar help sterwe", dui hy nie verder aan nie. Hy sê slegs dat dokters en verpleegsters geen opleiding in die verband het nie (1970, p.158).

Kuitert se siening oor die dood kan so saamgevat word:

- x Die dood is nie die straf op die sonde nie, want die opeenvolging van skepping-sondeval-verlossing is histories onjuis. Die dood was al daar voor die sondeval.
- x Die dood is 'n magsbegrip en die biologiese dood is slegs 'n onderdeel daarvan.

- x Deur die kennis van die sonde het die gedagte ontstaan dat die dood 'n teken van die sonde is.
- x Die mens het die dood daarna as 'n doodloopstraat beskou.
- x Christus skenk bevryding van die gedagte dat die dood 'n doodloopstraat is en leer die mens om die dood positief te waardeer as 'n plekmaak vir ander en 'n geleentheid om jou organe beskikbaar te stel vir orgaanoorplantings.
- x Mense behoort mekaar te help om te sterwe soos hulle mekaar help om gebore te word.
- x Op hierdie wyse kan die dood van die "mythologiese meerwaarde" wat daaraan geheg is, losgemaak word (1970, p. 148).

Die positiewe waardering van die dood in die lig van Fil. 1:21 het, volgens Kuitert, in die praktyk die volgende betekenis:

- x dat 'n mens deur die dood die geleentheid gebied word om sy organe beskikbaar te stel vir oorplanting;
- x dat mense deur die dood plek maak vir ander;
- x dat mense mekaar moet help sterwe.

4.2.1.2 Die dood en orgaanoorplantings

Om dele van jou liggaam by jou dood beskikbaar te stel vir oorplanting op ander persone om hulle op die wyse

te help, is op sigself sekerlik prysenswaardig en eties nie te veroordeel nie. Hierdie "wins" wat 'n mens se dood vir ander kan hê, is egter iets anders as die wins waarvan Paulus praat in Fil. 1:21 en kan nie daarmee in verband gebring word nie. (Vgl. punt 4.2.2.3). Ook is dit te betwyfel of 'n mens op die wyse kan aantoon - soos Kuitert wil - dat "het leven niet louter individueel eigendom is maar ook een zaak van (letterlijk) ons allen als mensen" (1970, p. 161).

4.2.1.3 Die dood as plekmaak vir ander

Ook die siening dat die dood 'n plekmaak vir ander is, is volgens Kuitert 'n deel van die dood as "wins" waarvan Paulus praat in Fil. 1:21 (1970, p. 150).

Dit is egter te verstane waarom Kuitert hierdie "wins" op so 'n wyse probeer verklaar. Hy sê immers dat die hiernamaals, die hemel, ens. as blote verdigsels en pro-jeksies van mense beskou moet word (1975, p. 83-84). Op hierdie wyse ontnem Kuitert die gelowiges - by die dood van geliefde medegelowiges en met die oog op hulle eie dood - die troos dat die dood 'n heengaan is om met Christus te wees (Fil. 1:23). Hy laat hulle werklik treur soos mense wat geen hoop het nie (1 Thess. 4:13).

As Kuitert die dood verder beskou as 'n wyse waarop 'n mens plek maak vir ander, ontstaan die vraag: Wanneer moet dit geskied?

Hy sê dit nie uitdruklik nie.

Na alle waarskynlikheid dui sy etiese norme van humaniteit en sosiale utiliteit ook hier die weg aan. Dit sal

dan beteken dat mense wie se lewens vir ander oënskylik nie meer tot voordeel is nie (of eerder as 'n nadeel vir ander beskou word), maar moet sterwe om plek te maak vir ander. Daarom sal afhanklike bejaardes, invalides, swak-sinniges, ens. deur die dood moet plek maak om die lewensruimte en lewensmoontlikhede van ander te verbeter. Om dieselfde rede sal aborsie ook toegepas moet word as daar "nie plek is" vir (nog) 'n kind nie. (Kuitert beweër dit inderdaad! Kyk by die behandeling van aborsie, punt 4.3.1.2).

Deur so 'n sienswyse open Kuitert die weg na aborsie, eutanاسie en selfs na selfmoord.

4.2.1.4 Mense moet mekaar help sterwe

As Kuitert daarmee bedoel dat mense mekaar in hulle sterwensoomblikke moet bystaan - liggaamlik en geestelik - behoort ten minste alle gelowiges sy siening van harte te ondersteun.

Dit sal vir gelowiges egter moeilik wees om mekaar ook geestelik by te staan as hulle mekaar nie kan vertrou met die oog op die ewige saligheid na hierdie lewe nie. Dan was Christus se woorde aan die misdadiger aan die kruis ook baie misleidend gewees. (Vgl. Luk. 23:43).

As Kuitert met "mekaar help sterwe" die toepassing van aktiewe eutanاسie bedoel, dan moet hierdie "hulp" beslis afgewys word. (Vir die motivering, kyk by die behandeling van eutanاسie, punt 4.4).

4.2.2 Beoordeling

4.2.2.1 Kuitert verwerp die Gereformeerde siening dat die

dood die straf op die sonde is. Die rede daarvoor is volgens hom omdat die opeenvolging van skepping, sonde= val en verlossing histories onjuis is.¹⁾ Hy motiveer sy sienings deur slegs te verwys "naar de desbetreffende literatuur" (1970, p. 142). Maar uit wat hy verder sê, word dit duidelik dat hy baie meer waarde heg aan die getuienis van die moderne biologie as aan die getuienis van die Heilige Skrif. Volgens die Skrif is dit duidelik dat die dood nie maar net 'n teken van die sonde of die erns van die sonde is nie maar inderdaad die straf op die sonde. Paulus stel dit immers baie duidelik: "Want die loon van die sonde is die dood" (Rom. 6:23). Dit is baie opvallend dat Kuitert hierdie teks ignoreer en dit nie in behandeling geneem het nie!

4.2.2.2 Kuitert sê dat Gen. 2:17 slegs 'n oordeelsaankondiging is; die mens word met die dood gedreig: as hy sondig, sal iets wat reeds bestaan (die dood), aan hom voltrek word.

Daarteenoor kan 'n mens by 'n eerlike lees van dié teks, in die lig van die Bybel as geheel, tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat God hier aankondig dat die dood (wat daar nog nie was nie) in die wêreld sal inkom as die mens sondig. Bowendien word aan die einde van elke skeppingsdag gesê: "Toe sien God dat dit goed was"

1) Natuurwetenskaplikes beweer dat fossiele gevind is van miljoene jare oud - volgens hulle berekening. Dit beteken, so beweer hulle, dat die dood toe al 'n bestaande werklikheid moes gewees het en daarom nie as 'n gevolg van die sonde gesien kan word nie. Hoewel die laaste woord hieroor seker nog nie gesê is nie, kan Kuitert se oplossing van die probleem nie aanvaar word nie omdat dit in stryd is met die Skrif.

(Gen. 1:4,10, 12, 18, 21, 25). En aan die einde van God se skeppingswerk as geheel word selfs gesê dat dit alles "baie goed" was (Gen. 1:31). In die lig van wat verder in die Skrif as geheel en in besonder in Gen. 1-3 geskrywe staan, is dit onmoontlik om te aanvaar dat die dood by hierdie goeie ingesluit was.

Gen. 3:19 word baie beslis bepaal deur Gen. 2:17.

In Rom. 5:12 word so duidelik gesê dat die dood die straf op die sonde is dat Kuitert se eksegese in werklikheid 'n poging is om die teks te laat sê wat hy graag wil hê dat dit moet sê. (Vgl. sy verklaring van Rom. 5:12 by punt 4.2.1.1). Volgens Ridderbos (1959, p. 113) stel Paulus dit hier duidelik dat "Adam schuld en dood over alle mensen heeft gebracht.. (en) dat de algemene dood van Adams nakomelingen inderdaad op Adams zonde is terug te brengen".

4.2.2.3 Met verwysing na Fil. 1:21 sê Kuitert dat die dood as 'n "wins" beskou moet word en positief waardeer moet word. En die positiewe waarde wat die dood dan kan hê, is om plek te maak vir ander en om jou organe vir oorplanting beskikbaar te stel. Maar in Fil. 1:21 word beslis nie van hierdie soort humanistiese wins gepraat nie, want in vers 23 sê Paulus wat hy hier met wins bedoel: die sterwe is 'n heengaan om met Christus te wees en dit is verreweg die beste. (Vgl. Hendriksen, 1962, p. 76-78; Martin, 1969, p. 76). Maar dit is te verstane dat Kuitert die dood as 'n heengaan om met Christus te wees nie as 'n wins kan beskou nie, want volgens hom is die hiernamaals, die hemel, ens. niks anders nie as blote projeksies en verdigselfs van mense (1975, p. 83,84).

4.2.2.4 Kuitert wil hê dat die dood ontmitologiseer¹⁾ moet word (1970, p. 148, 157, 158). Om die doel te kan bereik, moet die tradisionele Gereformeerde siening ook verwerp word. Daaruit moet 'n mens aflei dat hierdie Gereformeerde siening volgens Kuitert ook mitologiese elemente in hom het. Is daar nog veel verskil tussen Kuitert en Bultmann? (Vgl. Bultmann, 1961, p. 1-44; Schippers, 1969, p. 157-173).

4.2.2.5 Die redes waarom selfmoord volgens die tradisioneel-Gereformeerde siening afgewys word, kan mutatis mutandis ook hier ter sprake gebring word. (Vgl. punt 4.4.2.4).

4.2.2.6 Sy selfgemaakte etiese norme van humaniteit en sosiale utiliteit lei hom - ook in sy siening van die dood - al hoe verder weg van die Skrif af na 'n onmiskenbare humanisme toe.

4.3 Aborsie

4.3.1 Uiteensetting

In 'n gesprek wat weergegee is in die Nederlandse blad Gezond Gezin en in 'n artikel daarna in dieselfde blad het Kuitert in 1969 aborsie-op-versoek baie sterk bepleit. Volgens hom moet dit geskied selfs al is dit net die betrokke swanger vrou wat daarvoor vra. Sy, en niemand anders nie, moet die finale besluit daarvoor neem (1969 b, p. 199; 1969 c, p. 253).

Hier word eers die redes aangedui wat hy daarvoor aanvoer en daarna word dit krities beoordeel.

1) Kuitert praat van die ontmitologisering van die dood, maar bedoel waarskynlik daarmee die ontmitologisering van die Skrifbeskouing oor die dood.

4.3.1.1 Die verskil tussen biologiese lewe en menslike lewe
Volgens Kuitert is abortie tot op 'n sekere stadium van swangerskap geoorloof omdat daar dan nog net biologiese lewe bestaan en nog nie werklike menslike lewe nie.

Kuitert stel dit so: "Leven en leven is twee... Zolang wij onder leven louter biologisch geconstateerd leven verstaan, zijn we nog niet (of:niet meer) met menselijk leven bezig". Daarom kan gesê word dat daar "ook zoiets als ongekwalifiseerd leven bestaat". Hy sê verder dat "in het zwangerschapsproces de allereerste fase nog de minst kwalitatiewe is". Baie vrouens het 'n abortie gedurende die eerste periode van swangerskap sonder enige skuldkomplekse ondergaan omdat hulle "het allereerste begin blijkbaar veel minder als kwalitatief menselijk leven ervaren... De subjectiewe waardering, de diskwalifikasie, is moegelyk omdat deze vrucht inderdaad (nog) geen mens is. Men kan dat verskil met reght een gradueel verskil noemen. Maar graduele verskillen kunnen kwalitatief worden als ze (naar boven of beneden) een kritisch punt gepasseerd zijn" (1969 c, p. 255).

Elders sê Kuitert dat 'n mens tot op 'n gegewe moment in die swangerskap te doen het met "alleen nog maar door bioloogen te konstateren leven, maar dat is toeh wel een erg basis-achtig leven. Zo lang het niet meer is, is het waarden-indifferent of waardenvrij" (1969 b, p. 199).

4.3.1.2 'n Bestaande lewe word benadeel

Abortie moet volgens Kuitert ook kan plaasvind as 'n bestaande lewe deur die nuwe lewe benadeel of bederf kan word.

Hy stel dit so: "Bij abortus gaat het erom, of je bestaand

leven in zijn kwaliteit kunt benadelen doordat je een nieuw leven toelaat... Criterium is, of het gezin - en vooral de vrouw - schade ondervindt tengevolge van de zwangerschap" (1969 b, p. 199). Later voeg hy daaraan toe: "Ongewilde zwangerschappen kunnen iemands leven bederven... en in zulke gevallen durft het team de aanvraag om abortus provocatus in te willigen" (1969 c, p. 253).

Omdat dit die vrou is wat die meeste deur die swangerskap en die verwagte nuwe mens geraak word, is dit te verwagte dat sy volgens die humanistiese siening van Kuitert die grootste sê oor 'n moontlike aborsie moet hê. Dit is dan ook inderdaad die geval, soos blyk uit die volgende uitspraak: "Als een vrouw absoluut geen kind meer wil, dan heeft ze het absolute recht om die abortus aan te vragen" (1969 b, p. 199). Hy sê verder dat geen "abortus-commissie" die finale woord mag spreek nie, maar dat hy graag aan "de vrou die aanvraagt... het laatste woord willen geven. Er is m.i. geen reden te bedenken waarom een commissie deze ethische beslissing van een vrouw zou moeten of kunnen overnemen" (1969 c, p. 254).

In lyn hiermee gaan Kuitert dan verder en verklaar dat 'n samelewing nie deur sy gedragsreëls 'n ongewenste kind op 'n vrou mag afdwing nie. Na sy stelling dat 'n vrou die absolute reg het om in geval van 'n ongewenste swangerskap 'n aborsie aan te vra, gaan hy verder en sê: "En ik kan er gewoon kwaad om worden, als een maatschappij dat tegenhoudt... Er word geknoeid door een samenleving die zo'n situatie laat bestaan" (1969 b, p. 199).

Later brei hy soos volg daarop uit: "Onze samenleving laat

m.a.w. de zwangere vrou de tol betalen van de vergissingen, fouten en gebreken die nu eenmaal met elke beheersingsproblematiek is gegee. Dit klemt nog te meer als we daarby bedenken dat deze saenleving nog steeds een door de man gestempelde saenleving is" (1969 c, p. 254).

Kuitert se siening in hierdie verband kan soos volg saamgevat word:

- x Die kwaliteit van 'n bestaande lewe mag nie deur 'n nuwe lewe bedreig word nie. Daarom is aborsie geoorloof.
- x Omdat dit die swanger vrou is wat die meeste daardeur geraak word, moet sy die finale sê hê oor die wenslikheid van aborsie.
- x Geen samelewing mag deur sy kodes en reëls 'n ongewenste kind op 'n vrou afdwing nie.

4.3.1.3 Die ongewenste kind

Kuitert se siening oor die ongewenste kind blyk uit die volgende vraag en antwoord: "Hebben kinderen die niet gewent zijn ook het recht om er niet te zijn? Niemand heeft ooit gevraagd naar hun toestemming om op de wêreld te komen" (1969 c, p. 258).

4.3.1.4 Aborsie en oorloë

As aborsie en oorloë met mekaar vergelyk word, is Kuitert baie uitgesproke: "Ik erger me aan dat larmoyante gedoe rondom de abortus. We leven in een cultuur die zich minder druk maakt over alle doden die elders vallen, maar wel een enorm kabaal over abortus maakt. Laten we ons ookeens heel druk gaan maken over Vietnam, Biafra en ga maar door"

(1969 b, p. 211).

4.3.1.5 Aborsie en eutanase

Volgens Kuitert kan aborsie en eutanase met mekaar vergelyk word. Hy stel dit so: "De laatste jaren heb ik me veel bezig gehoude met vrae van dood en lewe. Ik ben daarbij uitgekome op de gedachte dat het lewe een moeilik afgrensbae 'pool' is; net als dokter Mastebroek vergelyk ik het probleem van de abortus ook met de euthanasie. Op een gegeeve moment heb je alleen nog maar door biologe te konstateren lewe, maar dat is toch wel een erg basisachtig lewe. Zo lang het niet meer is, is het waardenindifferent of waardenvrij" (1969 b, p. 198-199). Die onderskeid tussen biologiese lewe en menslike lewe is volgens Kuitert sowel by aborsie as eutanase relevant (1969 c, p. 255).

4.3.1.6 Aborsie en antikonsepsie

Hieroor het Kuitert hom soos volg uitgelaat: "Ik kan me niet voorstellen dat er in kringe van de mense die ik ken enig gepieker is over anticonsepsie..." (1969 b, p. 197). "Het vraagstuk van de abortus is eienlik het vraagstuk van het volledig aanvaarde van de verantwoordelikheid voor het kindertal. Dus als je eenmaal family planning hebt, moet je er by elke ongewenste zwangerschap in principe abortus kunne plaatsvinden" (sic) (1969 b, p. 198).¹⁾

1) Hierdie uitspraak van Kuitert toon 'n opvallende ooreenkoms met die siening van Fletcher (1974, p. 39) wat beweer dat 'n aborsie behoort plaas te vind "simply on the ground that no unwanted and unintended baby should ever be born".

4.3.2 Beoordeling

4.3.2.1 Die verskil tussen biologiese lewe en menslike lewe (Vgl. punt 4.3.1.1).

4.3.2.1.1 Dit val 'n mens op dat by Kuitert in hierdie verband geen behandeling van Skrifgegewens aangetref word nie. Doen hy dit doelbewus? Dis moontlik, want sy siening van 'n onderskeid tussen biologiese lewe en menslike lewe word ten sterkste deur die Skrif weerspreek. Dink aan Ps. 139: 13-16: "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef... My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe..." Vgl. ook Job. 10: 8-12; Ps. 22: 10,11; Jer. 1: 5. Hieruit is dit duidelik dat die mens van die oomblik van bevrugting af as 'n mens beskou moet word en dat Kuitert se onderskeid tussen biologiese lewe en menslike lewe nie gehandhaaf kan word nie. En omdat die fetus van die bevrugting af 'n mens is, is aborsie altyd 'n vorm van doodslag. (Vgl. Douma, 1975, p. 35; Gardner, 1975, p. 119; Geethoed, 1972, p. 34).

4.3.2.1.2 Kuitert heg nogal baie waarde aan die resultate van die moderne wetenskap. Dit is waarskynlik ook die moderne wetenskap wat hom gebring het tot die onderskeid tussen biologiese lewe en menslike lewe. Indien dit wel so is, is hy baie eensydig in sy aanwending van die kennis wat hy deur die moderne wetenskap verkry het. Lindeboom¹⁾ toon immers aan dat dit juis die moderne wetenskap is wat

1) Lindeboom is professor in geneeskunde aan die V.U., Amsterdam.

die mens laat beseef het dat hy van die oomblik van bevrugting af met 'n volle mens te doen het, al is dit 'n volle mens in die klein (in kiem). Hy verklaar: "Het is juist de moderne genetische wetenskap, die ons geleerd heeft dat in de bevrugte eicel de gehele latere mens als het ware besloten ligt, 'geprogrammeerd' is" (1970, p. 39).

Hy haal ook die volgende stelling van Ramsey aan: "It can now be asserted for the first time in the history of 'scientific' speculation upon this question that who one is and is to be, is present from the moment the ovum is impregnated" (Lindeboom, 1970, p. 39).

4.3.2.1.3 Aborsie kan volgens Kuitert in die vroeë stadium van swangerskap plaasvind omdat die lewe van die fetus die eerste periode na bevrugting "waarden-indifferent of waardenvrij" is (1969 b, p. 199). Daarmee kan een van twee bedoel wees: òf die menslike fetus het geen waarde nie, òf die fetus is nie in staat om te sê wat waarde het en wat nie.

Die eerste moontlikheid lyk onwaarskynlik... Swangerskap het altyd 'n reaksie tot gevolg: òf groot blydskaap, òf teleurstelling en opstandigheid. Omdat die groeiende fetus deel is van die lewe van die betrokke vrou, is dit haas onmoontlik om te dink dat dit vir haar geen waarde kan hê nie - afgesien nog van ander persone wat daarby betrokke mag wees.

Die tweede moontlikheid, naamlik dat die fetus geen waardeoordeel besit nie, is wel waar. Maar as dit 'n rede vir

1) Lindeboom haal aan uit: Ramsey, P. 1968. The morality of abortion. (In Shills, E. e.a. Life or death: ethics and opinion. Seattle/London, University of Washington Press p.69).

aborsie kan wees, kan dit ook die rede wees vir moord op 'n pasgebore baba, want dié het ook nog geen waarde-oordeel nie (Lindeboom, 1970, p. 35,36).

Hierdie siening van Kuitert is heeltemal onbybels. Uit genoemde Skrifgedeeltes is dit duidelik dat die vrug in die moederskoot van die begin af in die oë van die Here van groot waarde is. Tereg sê Lindeboom: "De invoering van het begrip waarden-vrij is intrinsiek onjuist en leidt tot een impasse" (1970, p. 37; vgl. ook Gispen, 1951, p. 89).

4.3.2.2 'n Bestaande lewe word benadeel. (Vgl. punt 4.3.1.2).

4.3.2.2.1 Kuitert sê dat 'n bestaande lewe nie deur 'n nuwe lewe benadeel moet word nie.

Hier kan weer gesien word hoe humanisties Kuitert in sy redenering is. Hy wend geen poging aan om in die nuwe lewe ook die wil en werk van God te sien en dit vanuit daardie gesigspunt te beoordeel nie.

Kuitert skerm daarvoor dat 'n bestaande lewe nie deur 'n nuwe lewe benadeel moet word nie. Maar is dit dan in orde dat 'n nuwe lewe deur 'n bestaande lewe benadeel word? Veël eerder moet in die lig van God se Woord beide beskerm en gehelp word. Dit is die aangewese weg. (Vgl. Jasperse, 1973, p. 160-162; Velema, 1971 b, p. 214).

Verder kan vrae soos die volgende hier nie ontwyk word nie: Wie kan sê of 'n bestaande lewe bedreig word? Wie kan sê of die kind wat gebore gaan word, nie vir sy/haar moeder (ouers) in die latere lewe so baie kan beteken dat die kwaliteit van haar (hulle) lewe daardeur geweldig bevoor-

=deel kan word nie? Baie voorbeelde kan opgenoem word waar dit wel die geval was en is. Toegegee - so 'n kind kan vir sy/haar moeder (ouers) later 'n groot verdriet wees. Maar wie kan vooraf vasstel of dit die een of ander gaan wees? Moet dit ook nie veel eerder in God se hande gelaat word nie? Maar Kuitert se redenasies is so sterk mensgesentreerd dat dit skynbaar vir hom te veel gevra is.

Veel eerder moet die hele saak positief beskou word: Indien alle voorsorgmaatreëls getref is om bevrugting te voorkom en daar vind tog bevrugting plaas, moet 'n mens dit sien as 'n beskikking van die Here en moet die swangerskap gelowig en met vertroue op God aanvaar word.

Die siening van Kuitert is slegs dan geregverdig as die lewe van die moeder of die kind of beide as gevolg van die swangerskap wesenlik in gevaar gestel word en dit reeds van die begin van die swangerskap af duidelik is dat die moontlikheid groot is dat ten minste een van die twee in elk geval gaan sterf as die swangerskap nie beëindig word nie. In so 'n geval is aborsie wel geoorloof. (Vgl. H. Cronje, 1973, p. 10; Douma, 1975, p. 66-72; Heyns, 1970, p. 182; Mante, 1975, p. 22; Velema, 1971 b, p. 210-211).

4.3.2.2.2 Kuitert sê dat die vrou die "absolute reg" het om, in geval van 'n ongewenste swangerskap, 'n aborsie te eis.

Hierdie uitdrukking, "absolute reg" is vir 'n Christen moeilik om te aanvaar. Is dit nie net God wat absolute reg oor die mens se lewe het nie? Dat hierdie uitdrukking 'n sterk humanistiese kleur het, kan nie betwyfel word nie.

Kuitert se "absolute reg" staan ook glad nie so sterk as 'n mens na die praktyk gaan nie, omdat dit heel dikwels gebeur dat so 'n vrou na verloop van tyd van gedagte ver=ander. Met verwysing na die ondervindings van 'n Sweedse ginekoloog sê Lindeboom dat baie vrouens wat aanvanklik in opstand was teen hulle swangerskap en gevra het vir 'n aborsie, later tog teen aborsie besluit het. Hy vra hom af of die verandering "niet kan samenhangen met het einde van de zogenaamde physiologische depressie in het begin der graviditeit, welke met misselijkheid, braken, vermoeidheid, neerslachtigheid en prikkelbaarheid gepaard kan gaan. Het verdwijnen dezer verschijnselen bij voortschrijding der zwangerschap zou niet zelden een aanvankelijk onwelkome zwangerschap doen aanvaarden, vooral wanneer er kindsbe=wegingen worden gevoeld" (1970, p. 45).

Kuitert sê verder (in aansluiting by Haspels)¹⁾ dat vrouens wat 'n aborsie gehad het, weinig skuldkomplekse geopenbaar het (1969 c, p. 255). Daarteenoor sê Lindeboom: "Dat het laten opwekken van miskraam ook het geestelijk leven van de vrouw kan raken, dat men ook iets verkeerd's beslist kan willen, en er later berouw van kan hebben, is iets, wat velen ontgaat en door anderen wordt ontkend, maar door een theo=loog in zijn overwegingen dient te worden opgenomen. Nog jaren na het laten opwekken van een miskraam kan een vrouw onder zware schuldgevoelens lijden" (1970, p. 46). En dan verwys hy na verskeie voorbeelde om sy bewerings te staaf.

Hier kan gesien word hoe sterk humaniteit as norm vir Kuitert geld en hoe hy dit probeer toepas. Dit val 'n mens egtter op dat die ander norm van sosiale utiliteit hier ver=

1) Sonder vermelding van bron.

=ander is na persoonlike utiliteit: net die vrou beslis.

4.3.2.2.3 Kuitert sê verder dat die samelewing nie 'n ongewenste kind op 'n vrou mag afdwing nie. Maar dit is tog nie die samelewing se skuld dat sy swanger is nie. Hier is 'n miskenning van die mens se persoonlike verantwoordelikheid teenoor sy medemens en veral teenoor God. (Vgl. Geelhoed, 1972, p. 54,55).

4.3.2.3 Die ongewenste kind (Vgl. punt 4.3.1.3).

Kuitert se uitlatings oor die ongewenste kind is so naïef dat dit eintlik nie eers nodig is om verder daarop in te gaan nie. In antwoord daarop kan slegs gevra word: Is daar ooit aan 'n ongewenste kind gevra of hy nie gebore wil word nie? Of is dit miskien aan gewenste kinders gevra?

Hierdie soort emosionele argumente dra weinig by tot die ontwikkeling van etiek as wetenskap.

4.3.2.4 Aborsie en oorloë (Vgl. punt 4.3.1.4)

Tereg is daar op Kuitert se emosionele "argument" oor aborsie en oorloë geantwoord dat die meeste mense gewoonlik magteloos staan teenoor oorloë - veral in 'n ander land - en feitlik niks kan doen om dit te keer of te beëindig nie. Dit is egter nie die geval met aborsie nie. Daar is die mens wel in staat om iets te doen of na te laat. (Vgl. 1969 b, p. 211). Bowendien is dit altyd eties verkeerd om een kwaad te probeer regverdig met 'n ander kwaad.

4.3.2.5 Aborsie en eutanاسie (Vgl. punt 4.3.1.5)

In die voorgaande (punt 4.3.2.1.3) is daarop gewys dat die lewe van 'n mens nooit "waarden-indifferent of waarden-vrij" is soos Kuitert wil voorgee nie. Daarom staan die

Christen afwysend teenoor aborsie sowel as eutanase. Dit is God wat die mens die lewe gee, en uiteindelik is dit ook net Hy wat die lewe kan neem.

Sonder om hier verder op eutanase self in te gaan, is dit tog nodig om daarop te wys dat aborsie en eutanase nie sonder meer vergelyk kan word nie. Lindeboom (1970, p. 21) sê tereg dat 'n mens nie "die toestanden van kunstmatig geprolongeerd lewe vergelyken met het wondere gebeuren van de kiemende, zich ontwikkelende vrucht" nie. "Dat is toch een volkomen ontoelaatbare vergelijking". In die een geval is die mens se lewe feitlik verby, maar in die ander geval lê die mens se lewe nog voor.

4.3.2.6 Aborsie en antikonsepsie (Vgl. punt 4.3.1.6)

Aborsie en antikonsepsie word deur Kuitert op dieselfde vlak gestel en aborsie word feitlik beskou as net nog 'n manier van antikonsepsie om te bly by die vooraf bepaalde grootte van die kindertal.

Ook dit is 'n totaal ontoelaatbare vergelyking, want by antikonsepsie vind daar geen bevrugting plaas nie, maar by aborsie het bevrugting reeds plaasgevind en het daar reeds 'n menslike lewe tot stand gekom - al is dit net 'n mens "in kiem". By antikonsepsie word 'n lewe nie vernietig nie, maar by aborsie wel.

Samevattend kan dus gesê word dat nie een van Kuitert se argumente ten gunste van aborsie werklik steek hou nie, veral nie as dit aan die Skrif getoets word nie. Dit is argumente wat uit 'n van God losgeraakte humaniteit gebore is en dan ook net op die mens gerig is. Ook uit die

oogpunt van wetenskaplike verantwoording laat dit veel te wense oor.

4.4 Eutanasië

4.4.1 Uiteensetting

Uit die aanhaling hierbo (punt 4.3.1.5) is dit duidelik dat Kuitert nie slegs aborsie nie maar ook eutanasië as geoorloof beskou. Sy redes daarvoor is dat ook in die gevalle waar die genadedood oorweeg word, slegs 'n biologiese lewe op die spel is en nie meer 'n menslike lewe nie. Daarom is so 'n lewe ook "waarden-indifferent of waardenvrij".

4.4.2 Beoordeling

4.4.2.1 Alle vorms van eutanasië moet verwerp word. Dit is God wat aan die mens die lewe gee en net Hy het die reg om dit op sy tyd weer te neem. En 'n mens mag slegs 'n ander mens die lewe ontnem as hy van God 'n opdrag daarvoor ontvang het, soos doodstraf in die geval van moord. (Vgl. Douma, 1973 a, p. 25-34).

4.4.2.2 Ook hier kan Kuitert se onderskeid tussen biologiese lewe en menslike lewe nie aanvaar word nie. Die mens bly 'n mens tot op die oomblik van sy dood.

Wel moet onderskeid gemaak word tussen eutanasië en sekere vorms van kunsmatige verlenging van die lewe. As 'n mens slegs aan die lewe gehou kan word deur intensiewe versorging en duur toerusting soos die hart-longmasjien, ens. en daar volgens gesaghebbende mediese getuïenis geen hoop is dat die persoon ooit daarsonder kan lewe nie, sal daar 'n moment kom waarop hierdie intensiewe en duur versorging

gestaak moet word sodat dit gebruik kan word vir mense by wie daar wel 'n moontlikheid van herstel is. In hierdie gevalle vind eutanase in werklikheid nie plaas nie maar sterf die persoon self omdat hy fisies reeds so afgetakel of beseer is dat herstel volgens die beste mediese getuienis nie meer moontlik is nie.

4.4.2.3 Daar kan nie beweer word dat persone wat invalides geword het of seniel is, se lewe sonder waarde is nie. Dit het minstens nog altyd die waarde dat dit mense wat gesond van liggaam en van gees is, leer om hulle seëninge te waardeer en God daarvoor te dank. (Vgl. Douma, 1973 a, p. 25-27).

4.4.2.4 By die afwysing van eutanase kan ook mutatis mutandis die redes genoem word waarom selfmoord afgewys word, naamlik:

- x die mens is geskape na die beeld van God (Gen.9:6);
- x dit is God wat aan die mens die lewe gee (vgl. punt 4.4.2.1);
- x God het aan elke mens 'n roeping gegee en niemand mag sy wagpos verlaat voor God self hom aflos nie.

4.5 Huwelik en egskeiding

4.5.1 Uiteensetting

Op grond van die getuienis van die Heilige Skrif is egskeiding in die reformatoriese kerke en deur Gereformeerde etici byna eenstemmig afgewys. Wel het egskeidings ook onder Gereformeerdes voorgekom, maar al het dit gebeur, is dit nogtans beskou as strydig met God se wil. En hoewel die onskuldige party in 'n geval van ontug volgens die Skrif

die reg het om te skei, beteken dit nog nie dat dit 'n moet is om te skei nie. Veel eerder moet daarna gestreef word om die huwelik te herstel deur skuldbelydenis en 'n belofte van trou van die een en vergewing deur die ander.

Ook in hierdie verband laat Kuitert nou 'n nuwe geluid hoor. Hy beskou egskeiding as die oplossing van baie huweliksprobleme. Daarom behoort ernstige oorweging aan egskeiding geskenk te word as sulke probleme opduik.

Hierdie siening van Kuitert blyk duidelik uit enkele uitsprake van hom wat hier in behandeling geneem word.

4.5.1.1 Die ekonomiese dwang het verdwyn

Oor die onderwerp: "Verandering van de moraal" (1970, p. 183-196) skryf hy: "Sinds de economische aspecten van het gezin zijn weggevallen, gaat het met de huwelijkskeus anders toe, krijgt de wederzijdse liefde een grotere kans en is het vandaag zede dat de huwelijken uit liefde worden gesloten. Tegelijkertijd is dit er een mooi voorbeeld van dat de verschuivingen ook kunnen problematiseren. Wanneer niet de economische noodzaak, maar de vrijwillige liefde en trouw een huwelijk bepalen, wordt het huwelijk als instituut kwetsbaarder, kan de vraag opkomen of de gangbare huwelijksmoraal (trouw bij elkander blijven) niet op de helling moet, in één woord: zitten we midden in dat proces dat er in de groep mensen zijn die uitproberen of echtscheiding niet een algemeen begaanbare weg kan zijn = moraal kan worden = wat 'men' doet, nu het huwelijk geen primair economische zin meer heeft. Dat heeft gevolgen voor de huwelijksrouw" (1970, p. 188).

Kortweg beteken dit: as 'n man en 'n vrou nie meer om

ekonomiese redes verplig is om bymekaar te bly nie, kan huweliksprobleme maklik deur 'n egskedding opgelos word. Dit kan selfs 'n algemeen aanvaarbare vorm ("wat 'men' doet") van oplossing van huweliksprobleme word.

Kuitert aanvaar hierdie vergemakliking van egskedding om ekonomiese redes sonder enige kritiek; trouens, hy keur dit goed en beskou dit as een van die "betere wege" wat in die proses van verandering van die moraal in die jongste tyd betree is (1970, p. 187, 188; vgl. ook 1975, p. 70, 71).

- 4.5.1.2 Die tradisionele (godsdiensstige) dwang moet verdwyn
- Kuitert is skynbaar gekant teen enige vorm van dwang as 'n middel om te verhoed dat 'n huwelik opgebreek word. Dit blyk duidelik as hy sê: "Er zit in het traditionele huwelijk kennelijk toch teveel dwang, lijkt het wel. Waar men dan ook naar zoekt is een vorm van trouw die niet op wederzijdse dwang of pressie berust - en dus helemaal geen trouw is - maar die de vrijheid en vrijwilligheid respecteert waarmee men begonnen was... Heel in het algemeen gesproken, kunnen we zeggen: wat er in de huwelijksmoraal verschuift is dat er vroeger geen verwrikken aan was - aan het huwelijk als instituut - terwijl vandaag er een zekere ruimte bestaat - gegund wordt, kan ik ook zeggen - waarin getrouwde mensen zelf mogen, kunnen en durven experimenteren om uit te vinden wat voor hen beiden trouw zal zijn. Het instituut van het huwelijk is er immers om twee mensen te helpen, niet om hen te knevelen!" (1975, p. 70-71).

Dit kom daarop neer dat 'n egpaar nooit die gevoel moet kry dat enige uiterlike dwang hulle bymekaar laat bly nie, maar dat die innerlike "dwang" van wedersydse liefde en

trou hulle saambind. Sodra hierdie innerlike "dwang" verdwyn, moet hulle deur egskedings en nuwe huwelike "eksperimenteer" om vas te stel by wie hulle dit kan vind.

4.5.1.3 Die doel van die huwelik

Volgens Kuitert is die huwelik bedoel as 'n kader "waarin die mens, resp. man of vrou, tot bloei zal komen aan en met zijn 'tegenover' van het andere geslacht. Wanneer bloeit een mens? Als hij tot zijn recht komt zoals hij (in zijn creatuurlijke eigenheid) is. Hoeveel offers wederzijdse liefde ook bereid is op te brengen, het huwelijk is niet een instituut tot zelfopoffering. In alle nuchterheid zullen we daaraan moeten vasthouden, wil het eigen karakter van het 'samen' dat we huwelijk noemen, niet de mist ingaan, en daarmee het huwelijk zelf. Het is er om daarin als man of als vrouw tot zijn recht te komen" (1971 c, p. 239).

Man en vrou moet dus, met erkenning van mekaar se regte, mekaar in die huwelik so help dat elkeen se persoonlikheid tot sy volle ontplooiing kom. Hulle moet bereid wees om vir mekaar op te offer, maar hierdie bereidwilligheid moet begrens wees, want die huwelik is nie 'n instituut vir selfopoffering nie.

4.5.1.4 Die vervelige huwelik en die geneentheid tot ander

Kuitert sê verder: "Een saai geworden huwelijk sal werkelijk saai worden; zelfmisleiding sal minder dan ooit kansen krijgen. Wel kansen zal daarentegen de ervaring krijgen, dat een ander dan de huwelijkspartner een getrouwde man of vrouw tot bloei kan brengen, resp. bepaalde facetten van hem of haar tot hun recht kan laten komen. Naarmate ervaringen de echtheid als kenmerk krijgen, zal de geneen-

=heid meer en meer kansen krijgen weg te zwerven" (1971 c, p. 240). Kuitert waarsku teen "een legalistiese opvatting van trouw" en sê dan: "Om de wegzwerende genegenheid als voorbeeld te nemen: de gangbare opvatting van huwelikse trouw veroordeel iets zónder verdere omslag als ontrouw, ook al keert de genegenheid gewoonlik na kortere of langere tyd weer terug. Op die manier word trouw een formeel, leeg begrip" (1971 c, p. 241).

Kuitert se bedoeling hiermee is dat die verhouding in die huwelik so goed moet wees dat 'n man of vrou hom/haar nooit tot 'n ander persoon aangetrokke moet voel nie. Dan sal daar ook nooit ruimte gelaat word vir "wegzwerende genegenheid" na 'n ander persoon as die een met wie jy getroud is nie. (Vgl. 1971 c, p. 241, 242).

Maar terselfdertyd kom Kuitert en hy pleit dat daar wel ruimte gelaat moet word vir so 'n "wegzwerende geneentheid". En as dit nie gedoen word nie, devalueer hy onmiddellik die huwelikstrou in die besondere geval tot 'n formele en leë begrip.

4.5.1.5 Gevolgtrekking: redes vir egskeding

Kuitert noem die verslapping van die ekonomiese druk op die gesin as rede waarom egskedings deesdae makliker kan plaasvind. Maar is daar volgens hom ook redes waarom 'n egskeding werklik geregverdig is?

In die voorgaande uiteensetting word twee sulke redes aange-tref, naamlik:

- x as man en vrou nie meer tot mekaar aangetrokke voel nie (die innerlike "dwang" van liefde en

trou het vervaag);

- x as man en vrou mekaar nie meer help om hulle persoonlikhede te ontplooi nie ("tot bloei zal komen").

4.5.2 Beoordeling

4.5.2.1 Die ekonomiese dwang het verdwyn (Vgl. punt 4.5.1.1)

Deur die verdwyning van die ekonomiese dwang te beskou as rede waarom egskedings tans makliker as in die verlede kan plaasvind, kan duidelik gesien word hoe weinig die getuienis van die Bybel vir Kuitert beteken. Dwarsdeur die Bybel word een duidelike "model" van huwelikstrou aan die mens voorgehou. Dit begin in Gen. 2:23, 24 as Adam van Eva praat as "been van my gebeente en vlees van my vlees" en van die eenheid tussen man en vrou; dit gaan voort met die vergelyking van die eenheid tussen man en vrou met die eenheid tussen Christus en die gemeente (Ef. 5:22-33); dit bereik sy voleinding op die nuwe aarde waar Christus die Bruidegom en die kerk sy bruid sal wees - vir ewig! (Openb. 19:7, 9; 21:9). (Vgl. Douma, 1972, p. 49).

In die sewende gebod word uitdruklik beveel: "Jy mag nie egbreek nie".

Daarby kom nog die duidelike getuienis van die Here by monde van Maleagi: "Want Ek haat egskeding, sê die Here, die God van Israel" (Mal. 2:16).

Hierdie duidelike getuienis van die Skrif word deur Kuitert egter nie eers oorweeg nie. Wat hom betref, is dit bloot 'n kwessie van: egskedings kan nou makliker plaasvind en

daarom behoort mense ook meer daarvan gebruik te maak as 'n oplossing van huweliksprobleme. Van bekering, skuld=belydenis, vergewing, selfverloëning, ens. as die Christelike weë om huweliksprobleme op te los, word hier niks gesê nie. Op humanistiese wyse word hier die pad van die minste weerstand gekies.

- 4.5.2.2 Die tradisionele (godsdiensstige) gedwonge bymekaar=bly in die huwelik moet verdwyn (Vgl. punt 4.5.1.2)
- Kuitert is hier 'n voorbeeld van 'n opstandige mens wat in verzet kom teen die dwang van God se wil. Hy wil van geen dwang van buite weet nie, maar God self lê van buite af die dwang op man en vrou in die huwelik om mekaar lief te hê. Paulus skryf in Ef. 5:25: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad het". Vgl. ook Kol. 3:19. En van die vrouens sê hy dat hulle geleer moet word "om hulle mans en kinders lief te hê" (Tit. 2:4).

Sentimentele, emosionele en erotiese liefde kan vervaag, maar die Christelike liefde moet bly. Daarom kan dit ook by wyse van 'n gebod opgelê word.

Terwyl God egskeidings verbied, wil Kuitert hê dat mense deur - as dit nodig is - 'n reeks van huwelike en egskeidings moet "eksperimenteer" op soek na die regte lewensmaat. Dit word dus 'n kwessie van: die doel heilig die middele - 'n modus operandi wat in Gereformeerde kring op grond van die Skrif nog altyd verwerp is. Dat hierdie optrede onskriftuurlik is blyk duidelik uit Rom. 3:8. Van diegene wat sê: "Laat ons kwaad doen sodat die goeie daaruit kan voortkom", sê Paulus: "Hulle veroordeling is regverdig".

(Vgl. Keet, 1945, p. 34-38).

4.5.2.3 Die doel van die huwelik (Vgl. punt 4.5.1.3)

Waarskynlik bedoel Kuitert in hierdie verband dieselfde as wat die Here in sy Woord leer, naamlik dat man en vrou in die huwelik vir mekaar tot hulp moet wees. Dan kan dit van harte onderskryf word. Sy waarskuwing om van die huwelik nie 'n "instituut tot zelfopoffering" te maak nie, laat die vraag ontstaan of dit nie sy siening van humaniteit as etiese norm is wat hom tot hierdie uitspraak gebring het nie. Dan is dit beslis nie sonder bedenkinge nie.

Daarby kom nog dat 'n huwelik sonder selfopoffering waarin die egpaar vir mekaar 'n hulp moet wees, eintlik net nie moontlik is nie. (Vgl. Van Woerden, 1959, p. 90-91). En kan 'n mens se persoonlikheid nie tot bloei en ontplooiing kom juis deur vir mekaar op te offer nie, en dan nie net as dit aangenaam is nie maar ook as dit onaangenaam is? (Vgl. G. Cronje, 1973, p. 123-124). Waarskynlik sal Kuitert daarteen beswaar hê omdat die opofferende se humaniteit miskien aangetas kan word.

4.5.2.4 Die vervelige huwelik en die geneentheid tot ander (Vgl. punt 4.5.1.4)

Kuitert wil aan mense wat nie so 'n gelukkige huwelik het nie, se "geneenthede" die geleentheid bied om "weg te swerf" na 'n ander man of vrou wat bepaalde fasette uit die betrokke persoon se lewe "tot bloei" kan bring. Maar Christus sê dat wie slegs na 'n vrou kyk en haar begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het (Matt. 5:28). En om enige moontlikheid van sonde te voorkom, kan dit, volgens Christus, selfs beter wees om jou oog uit te ruk

en jou hand af te kap as om heeltemal, vanweë jou sonde, verlore te gaan (Matt. 5:29, 30). Daarby praat Christus ook van mense wat self gekies het om nie te trou nie ter wille van die koninkryk van die hemel (Matt. 19:12). (Vgl. Douma, 1972, p. 49).

Al hierdie getuienisse van die Skrif het vir Kuitert skynbaar niks te sê nie. By hom geld slegs die reël: as jou eie vrou/man jou nie kan help om jou persoonlikheid tot ontplooiing te bring nie, gaan dan maar na 'n ander vrou/man toe.

4.5.2.5 Redes vir egskeiding (Vgl. punt 4.5.1.5)

Dit is duidelik dat albei redes op grond waarvan 'n egskeiding volgens Kuitert geoorloof is, deur en deur humanities is. Dit gaan bloot om die wil, wense en gevoel van die mens. Van God se wil is daar geen sprake nie. Trouens, in sy hele siening van die probleme rondom huwelik en egskeiding speel God se wil, soos dit in sy Woord geopenbaar is, feitlik geen rol nie.

4.6 Homoseksualiteit

4.6.1 Uiteensetting

Kuitert het geen beswaar teen homoseksualiteit nie; intendeel, in sy jongste boek, Wat heet geloven? (1977), lewer hy 'n pleitrede dat homoseksuele mense in die kerk sonder beswaar aanvaar moet word. Van sy kant het hy ernstige beswaar teen die kerk wat weier om dit te doen.

Hy stel dit so: "De meeste mannen hebben als levenspartner behoefte aan een vrouw en de meeste vrouwen aan een man, maar er zijn vrouwen die eerder aan een vrouw behoefte

hebben dan aan een man en mannen die eerder behoefte aan een man hebben dan een vrouw, waarbij ik dan aanteken dat ik het woordje behoefte in alle gevallen in dezelfde betekenis gebruik... De verskillen tussen mense is dus groot, maar - dat is wat ik hier op het oog heb - op telkenszjn eigen spesifieke terrein knipt institusionalisering die verskillen als uitsteeksels of franje eraf, en suggereert het een doorsnee-mens, die gereguleerde, aan die algemeenheid aangepaste mens as die werke-lyke mens" (1977, p. 176).

Hierteen protesteer Kuitert met alle mag omdat "institusionalisering geen rekening houdt met die verskil tussen mens en mens" (1977, p. 176). "Het instituut word teenstander in plaas van vryheidsschenker van die enkele gelovige" (1977, p. 178).

Maar so moet dit nie wees nie. Daarom pleit hy vir 'n kerk "waarin elke enkeling tot zjn reght kom" (1977, p. 177). En as dit nie verkry kan word nie, dan moet die kerk as instituut maar verdwyn: "Het instituut met zjn geprefabriseerde vorme en formuleringe moet word afgeschreven en vervang word deur 'individueel geloven', geloven sonder kerk" (1977, p. 181). Die alternatief vir die situasie van "'God sonder kerk' is 'kerk sonder dwang', een instituut waarin elke gelovige in zjn individualiteit tot zjn reght kom" (1977, p. 184).

Dié geweldige sterk beklemtoning van die uiters belangrike plek van die individu en die respektering van sy gevoelens is vir hierdie studie van besondere belang, omdat die individu volgens die voorbeeld wat Kuitert self

gebruik, niemand minder is nie as die homoseksuele mens: die man wat aan mans behoefte het en die vrou wat aan vrouens behoefte het (1977, p. 176). Elders beweer hy: "Homofilie was gister verboden", maar "wat gister gold, geld vandaag niet meer..." (1975 b, p. 127).

Kuitert gee dus nie net erkenning aan homoseksualiteit nie, maar van al die moontlikhede van "uitsonderlike mense" gebruik hy juis die homoseksuele mens as voorbeeld om aan te dui hoe daar in die kerk met die enkeling rekening gehou moet word, hoe sy/haar gevoelens gerespekteer moet word, hoe daar aan die "afwykende" enkeling 'n plek in die kerk gegun moet word sonder enige dwang om van sy/haar "afwyking" afstand te doen. Deur die homoseksuele mens hier as voorbeeld te gebruik (en dink dan wat die funksie van 'n voorbeeld is) gee Kuitert te kenne dat homoseksualiteit sonder beswaar deur die kerk as 'n modus vivendi erken en aanvaar moet word.

Van die kerk van die Here word dus geëis om te buig voor die gevoelens van die enkele mens, maar van die eis van die enkele mens om te buig voor die wil van die Here van die kerk, word niks gesê nie.

4.6.2 Beoordeling

4.6.2.1 Hierdie hele uiteensetting van Kuitert is mensgesentreerd. Hy is baie bekommerd daarvoor dat die individuele mens tot sy reg moet kom, maar toon geen bekommernis of daar ook aan God se wil voldoen word nie.

4.6.2.2 In die Skrif word homoseksualiteit uitdruklik verbied. Dit blyk duidelik uit Skrifuitsprake in Lev. 18:22;

Lev. 20:13; Rom. 1:26,27; 1 Kor. 6:10 ("sodomiet") en 1 Tim. 1:10. Buys (1976, p. 19) sê dat dit uit hierdie Skrifuitsprake duidelik is "dat homofiele aanleg teen-natuurlik is en dat homoseksuele daade sonde is en dat as daar in sulke daade volhard word, so 'n mens die koninkryk van God nie kan beërwe nie". Dit is ook die konklusie waartoe Botha (1975, p. 190) op grond van genoemde Skrifuitsprake kom, want hy sê: "In gehoorsaamheid aan die Skrif, kan die gemeente van Christus derhalwe nie anders as om hom te rig teen enige verskynsel en teen enige poging tot eenheidsbelewing wat 'n aanslag op die man/vrou verhouding en die struktuur en wese van die monogame huwelik maak nie". Maar ondanks die duidelike getuienis van die Skrif pleit Kuitert dat aan die homoseksuele mens 'n plek in die kerk gegun moet word en geen dwang op hom uitgeoefen moet word om daarvan af te sien nie.

Vanselfsprekend mag die mens met homoseksuele neigings nie sonder meer deur die kerk verstoot word nie, maar moet pastoraal in liefde gehelp word om teen die sonde te stry. Maar dit beteken geensins 'n goedkeuring van die sonde van homoseksualiteit nie. (Vgl. hieroor Botha, 1975; Douma, 1973 b).

5. SAMEVATTENDE BEOORDELING

5.1 Kuitert se vernaamste dogmatiese beskouings

In die lig van die uiteensetting in hoofstuk 2 kan die mensgesentreerdheid van Kuitert se vernaamste dogmatiese beskouings soos volg aangedui word.

5.1.1 Oor God

Deur die wyse waarop Kuitert God as Bondgenoot-God beskou, kom God in 'n posisie van afhanklikheid van die mens te staan. Vir sy openbaring en vir sy daad is God van die mens afhanklik. Kuitert se siening beteken immers dat God Hom met behulp van die mens openbaar en dat hy met behulp van die mens sy bondgenootskaplike daad verrig. Hier word God in sy Wese aangetas. God word van sy onafhanklikheid (aseitas), almag en alwetendheid beroof en aldus oneer aangedoen.

5.1.2 Oor die Skrif

Kuitert het aanvanklik skerp kritiek uitgespreek teenoor die eksistensieteologie op grond van die subjektivisme daarvan. Dit het daarop neergekom dat net wat die mens in die Skrif as waar beskou, werklik waar is. Hoewel hy dié uiterste siening verwerp het, het hy daarteenoor tog gevoel dat die subjektiwiteit van die mens die nodige aandag moet kry. In die Gereformeerde teologie het dit volgens hom nie tot sy reg gekom nie. Daarom het hy dit weer sterk beklemtoon. Die einde van die saak was egter dat hy, omdat sy band met die Skrif al lossier geword het, in dieselfde subjektivisme van die eksistensieteologie verval het, wat hy aanvanklik so skerp veroordeel het, en so tot 'n mensgesentreerde Skrifbeskouing gekom het.

Kuitert heg buitengewoon baie waarde aan die resultate van die natuurwetenskap as produk van die menslike denke - dermate dat as dit aankom op 'n keuse tussen die getuienis van die Skrif en die resultate van die wetenskap, hy laasgenoemde kies. Tereg het Van Riessen (1967, p. 82) dan ook gesê dat by Kuitert "de rollen van Bijbel en wetenskap omgekeerd worden, waarbij de wetenschap autonoom en de Bijbel relatief wordt".

In sy siening oor die Skrif onderskei hy tussen saak (die eintlike heilsboodskap) en verpakking (die onbelangrike vorm waarin die saak gegiet is). Maar dan laat hy dit aan die mens self oor om uit te maak wat saak en wat verpakking is.

Deur verder die "tradisie" gelyk te stel met die Skrif, deur sy siening van 'n oop kanon en deur die verwerping van die gesag van die Skrif as die Woord van God, word die woord van die mens as gesaghebbend in die sentrum geplaas.

5.1.3 Oor Christus

Kuitert stel die heil in Christus gelyk met veranderings onder die mense in die hedendaagse samelewing. Ook bepleit hy rewolusie teen die gevestigde magte in die Naam van Christus. Alles sentreer dus ook hier om die mens.

5.2 Kuitert se etiese beskouings

Kuitert se etiek is in hoofstuk 3 en hoofstuk 4 behandel. Die mensgesentreerdheid van sy etiese beskouings tree daarin soos volg in die lig:

5.2.1 Die openbaring van God se wil

God openbaar sy wil aan die mens in sy bondgenootskaplike

omgang met hom. Deur sy bereidheid om vir God 'n bondge=
noot te wees, maak die mens dit vir God moontlik om Homself
en sy wil te openbaar. Dit hang van die mens se kennis
van die wêreld af in hoe 'n mate God Homself en sy wil aan
die mens kan openbaar.

5.2.2 God se gebooie - voorbeelde of voorskrifte?

Die Skrif bied volgens Kuitert geen voorskrifte van God
waarin uitdruklik gesê word wat die mens moet doen of nie
moet doen nie; nee, dit bied slegs voorbeelde van hoe God
se wil verstaan en gehoorsaam kan word - voorbeelde wat dan
deur die mens geaktualiseer en op sy eie tyd van toepassing
gemaak moet word. Dit is dus die mens wat hier die finale
sê het.

Dit mag gebeur dat 'n moraal soms afwyk en gevaarlike
neigings openbaar. Dit is egter geen rede tot kommer nie,
want die mens beskik oor die vermoë om uit homself die
moraal weer te herstel en in die regte bane te lei.

5.2.3 Die norm in die etiek

Die mensgesentreerdheid van Kuitert se etiek word veral
daarin geopenbaar dat daar volgens hom net twee norme in
die etiek is, naamlik humaniteit en sosiale utiliteit.
Onder humaniteit verstaan hy dan dit wat vir die mens goed,
nuttig en voordelig is. En sosiale utiliteit is volgens
hom die praktiese funksionaliteit van die institute waar=
deur die grootste geluk vir die grootste getal mense ver=
kry kan word.

God se gebooie bied dus, volgens Kuitert, nie die norm vir
die mens se lewe nie.

5.2.4 Vryheid en dwang

Die mens moet nie gedwing word om iets te doen of na te laat nie, maar hy moet die reg hê om self (outonoom) daarvoor te besluit.

5.2.5 Die prediking

In die prediking moet die evangelie van Christus uitgelê word in terme van die "spore van God" in die wêreld, naamlik humaniteit, politieke en maatskaplike betrokkenheid, teologie van die rewolusie, ens. Die mens staan dus ook in die prediking in die sentrum.

5.2.6 Die ordeninge of strukture

Die ordeninge of strukture (institute) soos die huwelik, die staat, ens. is volgens Kuitert nie van God afkomstig nie, maar deur mense gemaak. Daarom kan dit ook enige tyd deur die mens verander word.

5.2.7 Die wêreld

Die kerk moet 'n baie groter openheid teenoor en toegenentheid tot die wêreld openbaar en nie so afwysend daar teenoor staan nie. Hierdie siening van Kuitert hang saam met sy hoë waardering van humaniteit. Hy sê immers dat godsdiensdig-wees niks anders beteken nie as om onvoorwaardelik met mens en wêreld besig te wees.

5.2.8 Rewolusie

Rewolusie, insluitend gewelddadige rewolusie om beweerde onreg en onderdrukking teen te gaan, is eties regverdigbaar omdat dit in belang en tot voordeel van bepaalde mense is. Daarom behoort die kerk en Christene dit onvoorwaardelik te steun.

5.2.9 Die dood

Die dood moet deur die mens positief gewaardeer word as 'n geleentheid om sy organe te skenk vir oorplanting op mense en 'n geleentheid om plek te maak vir ander mense. Kuitert praat nie meer van die dood as 'n afsterwing van die sonde en 'n deurgang na die ewige lewe nie.

5.2.10 Aborsie

'n Nuwe lewe kan 'n bestaande lewe benadeel. Daarom het die moeder, dus 'n mens, volgens Kuitert die absolute (!) reg om 'n aborsie te eis en dan mag dit haar ook nie geweier word nie. Dit kan aan die begin van die swangerskap ook maklik geskied, omdat daar dan, volgens hom, nog net biologiese lewe bestaan en nog nie menslike lewe nie.

5.2.11 Eutanase

In gevalle waar eutanase oorweeg word, is daar (soos by aborsie) nog net van biologiese lewe sprake en nie van menslike lewe nie. Daarom is so 'n lewe betekenisloos vir die mens ("waarden-indifferent of waardenvrij"). Gevolglik is eutanase dan geoorloof.

5.2.12 Egskeiding

Egskeiding behoort aanvaar te word as 'n goeie wyse van oplossing van huweliksprobleme, want op die wyse kan die lewe vir die mens makliker gemaak word en struikelblokke op die pad van ontplooiing van sy mens-wees uit die weg geruim word.

5.2.13 Homoseksualiteit

Dit moet, volgens Kuitert, vir die homoseksuele mense moontlik gemaak word om - ook in die kerk - hulle indiwidualiteit tot sy reg te laat kom. Hulle moet aanvaar

en verdra word en daar mag geensins teen hulle gediskrimineer word nie. Hulle individualiteit as mense staan dus ook hier in die sentrum. Daarteenoor word van God se oordeel oor homoseksuele dade niks gesê nie.

5.3 Konklusie

Aan die begin is die vraag gestel of Kuitert se etiek 'n mensgesentreerde etiek is. Na die ondersoek wat gedoen is, moet op die vraag bevestigend geantwoord word. In elke afsonderlike aspek van sy etiek staan die mens in die sentrum en nie God nie. En daarmee het Kuitert oteenseglik die Skriftuurlike en Gereformeerde pad verlaat en die onskriftuurlike pad van die humanisme gekies.

5.4 Gereformeerde teologiese etiek: teosentries

Kuitert se etiek is afgewys omdat dit antroposentries en humanisties is, en humanisme is in wese afgodery: 'n verheerliking van die outonome mens.

Maar hoe behoort 'n Gereformeerde teologiese etiek dan wel daar uit te sien, en wat is die plek van die mens daarin?

Die antwoord is dat die Gereformeerde teologiese etiek teosentries moet wees en nie antroposentries nie. Derhalwe is Rom. 11:36 hier ook van kardinale belang: "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid".

Daarom moet die mens se lewe ook 'n lewe wees wat op God gerig is, waarin God gedien word en wat aan sy Woord en wil onderworpe is. Volgens die Heidelbergse Kategismus kan slegs dié dade van die mens as goeie werke beskou word

"wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, alleen tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goëddunke of op insettinge van mense gegrond is nie" (antwoord 91).

Die implikasie van Kuitert se etiese beskouings is dat die mens leef en werk ter wille van die mens. Volgens die Gereformeerde teologiese etiek moet die mens leef en werk ter wille van die eer van God. En as hy, volgens 'n teonome etiek, dit doen in gehoorsaamheid aan God, sal hy self as beeld van God tot sy reg kom en ook sy roeping teenoor sy medemens suiwer sien en op die regte wyse vervul (1 Joh. 4:20, 21; Jak. 2:14-26).

SUMMARY

H.M. Kuitert is currently professor of ethics (and introduction to dogmatics) in the Faculty of Theology at the Free ("Vrije") University of Amsterdam where ministers of the Reformed Churches ("Gereformeerde Kerken") in the Netherlands are trained.

On reading his publications, particularly those dealing with ethics, the impression is gained that his ethics are centred on man. Several authors have expressed their belief that this is in fact the position but to date no research has been done. It is therefore the object of this study to establish whether man indeed truly occupies such an important place in Kuitert's ethics as to characterise his works as man-centred.

The method which has been adopted in this study is principally systematic, analytical and critical. The exposition given of Kuitert's attitude is as objective, honest and as reasonable as possible. It is then tested in the light of the Scriptures and the three Confessions of Faith used by the Reformed Church of South Africa ("Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika").

The findings of the study are that the ethics of Kuitert are indeed man-centred. In every separate aspect of his ethics Kuitert allows man to usurp the place of God. He has thereby strayed from the Scriptural, reformed, God-centred theology which avows God's absolute sovereignty and he advocates an unscriptural humanistic philosophy which is founded upon the autonomy of man.

GERAADPLEEGDE WERKE

Vir die verwysing na Kuitert se werke, kyk bladsy 182.

- ABMA, H.G. 1976. Schriftgezag en zede (In Het hoge Woord. Amsterdam, Ton Bolland. p. 63-81).
- AALDERS, G.Ch. 1960. Het boek Genesis I; 3de druk. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen, Kok.
- BAVINCK, H. 1928 a. Gereformeerde Dogmatiek, deel 1; 4de druk. Kampen, Kok.
- BAVINCK, H. 1928 b. Gereformeerde Dogmatiek, deel 2; 4de druk. Kampen, Kok.
- BOTHA, A.H. 1975. Pastorale sorg aan die homoseksuele mens. (Ongepubliseerde proefskrif - Universiteit van Pretoria).
- BLEI, K. 1975. Het laaste woord? Over het gezag van kerkelijke leeruitspraken als vraagstuk in de oecumene. Kampen, Kok.
- BRILLENBURG WURTH, G. 1957. Het Christelijk leven; grondlijnen der etiek; 2de druk. Kampen, Kok.
- BRILLENBURG WURTH, G. 1951. Het Christelijk leven in huwelijk en huisgezin. Kampen, Kok.
- BULTMANN, R. 1961. New Testament and mythology (In Bartsch, H.W. Kerygma and myth; a theological debate by Rudolf Bultmann and five critics. Translation by R.H. Fuller. New York/Evanston, Harper & Row. p. 1-44).
- BUYS, P.W. 1976. Homofilie. In die Skriflig, 10 (37):15-21, Mrt. 1976.
- BUYS, P.W. 1975. Etiek. Klasaantekeninge. Nie in die handel nie.

- BUYTENDACH, F.W. 1972. Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek met betrekking tot die organiese Skrifinspirasie in die nuwere Gereformeerde teologie in Nederland. Amsterdam, Ton Bolland.
- CRONJE, G. 1973. Man en vrou en die huwelik; 3de druk. Kaapstad, HAUM.
- CRONJE, H. e.a. 1973. Aborsie; verslag van die kommissie vir ondersoek insake Christelike etiek vir die mediese praktyk. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.
- DE BRUYN, P.J. 1970. Die sedelikheid in die krisis. Woord en Daad, 12(95):3-5, Augustus 1970.
- DE BRUYN, P.J. 1972. God se tien bakens vir die lewe van die mens; oor die Tien Gebooie. Potchefstroom, Pro Rege.
- De KLERK, W.J., DUVENAGE, B., VAN WYK, J.H., 1972. Roeping en werklikheid. Potchefstroom, Potchefstroom Herald.
- DOUMA, J. 1975. Abortus. Amsterdam, Ton Bolland.
- DOUMA, J. 1973 a. Euthanasie. Groningen, De Vuurbaak.
- DOUMA, J. 1977 a. Het nieuwste boek van Kuitert. De Reformatie, 52:506-507, 14 Mei 1977.
- DOUMA, J. 1973 b. Homofilie. Amsterdam, Ton Bolland.
- DOUMA, J. 1977 b. Reactie prof. dr. H.M. Kuitert. De Reformatie, 52:553-556, 4 Junie 1977.
- DOUMA, J. 1972. Voorbeeld of gebod? Enkele opmerkingen over het Schriftberoep in de ethiek. Amsterdam, Ton Bolland.
- FEENSTRA, J.G. 1956. Leer en Leven; eenvoudig dogmaties leesboek. Kampen, Kok.
- FLETCHER, J. 1974. Situation ethics; the new morality. London, SCM Press.
- FLOOR, L. 1971. Die gesagskrisis. In die Skriflig, 5:3-11, Des. 1971.

- FLOOR, L. 1974. Die koninkryk van God en die vernuwung van die maatskappy. Potchefstroom, Pro Rege-Pers.
- GARDNER, R.F.R. 1975. Abortion; the personal dilemma; 3rd ed. Exeter (Devon), Paternoster Press.
- GEELHOED, A. en DRAIJER, J.W. 1972. Abortus provocatus. Groningen, De Vuurbaak.
- GISPEN, W.H. 1951. Het boek Exodus; 3de druk. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen, Kok.
- GRAAFLAND, C. 1973 a. De actualiteit van het reformato-
risch belijden (In Reformatie: blijvende opdracht!
Kampen, Kok. p. 9-29).
- GRAAFLAND, C. 1973 b. Orthodoxie en orthopraxie (In De
religie van het belijden. Kampen, Kok. p. 79-90).
- GRAAFLAND, C. 1973 c. De visie op de Godservaring in
de theologie van vandaag. Theologia Reformata,
16(3): 206-224, Sept. 1973.
- GRAAFLAND, C. 1973 d. Waarom nog gereformeerd? Kampen, Kok.
- GREIJLDANUS, S. 1953. De brief van den apostel Paulus
aan de Galaten; 3de druk. Korte Verklaring der
Heilige Schrift. Kampen, Kok.
- GROSHEIDE, F.W. 1960. De brief van Paulus aan de
Efeziërs. Commentaar op het Nieuwe Testament.
Kampen, Kok.
- HENDRIKSEN, W. 1962. New Testament Commentary; exposition
of Philipians. Grand Rapids, Baker Book House.
- HEYNS, J.A. 1966. Die evangelie in die krisis. Kaapstad,
Tafelberg.
- HEYNS, J.A. 1970. Die nuwe mens onderweg. Oor die
Tien Gebooie. Kaapstad/Johannesburg. Tafelberg.
- HEYNS, J.A. 1969. Sterwende Christendom? 'n Teologie
in die greep van 'n tydgees. Kaapstad, Tafelberg.
- HEYNS, J.A. 1975. Teologie van die revolusie. Kaapstad,
Tafelberg.

- HONIG, A.G. 1930. Dogmatiek en ethiek. Kampen, Kok.
- JASPERSE, P. 1973. Jong en bejaard zijn in de maastroom. Deel 1. Goes, Oosterbaan & Le Cointre.
- KEET, B.B. 1945. Sedelike vraagstukke. Kaapstad, S.A. Bybelvereniging.
- KUITERT, H.M. 1966. (In Puchinger, G. Gesprekken over: is de Gereformeerde Wereld veranderd? Delft, Meinema. p. 339-362).
- KUITERT, H.M. 1970. Anders gezegd. Een verzameling theologische opstellen voor de welwillende lezer. Kampen, Kok.
- KUITERT, H.M. 1970 b. Jezus opstanding en ons geloof. Voorlopig 2(1): 22-24, 1970.
- KUITERT, H.M. 1969. De mensvormigheid Gods. En dogmatisch-hermeneutische studie over de anthropomorfismen van de Heilige Schrift; 3de druk. Kampen, Kok.
- KUITERT, H.M. 1971 b. De realiteit van het geloof; over de antimetafysische tendens in de huidige theologische ontwikkeling; 4de druk. Kampen, Kok.
- KUITERT, H.M. 1969 a. De wereld valt mee (In Terzake, deel 4, Utrecht, Baarn, p. 55-91).
- KUITERT, H.M. 1969 b. Drie vragen rondom abortus. Gezond gezin, 8: 196-198, 211, Okt. 1969.
- KUITERT, H.M. 1977 b. Een mens gelooft ook wel eens een jaar niet. Voorlopig, 9(9): 279-282. Sept. 1977.
- KUITERT, H.M. 1973. God als genot. Voorlopig, 5(9): 253-257, Sept. 1973.
- KUITERT, H.M. 1969 c. Het is de vrouw die moet beslissen. Gezond gezin, 8: 252-255, 258, Nov. 1969.
- KUITERT, H.M. 1975 b. Het moet van iemand mogen, anders mag het niet. Voorlopig, 7(4): 127-132. Apr. 1975.
- KUITERT, H.M. 1969 d. Kroniek. Gereformeerd Theologisch Tijdschrift (deel 1), 69: 58-66.

- KUITERT, H.M. 1972. Om en om; een bundel theologie en geloofsbezinning. Kampen, Kok.
- KUITERT, H.M. 1971 c. Over trouw in het huwelijk. Voorlopig, 3: 234-242, Jul. - Aug. 1971.
- KUITERT, H.M. 1967. Sociale ethiek en geloof in Jezus Christus. Kampen, Kok.
- KUITERT, H.M. 1971 d. Verstaat gij wat gij leest? Over de uitleg van de bijbel. 10de druk. Kampen, Kok.
- KUITERT, H.M. 1977. Wat heet geloven? Baarn, Ten Have.
- KUITERT, H.M. 1975. Zonder geloof vaart niemand wel; een plaatsbepaling van christendom en kerk; 4de druk. Baarn, Ten Have.
- LINDEBOOM, G. 1970. Vrijere vruchtafdrijving? Kritische beschouwing van een theologisch-etisch pleidooi voor abortus-op-verzoek, tevens inleiding tot het vraagstuk van de liberalisering der zwangerschapsafbreken in Nederland. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn.
- MANTE, A.W. 1975. Begeleiding van ongewenst zwangeren en de toepassing van abortus provocatus in het academisch ziekenhuis te Utrecht; 2de druk. Amsterdam, Buijten & Schipperheijn.
- MARTIN, R.P. 1969. The epistle of Paul to the Philippians; an introduction and commentary; 6th ed. The New Testament Commentaries. London, The Tyndale Press.
- MEIJERS, S. 1970. Verstaat wij Kuitert als we hem lezen? Amsterdam, Buijten en Schipperheijn.
- MOLTMANN, J. 1969 a. Geloof in de toekomst. Uit Duits vertaal deur J.C. Dekkers. Utrecht, Ambo.
- MOLTMANN, J. 1969 b. Theologie van de hoop. Uit Duits vertaal deur J. van de Geijn. Utrecht. Ambo.
- POP, F.J. 1965. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. Nijkerk, Callenbach.

- RIDDERBOS, H.N. 1954. The epistle of Paul to the churches of Galatia. London/Edinburg, Marshall, Morgan en Scott.
- RIDDERBOS, H.M. 1959. Aan de Romeinen. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen, Kok.
- RUNIA, K. S.j. (1976) Vragen van deze tijd. Kampen, Kok.
- SCHIPPERS, R. 1957. Ethiek (In Christelijke Encyclopedie 2; 2de druk. Kampen, Kok).
- SCHIPPERS, R. 1968. Rudolf Bultmann en de ontmythologisering. (In Revolte in de theologie. Nijkerk, Callenbach. p. 157-173).
- SEVERIJN, J. 1961. Spinoza (In Christelijke Encyclopedie, Deel 4; 2de druk. Kampen, Kok. p. 232-233).
- TOORNVLIEET, G. 1949. De waarde van dogma en dogmatiek (In Het dogma der kerk. Groningen, Jan Haan, p. 7-29).
- TROOST, A. 1958. Casuïstiek en situatie-etiek; een methodologisch terreinverkenning. Utrecht, Libertas.
- UNWIN, J.D. 1935. Sexual regulations and cultural behaviour. London, Oxford University Press.
- VAN DEN BERG, J.H. 1970. Medische macht en medische ethiek; 16de druk. Nijkerk, Callenbach.
- VAN DIJK, M.P. 1966. Naar een nieuwe vrijzinnigheid. Franeker, Wever.
- VAN DIJK, M.P. 1977. Theologie tussen gisteren en morgen. Kampen, Kok.
- VAN DIJK, M.P. 1977 b. Het historisch proces van de openbaring. Gereformeerd Weekblad, 33(1):3-5, 1 Jul. 1977 en 33(2): 24-27, 8 Jul. 1977.
- VAN NIFTRIK, G.C. 1971. Kroniek. Kerk en theologie, 22:56-60, 1971.

- VAN OEVEREN, B. 1976. Sola Scriptura - de Schrift alleen? Opbouw, 20:23, 16 Jan. 1976.
- VAN PEURSEN, C.A. 1956. Antropocentrisch. (In Christelijke Encyclopedie 1; 2de druk. Kampen, Kok).
- VAN PEURSEN, C.A. 1959. Metafysica (In Christelijke Encyclopedie 4; 2de druk. Kampen, Kok).
- VAN RIESSEN, H. 1967. Mondigheid en de machten. Amsterdam. Buijten en Schipperheijn.
- VAN WOERDEN, C.B. jnr. 1959. Reformatrische voorlichting over huweliksleven en gezinsvorming. Utrecht, Den Hartog.
- VEENHOF, J. 1977. Het lijden van God-een anthropomorfisme? Gereformeerd Weekblad, 33(1):1-3, 1 Julie 1977.
- VELEMA, J.H. 1974. Een breuk - Zonder geloof vaart niemand wel. Koers, 5:7, 10 Aug. 1974.
- VELEMA, W.H. 1971. Aangepaste theologie. Amsterdam, Buijten & Schipperheijn.
- VELEMA, W.H. 1971 b. Enkele aspecten van het abortusvraagstuk. Theologia Reformata, 14(3): 199-220, September 1971.
- VELEMA, W.H. 1974. Ethiek en pelgrimage; over de bijbelse vreemdelingschap. Amsterdam, Ton Bolland.
- VELEMA, W.H. 1969. Herleving van de natuurlijke ethiek tegen de achtergrond van de secularisatie. Kampen, Kok.
- VELEMA, W.H. 1976. De zaak waarvoor wij staan. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn.
- VISSER, G. 1969. Verstaat prof. Kuitert wat hij leest? Barendrecht, Wesdijk en Liebeek.
- VISSER, A.J. 1975. Karl Marx en Lenin as kerkvaders? Den Haag, Voorhoeve.

KUITERT SE WERKE

Om dit vir die leser makliker te maak om vas te stel na watter boek of artikel van Kuitert verwys word, word hier 'n aparte lys van sy werke gegee in kronologiese volgorde volgens die verskyningsdatum van die boek of artikel wat gebruik is. Slegs die titel word genoem. Volledige besonderhede kan in die lys van geraadpleegde werke gevind word.

- 1966 - Is de Gereformeerde wereld veranderd? (Gesprek met Puchinger).
- 1967 - Sociale ethiek en geloof in Jezus Christus
- 1969 - De mensvormigheid Gods
- 1969 a - De wereld valt mee
- 1969 b - Drie vragen rondom abortus
- 1969 c - Het is de vrouw die moet beslissen
- 1969 d - Kroniek
- 1970 - Anders gezegd
- 1970 b - Jezus opstanding en ons geloof
- 1971 b - De realiteit van het geloof
- 1971 c - Over trouw in het huwelijk
- 1971 d - Verstaat gij wat gij leest?
- 1972 - Om en om
- 1973 - God als genot
- 1975 - Zonder geloof vaart niemand wel
- 1975 b - Het moet van iemand mogen, anders mag het niet
- 1977 - Wat heet geloven?
- 1977 b - Een mens gelooft ook wel eens een jaar niet